

**Die moontlikhede wat onderskrifte
die SABC-TV bied in die erkenning en
beskerming van taalregte**

Jacobus Alwyn Kruger Olivier

Die moontlikhede wat onderskrifte die SABC-TV bied in die erkenning en beskerming van taalregte

Jacobus Alwyn Kruger Olivier

BA(Hons), NGOS

Verhandeling voorgelê vir die graad Magister Artium
in Taalpraktyk
aan die
Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys

Studieleier: Prof. M.M. Verhoef
Medestudieleier: Dr. J.-L. Kruger
Hulpstudieleier: Prof. J. Swanepoel

Vanderbijlpark
2003

J.A.K. Olivier (2003)

© J.A.K. Olivier (2005)

Submitted as MA thesis at the Potchefstroom University for
Christian Higher Education.

INHOUDSOPGAWE

OPSOMMING.....	vi
SUMMARY.....	viii
KAKARETSO.....	x
DANKBETUIGING.....	xii
LYS VAN TABELLE.....	xiii
LYS VAN DIAGRAMME.....	xiv
HOOFSTUK 1: Inleiding.....	1
1.1 Probleemstelling.....	1
1.2 Doelstellings.....	6
1.3 Basiese hipotese.....	7
1.4 Navorsingmetode.....	7
HOOFSTUK 2: Taalregte onder die soeklig.....	9
2.1 Inleiding.....	9
2.2 Taalregte en menseregte.....	9
2.3 Taalregte en die menseregtekultuur in Suid-Afrika.....	14
2.3.1 Agtergrond.....	14
2.3.2 Die taalbepalings in die <i>Grondwet</i>	16
2.3.2.1 Artikel 6.....	16

2.3.2.2	Artikel 9 (3) en (4).....	18
2.3.2.3	Artikel 29 (2).....	19
2.3.2.4	Artikel 30.....	20
2.3.2.5	Artikel 31.....	20
2.3.2.6	Samevatting.....	22
2.4	Tersaaklike wetgewing in Suid-Afrika wat op taalregte betrekking het.....	23
2.4.1	PanSAT.....	23
2.4.2	Kommissie vir die Bevordering en Beskerming van die Regte van Kultuur-, Godsdiens- en Taalgemeenskappe.....	25
2.5	Taalregte in taalsosiologiese verband.....	26
2.5.1	Taal as probleem, hulpbron of reg.....	26
2.5.2	In aanloop tot 'n werksdefinisie van die begrip taalregte.....	29
2.5.3	'n Werksdefinisie van taalregte op grond van regter Albie Sachs se indeling.....	30
2.6	Die verband tussen taalregte en minderheids- en kulturele regte.....	32
2.7	Die kwessie van taalregte as individuele of groepsregte.....	38
2.8	Internasionale dokumente rakende taalregte.....	43
2.9	Taalregte in Afrika.....	49
2.10	Gevolgtrekking.....	53
HOOFSTUK 3: Die SABC en die erkenning en beskerming van taalregte.....		54
3.1	Inleiding.....	54
3.2	Taalregte en die uitsaaiwese.....	54
3.3	Die SABC en taal.....	57
3.3.1	Geskiedenis van die SABC.....	57
3.3.2	Die taalmandaat van die SABC.....	60
3.3.2.1	Tersaaklike wetgewing wat die SABC-taalsake bereël.....	60

3.3.2.2	Die SABC se taalbeleid.....	64
3.4	Die SABC se hantering van kykers se taalvoorkeure.....	69
3.4.1	Inleiding.....	69
3.4.2	Die reg om 'n taal te gebruik.....	71
3.4.3	Die reg om 'n taal te ontwikkel.....	72
3.4.4	Die reg om verstaan te word en ander tale te verstaan.....	73
3.4.5	Die reg om nie teen gediskrimineer te word op grond van taal nie.....	74
3.5	Gevolgtrekking.....	75

HOOFSTUK 4: Onderskrifte en die rol wat dit kan speel in die erkenning en beskerming
van taalregte deur SABC-TV.....

	van taalregte deur SABC-TV.....	76
4.1	Inleiding.....	76
4.2	Onderskrifte as skermvertaling.....	77
4.2.1	Kontekstualisering en begripsomskrywing van skermvertaling.....	77
4.2.2	Onderskrifte teenoor lipgesinchroniseerde oorklanking.....	79
4.2.3	Soorte onderskrifte.....	83
4.2.3.1	Inter- en intratalige onderskrifte.....	83
4.2.3.2	Oop en geslote onderskrifte.....	84
4.2.3.3	Regstreekse onderskrifte.....	84
4.2.4	Tegniese riglyne en parameters ten opsigte van onderskrifte....	85
4.2.4	Linguistiese riglyne en parameters ten opsigte van onderskrifte.....	89
4.3	Onderskrifte in Suid-Afrika.....	93
4.4	Uitvoerbaarheidseis.....	94
4.4.1	Finansiële oorwegings.....	94

4.4.2	Streeksuitsendings.....	99
4.4.3	Tweetalige onderskrifte.....	102
4.4.4	Spilonderskrifte.....	104
4.4.5	Gevolgtrekking.....	105
4.5	Implikasies van die implementering van onderskrifte vir die realisering van die SABC se taalmandaat.....	105
4.5.1	Die gebruik van onderskrifte deur SABC-TV vir taalregte soos onderskei deur Sachs.....	105
4.5.1.1	Die reg om 'n taal te gebruik.....	105
4.5.1.2	Die reg om 'n taal te ontwikkel.....	106
4.5.1.3	Die reg om verstaan te word en ander tale te verstaan.....	107
4.5.1.4	Die reg om nie teen gediskrimineer te word op grond van taal nie.....	108
4.5.2	Taalbeplanning.....	109
4.5.2.1	Statusbeplanning.....	109
4.5.2.2	Korpusbeplanning.....	110
4.6	Gevolgtrekking.....	113
HOOFSTUK 5: Gevolgtrekkings en aanbevelings.....		115
5.1	Inleiding.....	115
5.2	Gevolgtrekkings.....	115
5.2.1	Taalregte.....	115
5.2.2	SABC-TV en die erkenning en beskerming van taalregte.....	116
5.2.3	Die rol van onderskrifte in die erkenning en beskerming van taalregte.....	118
5.3	Aanbevelings.....	119

5.3.1	Voorgestelde implementeringsplan van onderskrifte om die erkenning en beskerming van taalregte te fasiliteer.....	119
5.3.2	Moontlike ontginningsvelde vir verder studies.....	122
GLOSSARIUM.....		124
BIBLIOGRAFIE.....		126
SAAKREGISTER.....		152

OPSOMMING

Die mate waartoe die SABC as openbare uitsaaier gestalte gee aan sy taalbeleid en gepaardgaande taalmandaat, teen die agtergrond van 'n ondersoek oor taalregte, vorm die sentrale probleemstelling vir hierdie navorsing.

Dit word allerweë erken dat taalregte 'n moeilik definieerbare begrip is. Hoewel die taalsosiologiese literatuur hierdie begrip enersyds assosieer met minderheids- en kulturele regte, word toegegee dat dit ook persoonsregte kan wees. Volgens die *Grondwet van die Republiek van Suid Afrika*, 1996, is dit duidelik dat taalregte as individuele regte gesien word wat in 'n bepaalde gemeenskap uitgeoefen kan word. Hoewel hierdie verhandeling 'n omvattende juridiese en taalsosiologiese verklaring van die begrip *taalregte* gee, word die omskrywing van regter Albie Sachs as werksdefinisie vir die doel van hierdie navorsing gebruik. Sy onderskeid tussen die volgende vier fundamentele taalregte, naamlik: (i) die reg om 'n taal te kan gebruik; (ii) die reg om 'n taal te kan ontwikkel; (iii) die reg om verstaan te kan word en ander tale te kan verstaan asook (iv) die reg om nie teen gediskrimineer te word op grond van jou taal nie, bied 'n handige ondersoeksinstrument aan die hand waarvan bepaal word tot watter mate taalregte deur die SABC-TV erken en beskerm word.

Daar word bevind dat, ondanks die beleidsdokumente op nasionale en korporatiewe vlak wat die gelyke aansien en behandeling van die veelheid Suid-Afrikaanse tale in die oog het, dit inderdaad gebeur dat die SABC-TV in gebreke bly om gestalte te gee aan die taalregte van individue wat aan inheemse minderheidstaalgroepe in Suid-Afrika behoort. Om hierdie rede stel hierdie navorsingsverslag voor dat die uitvoerige implementering van onderskrifte, as vorm van skermvertaling wat verskil van lipgesinchroniseerde oorklanking, 'n pertinente bydrae kan lewer tot die erkenning en beskerming van taalregte deur die SABC-TV.

Benewens 'n bespreking van wat onderskrifte presies behels, die tegniese aard en spesifieke parameters daarvan, word 'n haalbaarheidstudie ingesluit waardeur die

bekostigbaarheid hiervan vir die SABC-TV aangetoon word. Daar word bevind dat hierdie vorm van skermvertaling ideaal is vir die Suid-Afrikaanse situasie omdat dit goedkoper is as lipgesinchroniseerde oorklanking en die skep van nuwe televisieprogramme, maar ook omdat dit effektief toegepas kan word in streeksuitsendings. Ook word aangetoon dat die gebruik van tweetalige onderskrifte en spilonderskrifte alternatiewe is wat oorweeg kan word.

Die wesentlike is egter dat bevind word dat onderskrifte inderdaad ook 'n bydrae kan lewer tot die manier waarop die SABC, as openbare uitsaaier, erkenning en beskerming gee aan die fundamentele taalregte van die veelheid Suid-Afrikaners wat aan verskillende taalgemeenskappe in Suid-Afrika behoort.

SUMMARY

The degree to which the SABC as public broadcaster gives shape to its language policy and language mandate, against the background of an investigation of language rights, establishes the central problem statement of this research.

It is widely acknowledged that it is difficult to define the concept of language rights. Although the language-sociological literature associates this concept with minority and cultural rights, it can also be seen as individual rights. According to the *Constitution of the Republic of South Africa*, 1996, it is clear that language rights should be seen as individual rights that can be exercised within a particular community. Although this dissertation provides an extensive juridical and language sociological explanation of the concept of *language rights*, the description by Judge Albie Sachs will be used as a working definition for this research. His division between the following four fundamental language rights, viz.: (i) the right to use your language; (ii) the right to develop your language; (iii) the right to be understood and to understand other languages as well as (iv) the right not to be discriminated against because of your language, provides a useful investigation instrument with which the degree to which the SABC-TV acknowledges and protects language rights can be measured.

It is found that despite the policy documents on national and corporate level that has equal consideration and treatment of the diverse South African languages in mind, it still happens that the SABC-TV fails to give form to the language rights of individuals that belong to indigenous minority language groups in South Africa. Due to this, the research suggests that the extensive implementation of subtitles, as a form of screen translation that differs from lip synchronised dubbing, can make a significant contribution to the acknowledgement and protection of language rights by the SABC-TV.

In addition to a discussion on what subtitles entail, the technical nature and specific parameters thereof, a feasibility study is included within which the affordability of this project for the SABC-TV is indicated. It is found that this form of screen translation is

ideal for the South African situation because it is cheaper than both lip synchronised dubbing and the creation of new television programmes, but also because it can effectively be employed in regional broadcasts. Furthermore, the use of bilingual subtitles and pivot subtitles are also alternatives that may be considered.

It is essential though that subtitles can indeed contribute to the way in which the SABC, as a public broadcaster, acknowledges and protects the fundamental language rights of the multitude of South Africans that belong to different language communities in South Africa.

KAKARETSO

Bokgoni ba mokgatlo wa kgaso wa Afrika Borwa (SABC) jwalo ka kgaso ya setjhaba mabapi e bopang leano la puo le phethatso ya boikarabelo ba yona puong, ho shebilwe phuphutso ya ditokelo tsa puo, le ho rala mokotaba wa phuputso ena.

Ke taba e setlwaeding ya hore ho thata ho hlalosa mohopolo wa ditokelo tsa puo. Le ha dingolwa tsa puo phedisanong di amahanya mohopolo ona le maqulwananyana ha mmoho le ditokelo tsa meetlo, sena se ka boela sa tadingwa e le ditokelo tsa motho ka bomong. Ho ya ka molaotheo wa Afrika Borwa, wa 1996, ho totobetse hore ditokelo tsa puo di lokela ho tadingwa e le ntho ya motho ka bomong ba hae, e leng ntho eo a ka e phethahatsang ka hara setjhaba se itseng. Le ha phuputso ena e fana bomolao bo batsi ha mmoho le tlhaloso ya mopolo wa ditokelo tsa puo phedisanong, tlhaloso ya Moahlodi Albie Sachs e tla sebediswa e le motheo o sebatsang wa phuputso ena. Ho etsa phapang ha hae pakeng tsa ditokelo tsa motheo tse nne, e leng, (i) tokelo ya motho ya ho sebedisa puo ya hae; (ii) tokelo ya motho ya ho ntshetsa puo; tokelo ya ho utlwisisuwa le ho utlwisisa dipuo tse ding ha mmoho (iv) tokelo ya ho se kgethollwe ka lebaka la puo, di fana ka sebetsa se molemo seo ka sona SABC-TV e ka itekanyang mabapi le ho ananela le ho sireletsa ditokelo tsa puo.

Ho fumanehile hore le ha ho na le ditokomane tsa leano boemong ba naha le ba mesebetsing tse toboketsang tekatekano ya ho lemoha le ho sebedisa puo methating yohle ya dipuo tsa Mafrika, SABC-TV e ntse e tswela pele ho sitwa ho fihlella mothati wa ditokelo tsa puo matswallweng a methwaela a buang dipuo tsena Afrika Borwa. Ka lebaka lena, phuphutso ena e kgothaletsa hore ho sebediswe mokgwa o batsi wa dihloohwana ho fetolela mengolo e bonwang thelevisheng, kgahlanong le puo e etsiswang ka dipounama, hobane mokgwa o ka thusa SABC-TV ho ananela le ho sireletsa ditokelo tsa puo.

Ho phahella hodima puisano ya hore dihloohwana di kenyeletsa eng, botekiniki le dintlhana tse qollehileng tsa tsona, thuto ya kgonahalo e akareditswe projekeng ena, ho

supa bokgoni ba SABC-TV jwalo ka ha ho boletswe. Ho fumanehile hore mokgwa wa phetolelo lesireng la TV o ka ba le molemo Afrika Borwa hobane ditjeho di ka tlase papisong le bonketsisane ba dipounama ha mmoho le ho qapa diprograma tse ntjha, ebile o ka sebediswa dikgasong tsa mabatowa. Ntle le mona, tshebediso ya puopedi ya dihloohwana le tshiya ya dihloohwana, di ka fapanyetsana.

Ho hlokolosi ke hona ho lemoha ka moo dihloohwana di ka thusang SABC-TV, e leng kgaso ya setjhaba ka teng, ho ananela le ho baballa ditokelo tsa motheo tsa puo tsa bongata ba Mafrika Borwa ao e leng dihlopha tse fapaneng tsa dipuo Afrika Borwa.

DANKBETUIGING

Opregte dank aan:

- ♦ My studieleier prof. Marlene Verhoef vir die leiding en hulp in die voltooiing van hierdie studie.
- ♦ My medestudieleier dr. Jan-Louis Kruger vir die bydrae rondom veral onderskrifte en my hulpstudieleier Prof. Jan Swanepoel vir sy bydrae ten opsigte van taalregte.
- ♦ My voorgraadse dosente wat bygedra tot my vorming as mens en wetenskaplike navorser. In besonder: mev. G. Wybenga, dr. A. Nel en dr. I. Esterhuizen.
- ♦ Prof. Thapelo Selepe vir die Sesotho vertaling van die opsomming en gesprekke rondom harmonisering.
- ♦ Die personeel van die Ferdinand Postma Biblioteek.
- ♦ Die Deense Demokrasiefonds vir die beurs vir my voorbereidende studies rondom onderskrifte in Denemarke. Veral ook dr. Cay Dollerup en dr. Henrik Gottlieb van die Universiteit van Kopenhagen asook die personeel van die *Kongelige Bibliotek* in Kopenhagen. Tak for Deres direkte eller indirekte hjælp eller bidrag.
- ♦ My ouers vir al die ondersteuning, hulp en aanmoediging.
- ♦ Louise, vir die waardevolle insette, kommentaar, hulp en liefde.
- ♦ My Hemelse Vader.

***L*YS VAN TABELLE**

TABEL 2.1 : SENSUSDATA VAN DIE TAALVERSPREIDING IN SUID- AFRIKA.....	35
TABEL 2.2 : INDELING VAN AMPTELIKE TALE IN AFRIKA.....	52
TABEL 3.1 : KANAALVERSPREIDING BY DIE SABC-TV.....	59
TABEL 3.2 : TAALVERSPREIDING OP DIE SABC-TV.....	70
TABEL 3.3 : ENGELSE TAALVERMOË DEUR SPREKERS VAN ANDER TALE.....	73
TABEL 4.1 : VOORDELE EN NADELE VAN DIE GEBRUIK VAN ONDERSKRIFTE.....	82
TABEL 4.2 : STRATEGIEË VIR DIE SKEP VAN INTERTALIGE ONDERSKRIFTE.....	92
TABEL 4.3 : MINIMUM- EN MAKSIMUMDUUR VAN ONDERSKRIFTE.....	86
TABEL 4.4 : LETTERTIPES VIR GEBRUIK MET ONDERSKRIFTE.....	88
TABEL 4.5 : AANBIEDINGSWYSE VAN ONDERSKRIFTE.....	88
TABEL 4.6 : SABC INKOMSTESTATE VAN DIE AFGELOPE VYF JAAR.....	95
TABEL 4.7 KOSTE PER MINUUT VIR DIE VERVAARDIGING VAN TELEVISIEPROGRAMME.....	96
TABEL 4.8 : FAKTORE BELANGRIK VIR DIE PRYS VAN LIPGESINCHRONISEERDE OORKLANKINGS.....	97
TABEL 4.9 : FAKTORE BELANGRIK VIR DIE PRYS VAN ONDERSKRIFTE.....	98
TABEL 4.10 : GESKATTE KOSTE VIR ONDERSKRIFTE IN DIE NGUNI- EN SOTHOTALE.....	98
TABEL 4.11 : INDELING VAN TALE PER PROVINSIE EN STREEK.....	101

*L*YS VAN DIAGRAMME

DIAGRAM 2.1 :	STRATIFIKASIE VAN DOMINANTE EN MINDER DOMINANTE TALE IN SUID-AFRIKA.....	27
DIAGRAM 4.1 :	DIE HIËRARGIE VAN MULTIMEDIAVERTALING.....	77
DIAGRAM 4.2 :	PROSES VAN LIPGESINCHRONISEERDE OORKLANKING.....	79
DIAGRAM 4.3 :	PROSES VAN ONDESKRIFVERTALING.....	80
DIAGRAM 4.4 :	SKERMUTTLEG EN POSISIE VAN DIE ONDESKRIFLYNE.....	87

HOOFSTUK 1 : Inleiding

1.1 Probleemstelling

Dit blyk uit artikels 6(1)-(5); 29(2); 30; 31(1)(a), (b) van die *Grondwet*¹ van die Republiek van Suid-Afrika, 1996² dat Suid-Afrikaners se taalregte in beginsel beskerm word. Hier word menswaardigheid en die beskerming teen onbillike diskriminasie³ ook beklemtoon. Volgens Venter (1998a:1-2) hang die betekenis van bepalings in die *Grondwet* af van die grondliggende waardes waarop die *Grondwet* berus, waaronder menswaardigheid, gelykheid, die erkenning en bevordering van menseregte en vryheid. Daar word verder geredeneer dat die *Handves van Regte* as “hoeksteen van die demokrasie in Suid-Afrika”⁴ gereken word wat die regte van mense in die land verskans en die demokratiese waardes van menswaardigheid, gelykheid en vryheid bevestig. Omdat verder gereken word dat die kwessie van menswaardigheid as ’n primêre kernwaarde van die *Grondwet* optree (vgl. Venter, 1998a:29), kan geargumenteer word dat taalregte waarskynlik ingereken word by die hele kwessie van menswaardigheid. Trouens, Venter (1998a:52) maak ’n saak daarvoor uit dat die formulering van artikel 6 sodanig is dat dit nie gaan om die status van bepaalde tale nie, maar juis om die erkenning en beskerming van die taleverskeidenheid in Suid-Afrika.

Hierdie perspektief werk juis verhelderend in op die sentrale probleem in hierdie studie. Roodt (1999) merk op dat die reg tot taal in werklikheid ’n reg tot ’n gemeenskapsidentiteit is en dat mense hul identiteit deur taal en onderwys uitdruk. In weerwil hiervan bestaan ’n gevestigde persepsie dat die taleverskeidenheid in Suid-Afrika misken word⁵ en dat persone in Suid-Afrika se taalregte uiteindelik hierdeur aangetas word. Dit gebeur nie net op nasionale, provinsiale en plaaslike regeringsverband dat net een taal (gewoonlik Engels) - in weerwil van artikel 6 (3)(a) en (b) as administrasie- en

¹ Vergelyk *S v Zuma* en *S v Makwanyane* omtrent die oppergesag van die *Grondwet*.

² Hierna word na die *Grondwet* van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 slegs verwys as die “*Grondwet*”.

³ Vir die toets vir onbillike diskriminasie in die Suid-Afrikaanse reg, vergelyk *Harksen v Lane*.

⁴ *Grondwet*, artikel 7(1)

⁵ Vergelyk Alexander (2001:115-117) en Webb (2002:26-28).

werkstaal gebruik word nie - maar ook dat die SABC⁶ as openbare uitsaaier die taalregte van individue uit gemarginaliseerde taalgemeenskappe misken. Engels word ook byvoorbeeld verder bevoordeel in die regering (vgl. Du Plessis, 2000:106;), openbare sektor (vgl. Langtag, 1996:156; PanSAT, 2000:4), regstelsel (Malan, 1998:696 e.v.), onderwys (vgl. Louw, 1996; PanSAT, 2000:6-7) en die openbare uitsaaiewese (vgl. Maake, 2000:10; Kruger & Kruger, 2001:17).

Soos uit hierdie en ander dokumente en studies duidelik is, kan die ongebreidelde voorkeur aan Engels ten koste van enige van die ander amptelike tale vertolk word as aantasting van die taalregte van sprekers van alle ander taalgemeenskappe. Dit vind veral ook, soos reeds genoem, plaas by die SABC as openbare uitsaaier (vgl. Van Rensburg *et al.*, 2001:34 e.v. en Kruger & Kruger, 2001:6-7, 11).

Die saak word in die besonder gereleveer indien hierby geargumenteer word dat die erkenning van diversiteit 'n basisaanname van Hoofstukke 1 en 2 van die *Grondwet* is. Om hierdie rede sou die beskerming van die taalregte van persone wat verskillende tale praat se negatiewe keersy dalk juis as onbillike diskriminasie beskou kan word, omdat individue se menswaardigheid daardeur misken word. Dit is duidelik dat die *Grondwet* en spesifiek die *Handves van Regte* die regte van persone beskerm en dat regte in Suid-Afrika as individuele regte gesien word.

Teen hierdie agtergrond verleen die uitspraak van Sachs (1994:110), waar hy dit het dat individue die reg het om nie [onbillik] teen gediskrimineer te word nie, besondere aktualiteit aan die manier waarop die SABC met die hantering van veeltaligheid omgaan. Sachs (1994:110) merk op: “[c]orresponding to these affirmative rights, is the negative right not to be discriminated against because of your language”. Die implikasie hiervan is

⁶ Hoewel die begrip **SAUK** deur byvoorbeeld die Afrikaanse dagbladpers gebruik word, word vir die doel van hierdie studies volstaan met **SABC** omdat die korporasie self voorkeur aan die Engelse naam gee. Verder vergemaklik dit die onderskeid tussen die SAUK/SABC voor 1996 en die hergestruktureerde korporasie na 1996. (Vgl. Merham, 1998:214.)

dat, indien die SABC – juis omdat hy die openbare uitsaaier is – dan ’n bewuste keuse maak om een taal bo ander tale te bevoordeel, dit ’n situasie van onbillike *taaldiskriminasie* skeep.

Dat die persepsie bestaan dat die media en uitsaaiwese ’n rol te speel het in die bevordering van ’n meertalige bestel, word duidelik uit navorsing wat PanSAT⁷ in 2000 onderneem het (PanSALB, 2001). Hiervolgens dui 23% van die respondente, uit ’n sosiolinguistiese ondersoek omtrent taalgebruik en taalinteraksie, aan dat die media ’n groot invloed het op die verwesenliking van die meertalige taalbeleid (PanSALB, 2001:9).

Dit is insiggewend dat die SABC steeds die taalbeleid onderskryf wat in 1995 opgestel is en wat gebaseer is op die Grondwet van Suid-Afrika⁸, die Onafhanklike Uitsaaioverheidwet⁹ en hul eie visie en waardes (SABC, 1995). Hoewel die SABC hierdeur die gelyke status van alle amptelike tale in Suid-Afrika erken en toegee dat hulle onder verpligting staan om alle Suid-Afrikaners se behoeftes op omvattende wyse te verreken in hul programaanbod, voer hulle ook aan: “[b]ecause many South Africans are multi-lingual and share some languages in common, shared languages enable people with different home languages to communicate and to share programmes” (SABC, 2002a).

Dit word dus duidelik dat die korporasie enersyds erkenning aan die veeltaligheid van die samelewing gee, maar andersyds kom dit voor of hulle, deur die uitvoering van hul taalbeleid, die regte van diegene wat nie die tale magtig is wat deur hulle geakkommodeer en gebruik word nie, aantast. Dit is duidelik dat die bevoorregting van Engels bo die ander Suid-Afrikaanse tale ’n aantasting van die meertalige aard van Suid-Afrika is, soos in artikel 6(1) weergegee. Die spanning tussen die *de jure* en *de facto* taalsituasie verhoog verder wanneer die volgende nagespeur word: “[e]xisting imbalances between English,

In hierdie verhandeling verwys die term SABC na die moedermaatskappy, die *South African Broadcasting Company*, en SABC-TV na die televisie-afdeling daarvan.

⁷ Die afkorting PanSAT word in hierdie studie gebruik vir die Pan Suid-Afrikaanse Taalraad alhoewel daar alternatiewe vorme bestaan, soos: Pansat en PANSAT (Engels: PanSALB).

⁸ Hier word verwys na die interimgrondwet – *Grondwet van die Republiek van Suid Afrika*, 1993.

Afrikaans and the nine African languages with regard to time allocation, content, quality of services, transmitter coverage and allocation of financial and other resources, shall be rectified to meet the requirements of equity” (SABC, 1995). Dit word dan so gerealiseer dat ongeveer 90% van alle programaanbod vir die televisiekanale Engels is. Die hele kwessie se aktualiteit verhoog indien daarby bereken word dat die gemiddelde taalverspreidingstatistiek tydens spits tyd (18:00 tot 22:00) vir die tydperk 2002/2003 soos volg daar uitsien: 10.77% Afrikaans, 72.91% Engels, 4.32% Sotho¹⁰, 5.73% Nguni¹¹ en 6.25% vir meertalige programme (met Xitsonga en Tshivenda ingesluit) (SABC, 2003b:68). Die oënskynlike onbillike diskriminasie teen veral IsiNdebele, Xitsonga en Tshivenda deur die SABC-TV word ook deur Mathivha (1997:10) bespreek.

Uit die voorafgaande kan die gevolgtrekking gemaak word dat daar ’n wanverhouding bestaan tussen die tale wat deur kykers gepraat word en die taalverspreiding van programme. Hierdie feit staan in botsing met die gees van die *Grondwet* waar die beskerming van taalregte duidelik geïmpliseer word. Daarby druis dit ook in teen die SABC se visie en waardes waar die gelyke status van al die amptelike tale in Suid-Afrika erken word. Selfs in die nuwe konseptaalbeleid (SABC, 2003a) word die gebruik van al die amptelike tale weereens bevestig.

Volgens die SABC (2002a) en Joubert (1999:11) is geldelike tekorte die hooforsaak vir die gebrek aan veeltaligheid, en by implikasie dan ook die rede vir die miskenning van taalregte deur die SABC-TV. Daarby merk Barnett (2000:76-77, 81) op dat die toenemende afhanklikheid aan advertensie-inkomste, sowel as watter taalgemeenskappe deur adverteerders geteiken word, die SABC noop om sy “ambitious language mandate” in heroerweging te neem.

⁹ *Wet op ’n Onafhanklike Uitsaaierverheid*, 153 van 1993.

¹⁰ Taalgroepering wat Sesotho, Sepedi (Noord-Sotho) en Setswana insluit.

¹¹ Taalgroepering wat isiZulu, isiXhosa, isiNdebele en SiSwati insluit, maar in vroeëre statistiek is isiNdebele nie hierby ingesluit nie.

Aangesien die SABC (2002a) opmerk dat dit gewoon te duur en onprakties sal wees om alle Suid-Afrikaanse tale dieselfde lugtyd te gee, is dit duidelik dat 'n ander uitweg gesoek moet word. Hierdeur moet die uitsaaikorporasie in staat gestel word om erkenning te gee aan die taalregte van die verskeidenheid taalgemeenskappe wat deur hom bedien word. Dit moet geskied teen die agtergrond van die eis om die bevordering van meertaligheid deur die *Grondwet*, maar ook omdat die uitsaaikorporasie se eie taalbeleid dit bepaal.

Op grond van die voorafgaande beredenering is die oorkoepelende navorsingskwessie wat met hierdie studie hanteer moet word, die meewerk tot 'n oplossing vir die taaldilemma waarin die SABC as openbare uitsaaier hom bevind. Veral wanneer dit gaan om die oënskynlik simplistiese hantering van taalsake waardeur nie alleen die veeltalige taalbeleid en die verskeidenheid taalgemeenskappe wat bedien word, genegeer word nie, maar waardeur individue behorende tot sodanige taalgemeenskappe se taalregte uiteindelik misken word. Teen die agtergrond van Kruger *et al.* (2000:8-9) se stelling dat onderskrifte 'n nuttige instrument is waardeur meertaligheid bevorder word (en by implikasie ook taalregte beskerm en erken word), is dit die oorhoofse doel met hierdie studie om ondersoek in te stel na die wyses waarop dié vertaalmetode deur die SABC ingespan kan word om programmateriale ook in ander tale as Engels beskikbaar te stel.

Die term *onderskrifte* word gebruik om na “subtitles” (Engels) te verwys. Hierdie term word vir die doel van hierdie studie naas die Afrikaanse weergawe *subtitels* en die Nederlandse *ondertitels* gebruik. Vir die werkwoord “subtitling” sal *onderskryfvertaling* en vir die selfstandige naamwoord “subtitler” dus *onderskryfvertaler*, of die wyer term *skermvertaler*, gebruik word. In Amerikaanse tekste word die woord “captions” gebruik om na intratalige onderskrifte te verwys, terwyl “subtitles” intertalige onderskrifte is. (Vergelyk ook 4.2.3.1 vir meer omtrent hierdie onderskeid.) Vir die doel van hierdie bespreking word die Europese tradisie gevolg waar “subtitles” na *onderskrifte* verwys en “captions” na *naamtitels* en teks wat reeds in die oorspronklike beeldteks voorkom.

Dit word op grond van die voorafgaande kontekstualisering duidelik dat sekere probleemvrae na vore kom word wat nadere ondersoek verg:

- ♦ Wat is taalregte en hoe word dit in meertalige samelewings gerealiseer?

- ♦ Op watter manier verreken die SABC-TV se uitsaaipraktyk 'n sensitiviteit vir die taalregte van persone wat tot gemarginaliseerde taalgemeenskappe in Suid-Afrika behoort teen die agtergrond van tersaaklike beleidsdokumente en nasionale wetgewing?
- ♦ Watter rol kan onderskrifte speel in die erkenning en beskerming van taalregte deur die SABC-TV en aan watter stel kriteria moet onderskrifte voldoen om gehoor te gee aan die eis?

1.2 Doelstellings

Op grond van die voorafgaande kontekstualisering en probleemstelling het hierdie ondersoek breedweg ten doel om te bepaal tot watter mate die gebruik van onderskrifte deur die SABC-TV 'n bydrae kan lewer tot die erkenning en beskerming van taalregte in meertalige Suid-Afrikaanse verband.

Hierdie algemene doelstelling word aan die hand van die volgende spesifieke doelwitte nagejaag:

- ♦ Ten eerste het die navorsing ten doel om te bepaal wat taalregte is en wat dit binne die Suid-Afrikaanse en internasionale konteks beteken. Met verrekening van May (2001) en Henrard (2001a) se aannames dat taalregte met minderheidsregte en ook met internasionale reg, geassosieer word, geskied dié verklaring teen die agtergrond van internasionale bepalinge wat met taalregte te make het.
- ♦ Tweedens kom die SABC-TV se hantering van hul taalsake krities onder die soeklig en word spesifiek aandag gegee aan die manier waarop die korporasie sy taalmandaat realiseer en 'n sensitiviteit vertoon vir die erkenning en beskerming van taalregte in Suid-Afrika, teen die agtergrond van tersaaklike beleidsdokumente en nasionale wetgewing in dié verband.

- ♦ Derdens kom die rol wat onderskrifte kan speel in die erkenning en beskerming van taalregte deur die SABC-TV aan die orde. Dit geskied veral teen die agtergrond van die SABC (1995) se aanname dat onderskrifte 'n goedkoop alternatief bied vir gelyktydige taaltoegang tot bepaalde programme.

1.3 Basiese hipotese

Op grond van Kruger *et al.* (2000:8-9) se stelling dat onderskrifte 'n nuttige instrument is waardeur meertaligheid bevorder (en by implikasie ook taalregte beskerm en erken) kan word, word geponeer dat, indien dié vertaalmetode deur die SABC geoptimaliseer word en programmatiaal in groter mate ook in ander tale as Engels beskikbaar gestel word, dit sal meewerk tot 'n oplossing vir die taaldilemma waarin die SABC, as openbare uitsaaier, hom bevind. Dit word gestel dat onderskrifte nie net die veeltalige taalbeleid en die verskeidenheid taalgemeenskappe wat bedien word, sal dien nie, maar ook dat individue behorende tot sodanige taalgemeenskappe, se taalregte uiteindelik daardeur erken en beskerm sal word.

1.4 Navorsingmetode

Die verskillende doelwitte vir die navorsing word aan die hand van die volgende metodes ondersoek:

- ♦ Die begrip *taalregte* word vanuit 'n juridiese en taalsosiologiese hoek benader en die agtergrond daarvan in Suid-Afrika word aan die hand van 'n uitgebreide literatuurondersoek nagespeur. Aandag word ook gegee aan bepaalde rigtinggewende internasionale bepalinge rakende taalregte wat ook as minderheidsregte beskou word.
- ♦ Die kritiese beskouing van SABC-TV se hantering van hul taalsake geskied aan die hand van waarneming van die wyse waarop die korporasie die afgelope twee jaar hul taalmandaat gerealiseer het teen die agtergrond van die totstandkoming van 'n nuwe politieke bestel in Suid-Afrika. Hierdie waarneming word gerig deur

'n omvattende bestudering van beleidsdokumente, SABC-navorsingsresultate en uitsaaiskedules. Die beoordeling van die versamelde inligting geskied teen die agtergrond van Steyn (1990:40) se opmerking dat taalregte verwys na “ten minste die reg van die individu om sy eie taal te gebruik (of te laat gebruik)” en Sachs (1994:110) se onderskeid tussen drie tipes positiewe fundamentele taalregte: “[t]he right to use your language”, “[t]he right to develop your language”, “[t]he right to be understood and to understand other languages” en die negatiewe reg van die “right not to be discriminated against because of your language”.

- ♦ Die rol wat onderskrifte kan speel in die erkenning en beskerming van taalregte deur die SABC-TV word nagevors aan die hand van aanvaarde tegniese vereistes vir onderskrifte en die uitsaaiwese in die algemeen in meertalige samelewings, soos gestel deur internasionale en ander tersaaklike bronne (vgl. O’Connell, 2000:169-174; Nir, 1984:81-97; Hassanpour, 1999b:223-241; Luyken *et al.*, 1991:60; Nhlapho, 1948:1-22 en Alexander, 2000:171-175). 'n Haalbaarheidstudie word gedoen met betrekking tot die moontlikhede wat streeksuitsendings die SABC in dié verband bied, sowel as ondersoek na die tegniese vereistes vir tweetalige onderskrifte en die moontlikhede tot harmonisering van die Nguni- en Sothotalgroeperings. Dit word gedoen ten einde te bepaal op watter manier die SABC in staat gestel kan word om sy taalmandaat te realiseer en om individue behorende tot diverse taalgemeenskappe in Suid-Afrika se taalregte te erken en te beskerm. Die doel met hierdie haalbaarheidstudie is die formulering van kriteria waaraan 'n geïmplementeerde onderskriftebeleidstrategie moet voldoen om beskou te kan word as moontlike oplossing vir die SABC se taalkwessie soos dit in die probleemstelling na vore gekom het.

HOOFSTUK 2 : Taalregte onder die soeklig

2.1 Inleiding

Die doel met hierdie hoofstuk is om teen die agtergrond van die breë doelstelling van hierdie studie, spesifieke aandag vanuit die juridiese en taalsosiologiese hoek te gee aan die begrip *taalregte*. Ook word aangedui watter tersaaklike nasionale en internasionale regsbeginsels 'n invloed uitoefen op die manier waarop taalregte in 'n tipiese meertalige samelewing soos Suid-Afrika gerealiseer moet word.

Vervolgens kom die problematiek van taalregte as individuele teenoor kollektiewe regte aan die orde. Hoewel taalsosioloë soos Phillipson *et al.* (1995:10) taalregte as groepsregte beskou, word mense se regte, soos taalregte, volgens die *Grondwet* as individuele regte hanteer. Die doel met hierdie afdeling is om spesifiek aan te toon dat 'n persoon se reg (byvoorbeeld met betrekking tot taal) in 'n bepaalde konteks, en daarom dan eers in 'n bepaalde gemeenskap uitgeoefen kan word.

Hierdie hoofstuk vorm daarom die teoretiese grondslag vir die term *taalreg* na aanleiding van 'n literatuurondersoek. Die hantering daarvan deur die SABC, en die implikasies van die opeis en beskerming van taalregte in 'n meertalige bestel en die waarde wat onderskrifte kan inhou, bou verder hierop in die hoofstukke wat volg.

2.2 Taalregte en menseregte

Taalregte veronderstel dat ongelykheid en onbillike diskriminasie op grond van taal teengestaan word. In hierdie verband kan artikel 9 (1)-(5) genoem word waar dit gaan om gelykheid en onbillike diskriminasie en waarvolgens gelykheid veronderstel dat mense in dieselfde situasie op dieselfde of gelyke wyse hanteer moet word (De Waal *et al.*, 2001:198). Verder onderskei regter Albie Sachs (1994:110) tussen drie positiewe fundamentele taalregte en voeg ook 'n vierde negatiewe reg by. Hierdie regte is: (i) reg om 'n taal te kan gebruik; (ii) die reg om 'n taal te kan ontwikkel; (iii) die reg om verstaan

te kan word en ander tale te kan verstaan asook (iv) die reg om nie teen gediskrimineer te word op grond van jou taal nie.

Volgens die taalsosioloog Phillipson, Rannut en Skutnabb-Kangas (1995:1) verwys taalregte na hoe menseregte ten opsigte van taal gerealiseer word. Daarteenoor voer MacMillan (1998:10-11) aan dat taalregte wel dikwels in die vakliteratuur buite die menseregterrein beskou is en dat dit waarskynlik aanleiding daartoe gee dat, wanneer taalregte as menseregte gesien word, daar onsekerheid bestaan of dit op dieselfde vlak as byvoorbeeld vryheid van spraak as tipiese universele reg beskou kan word.

Vir die doeleindes van hierdie studie word taalregte as menseregte gesien (Phillipson *et al.*, 1995:1). *Menseregte* word deur die AHD (1996:880) omskryf as: “The basic rights and freedoms to which all human beings are entitled”. Hierdeur kan die juridiese implikasies van die begrip begryp word. Ter aansluiting by die beredenering in Hoofstuk 1, word “menswaardigheid¹²” waarby ’n saak soos taalregte waarskynlik inbegrepe word, as ’n grondwetlike kernwaarde van die Suid-Afrikaanse *Grondwet* gereken. Trouens, Venter (1998a:28 e.v.) stel dit duidelik dat menswaardigheid aan die “wortel van die sin van die *Grondwet* lê”. Gromacki (1992:471) noem ook dat die beskerming van taal en taalregte noodsaaklik vir die beskerming van menswaardigheid is. Skutnabb-Kangas (1998:5) sluit hierby aan wanneer sy ook aandui dat taalmenseregte (“linguistic human rights”) gelyk is aan die samevoeging van taalregte en menseregte. Dus is dit ook vir hierdie begripsomskrywing van belang om menseregte onder die soeklig te plaas.

Dlamini (1995:10) voer die oorsprong van menseregte terug na die Bybel en die breër paradigma van die natuurreg¹³. Partridge (1978:1) assosieer die erkenning van regte met verskeie vroeë beskawings waarvolgens die Stoïsyne, Cicero en hul opvolgers geglo het

¹² Vergelyk die *Grondwet*, artikel 1(a) onder die Grondliggende bepalings en 10 van die *Handves van Regte*. In artikel 10 word die volgende opmerking gemaak: “Elkeen het ingebore waardigheid en die reg dat daardie waardigheid gerespekteer word.

dat die natuurreg 'n “standard for making, developing and interpreting law” bied. (Sien ook Dlamini, 1995:10). Hiervolgens moet wette gemaak word om met die natuur ooreen te stem.

Verskeie dokumente wat deur die eeue opgestel is, het basiese regte vir mense uiteengesit – voorbeelde hiervan is die *Magna Carta* van 1215, die *English Bill of Rights* van 1689 en *The Declaration of the rights of man and of the citizen* van 1789, kort nadat die Franse Revolusie begin het en die Amerikaanse *Declaration of Independence* van 1776. Dit is juis dan die Amerikaanse (1773) en Franse (1789) revolusies wat blote natuurregte “secular, rational, universal, individual, democratic and radical” gemaak het (Dlamini, 1995:11). Volgens Swanepoel (2003) is die natuurreg inderdaad een van die meerdere regsparadigmas waarby die hele idee van menseregte aansluiting kan vind.

Die *Universele verklaring van menseregte*¹⁴ is in 1948 deur die VVO (later die VN) aanvaar en stel aan die hand van 30 artikels universele beginsels voor op grond waarvan daar nie teen mense gediskrimineer mag word nie (United Nations, 2002). Volgens artikel 2 word dit soos volg gestel:

Everyone is entitled to all the rights and freedoms set forth in this Declaration, without distinction of any kind, such as race, colour, sex, **language**, religion, political or other opinion, national or social origin, property birth or other status.

[my beklemtoning]

Dit blyk dus uit die voorgaande dat menseregte neerkom op bepaalde basiese regte wat alle mense toekom. Om hierdie rede lê dit, soos MacMillan (1998:15) aanvoer, 'n sekere

¹³ Smuts en Smuts (1992:101) omskryf natuurreg soos volg: “Die reëls en beginsels van menslike gedrag wat aan alle volke gemeen is; die besef van reg en verkeerd wat uit die gees van die mens voortspruit onderskei van reg wat deur wetgewing of 'n ander handeling van die gemeenskap tot stand kom”.

¹⁴ Die verklaring is nie in 1948 deur Suid-Afrika onderteken nie, maar die ander twee verbonde wat deel uitmaak van die Internasionale Handves van Regte, die *Internasionale Verbond op Ekonomiese, Sosiale en Kulturele Regte* (“International Covenant on Economic, Social and Cultural Rights”) en die *Internasionale Verbond op Burgerlike en Politieke Regte* (“International Covenant on Civil and Political Rights”) is in 1994 onderteken.

verpligting op diegene aan wie die eis gerig word en beteken dit dan dat menseregte gewoonlik in die politieke sfeer geëis en gevestig word. Ten einde dit prakties te maak, stel MacMillan (1998:16) voor dat menseregte-eise aan die volgende drie kriteria moet voldoen: praktiese uitvoerbaarheid (“practicability”), of dit van deurslaggewende belang is (“paramount importance”) en universaliteit (“universality”). Dit beteken dat ’n saak slegs geëis kan word indien dit ten minste uitvoerbaar is, dat dit tweedens noodsaaklik is om op menswaardige manier te bestaan en dat dit op iets duidelike wat universeel aan alle mense van alle tye is.

MacMillan (1998:16 e.v.) gebruik hierdie drievoudige kriteriastel om te toets of taalregte as menseregte beskou kan word, en kom tot die gevolgtrekking dat taalregte inderdaad ’n uiters moeilik-definieerbare begrip is wat uiteindelik gesien kan word as ’n tipe fundamentele kompromisreg: “compromise rights of a fundamental sort” (MacMillan, 1998:22).

Om uiteindelik ’n definisie vir taalregte te kan formuleer, is dit ook belangrik dat die verskynsel *taal* gedefinieer word. Crystal (1997:400) toon aan dat daar al verskeie definisies vir taal geskep is, wat op verskillende aspekte van taal fokus of bloot die verskynsel se eienskappe weergee. Crystal (1997:430) definieer taal as: “The systematic, conventional use of sounds, signs, or written symbols in a human society for communication and selfexpression.” In hierdie definisie is veral die tweede gedeelte van belang. Taal is ’n entiteit (sistematies, konvensionele gebruik van klank, tekens of geskrewe simbole) wat in ’n menslike samelewing gebruik word vir kommunikasie en selfuitdrukking. In die definisie is die basis van taalregte ook ingebed: taal word gebruik om te kommunikeer; indien dit nie daardie rol mag vervul nie kan dit beteken dat daar onbillik teen ’n spreker gediskrimineer word. Kommunikasie veronderstel ook dat ’n taal ontwikkel mag word. Ten slotte is taal ’n vorm van uitdrukking van ’n identiteit¹⁵ hetsy van die individu of van ’n groep.

¹⁵ Vergelyk *Ford v Quebec* met betrekking tot taal as wyse waardeur identiteit uitgedruk word – dit is na aanleiding van die situasie in Kanada.

Hierteenoor is Paleker (1996:28) van mening dat 'n meer vloeibare definisie vir taal aanvaar moet word, waar taal gedefinieer word deur middel van “internal identification criteria”. Hierdie kriteria is:

- ♦ Is daar 'n groep mense (minderheid- of meerderheidsgroepe) wat 'n taal praat?
- ♦ Wat is die geskiedenis en kultuur van die mense?
- ♦ Is die taal deel van die geskiedenis van die mense?
- ♦ Wat is die geskiedenis van die taal?

Paleker (1996:28) verantwoord die gebruik van die skema deur aan te voer dat daar dikwels weens geografiese verspreiding en onderdrukking van 'n taal nie geskrewe literatuur as bewyse beskikbaar is nie. Die feit dat 'n taal gedefinieer kan word op grond van die geskiedenis van 'n bepaalde taal moet bevraagteken word omdat tale gedeelde geskiedenis kan hê. 'n Voorbeeld hiervan is as 'n “taal” algemeen as 'n dialek van 'n ander taal beskou word. Hier kom die skeiding tussen taal en dialek ook ter sprake (vgl. May, 2001:151 en Crystal, 1997:24-33). Volgens Weinreich, soos aangehaal deur Bright (1997:469), is 'n taal “a dialect with an army and a navy”¹⁶. Juis om hierdie rede is dit dikwels moeilik om die skeiding tussen 'n dialek en 'n taal te bepaal. Soos May (2001:15) ook noem, is hierdie skeiding “not principally a linguistic one” en is dit “primarily a political consequence of the language legitimation process undertaken by nation-states”. Vanuit 'n oogpunt van taalregte beskou, kan daar nie teen die sprekers van dialekte op grond daarvan gediskrimineer word nie. Individuele dialekregte word selde in beleidsdokumente of wetgewing erken. Hassanpour (1999a) noem dat die blote skeiding tussen taal en dialek reeds “point to aspects of the unequal distribution of linguistic power”. Hierdie argument word nog verder gevoer waar die blote binêre opposisie van *taal/dialek* deur Phillipson (1992:55) as een van die “characteristic examples of linguistic¹⁷ discourse” beskryf word. Ten opsigte van dialekte in Suid-Afrika word veral verwys na

¹⁶ Die oorsprong van hierdie stelling “*A shprakh iz a diyalekt mit an armey un a flot*” (in Jiddisj) word algemeen aan die Jiddisjsprekende linguïst Max Weinreich toegeskryf, maar dit word ook met Uriel Weinreich, Joshua Fishman en 'n vroeëre verkorte weergawe van die frase van Antoine Meillet geassosieer (Bright, 1997:469).

¹⁷ Linguïsimisme behels “representation of the dominant language, to which desirable characteristics are attributed, for purposes of inclusion, and the opposite for dominated languages” (Phillipson, 1992:55). (Sien 2.9 vir 'n definisie van linguïsimisme.)

taalgroeperings of onderling verstaanbare tale soos die Ngunigroep en Sothogroep. (Sien 4.5.2.2 vir meer hieroor.) Tale wat bloot as dialekte van mekaar beskou is, is as gevolg van pogings deur sendelinge en die regering volwaardige tale “gemaak”. ’n Voorbeeld hiervan is die tale siSwati en isiNdebele wat tot die laat 1950’s as dialekte van isiZulu beskou is en eers na 1957 as aparte tale erken en sodanig ontwikkel is (vgl. Msimang, 1994:149).

2.3 Taalregte en die menseregtekultuur in Suid-Afrika

Oor die belangrikheid van taalregte in Suid-Afrika merk Alexander (2002:122) die volgende op: “the mobilization of the linguistic communities in support of their language rights is an essential aspect of the consolidation of democracy in the new South Africa”. Om hierdie rede word agtergrond rondom taalregte in die breër konteks van Suid-Afrika vervolgens verskaf.

2.3.1 Agtergrond

Sedert die Uniewording van Suid-Afrika in 1910 is Nederlands (later Afrikaans) en Engels as amptelike tale van die land erken. Hierdie twee tale het volgens wetgewing gelyke status geniet. (Vgl. Reagan, 2002:422-423.) Gedurende die Apartheidstydperk is die etniese identiteit van bevolkingsgroepe in Suid-Afrika beklemtoon en is afsonderlike ontwikkeling deur die regering voorgestaan (vgl. Henrard, 2001a en Erasmus, 1999:46.) wat deur middel van wetgewing¹⁸ deurgevoer is. Vanaf 1955 tot die middel van die sewentigerjare is moedertaalonderrig byvoorbeeld in skole toegelaat, maar daarna is, na afloop van die aanvangskooljare wat in die moedertaal geskied het, slegs Afrikaans en Engels in alle skole toegelaat. Uiteindelik het hierdie politieke besluit die Sowetopstande in 1976 tot gevolg gehad. Hieruit is dit ook duidelik dat al die ander tale in Suid-Afrika misken is, nie gelyke status geniet het nie en dat taalregte van die sprekers

¹⁸ Dit sluit in: die *Wet op die Verbod van Gemengde Huwelike* (1949); die *Bevolkingsregistrasiewet* (1950); die *Wet op Stamoverbede* (1951); die *Wet op Bantoe Ondernys* (1953); die *Wet op Aparte Geriewe* (1953); die *Groepsgebiedewet* (1959) en die *Wet op Bevordering van Swart Selfbestuur* (1959).

daarvan nie amptelik erken is nie. Reeds met die onderhandelingsproses in die vroeë 1990's het die taalklousules van Konsepgrondwet reaksie ontlok. Henrard (2001a) maak die volgende opmerking omtrent die status van taal veral ten opsigte van taal in die onderwys:

This sensitivity has to be analysed in the context of the history of apartheid and the increasingly emerging practice of English as lingua franca, despite the proclamation contained in the 1993 or interim Constitution that the State had to promote the equal use of the 11 official languages.

Die *Grondwet* maak voorsiening vir 11 amptelike tale en maak voorsiening vir die bevordering en gelykheid van die tale. (Vgl. ook Du Plessis, 2000:95-110; Haysom & Kathla, 1997:277-293; Henrard, 2001a; Heugh, 2002:461-464; Langtag, 1996; Louw, 1996:16-26, 57-65; Reagan, 2002:425-429 en Venter, 1998b:438-459.)

In die Langtag-verslag word die volgende saak as een van die grondliggende aannames in die opstelling van die verslag gegee:

3. Language is a fundamental human right

No person should be prevented from the use of the language of his or her choice within the bounds of reasonableness. The democratic State is duty bound to protect this right and to assist the citizens if impediments to the exercise of their right arise through no fault of theirs,

(Langtag, 1996:12)

Die kwessie of taalregte as fundamentele regte in Suid-Afrika gereken word, is nog nie opgelos nie. In 'n hofsaak tussen Louw en die Groter Germiston Plaaslike¹⁹ oorgangsraad is hierdie feit in die uitspraak duidelik gestel. Die saak het gehandel oor 'n resoluëie waarvolgens Engels in geskrewe en gesproke taal in die werkverrigting van die raad gebruik is. In die uitspraak is daar tot die gevolgtrekking gekom dat enige liggaam die reg het om sy eie prosedures en werkswyse te kan bepaal. (Vgl. Fredericks, 2001:164.)

¹⁹ *Louw v Transitional Local Council of Greater Germiston*

2.3.2 Die taalbepalings in die *Grondwet*

Die toepaslike artikels in die *Grondwet* wat op taalsake betrekking het en wat vervolgens kortliks bespreek sal word, is artikels 6, 9, 29, 30 en 31.

In die hantering van hierdie artikels uit die *Grondwet* is dit belangrik om te meld dat volgens artikel 36 die regte nie onbeperk geld nie en kan dit ingevolge hierdie artikel beperk word. Daarbenewens staan artikel 39 as die interpretasie-artikel bekend waardeur bepaal word hoedat die *Handves van Regte* uitgelê moet word en hoedat die volkereg en vreemde reg in ag geneem moet word (vergelyk ook 2.8).

2.3.2.1 Artikel 6

6. (1) Die amptelike tale van die Republiek is Sepedi, Sesotho, Setswana, siSwati, Tshivenda, Xitsonga, Afrikaans, English²⁰, isiNdebele, isiXhosa en isiZulu.
- (2) Gesien die historiese inkorting van die gebruik en status van die inheemse tale van ons mense, moet die staat praktiese en daadwerklike maatreëls tref om die status van dié tale te verhoog en hul gebruik te bevorder.
- (3) (a) Die nasionale regering en provinsiale regerings kan enige bepaalde amptelike tale vir regeringsdoeleindes aanwend, met inagneming van gebruik, doenlikheid, koste, streeksomstandighede en die ewewig van die behoeftes en voorkeure van die bevolking as geheel of in die betrokke provinsie; maar die nasionale regering en elke provinsiale regering moet minstens twee amptelike tale gebruik.
- (b) Munisipaliteite moet die taalgebruike en - voorkeure van hul inwoners in aanmerking neem.
- 4) Die nasionale regering en provinsiale regerings moet deur wetgewende en ander maatreëls hul gebruik van amptelike tale reël en monitor. Sonder afbreuk aan die bepalinge van subartikel (2) moet alle amptelike tale gelykheid van aansien geniet en billik behandel word.
- (5) 'n Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad deur nasionale wetgewing ingestel, moet

²⁰ In die *Grondwet* word na die taalnaam “English” gebruik, verder in die verhandeling sal daar egter na “Engels” verwys word.

- (a) die ontwikkeling en gebruik bevorder en omstandighede skep vir die ontwikkeling en gebruik van -
 - (i) alle amptelike tale;
 - (ii) die Khoi-, Nama- en Santale; en
 - (iii) gebaretaal; en
- (b) respek bevorder en verseker vir—
 - (i) alle tale wat algemeen deur gemeenskappe in Suid-Afrika gebruik word, met inbegrip van Duits, Grieks, Goedjarati, Hindi, Portugees, Tamil, Teloegoe en Oerdoe; en
 - (ii) Arabies, Hebreeus, Sanskrit en ander tale wat in Suid-Afrika vir godsdiensoeleindes gebruik word.

Volgens die artikel 6 is dit duidelik dat meertaligheid as normatiewe beginsel vir die Suid-Afrikaanse samelewing aanvaar word en dat dit by wyse van verpligting gestel word dat die meertalige beleid in die praktyk toegepas word. Dit is duidelik dat artikel 6 nie sê dat al die Suid-Afrikaanse amptelike tale gelyk is nie, maar dat hulle gelyke aansien het. Volgens Strydom en Pretorius (2000:113) beteken die amptelike status van 'n taal dat sodanige taal vir die meeste kernregeringstake gebruik word. Die feit dat artikel 6(1) stel dat daar elf amptelike tale in Suid-Afrika is, beteken noodwendig dat dit nie om taalhiërargie gaan nie en dat dit om meer as simboliese meertaligheid gaan. Volgens artikel 6(2) is dit duidelik dat 'n verpligting op die staat rus om die status en gebruik van voorheen-benadeelde tale op te hef.

Tog dui Strydom en Pretorius (2000:113 e.v.) aan dat dit moeilik is om 'n enkele direktief uit die taalklausule te trek, hoofsaaklik vanweë die gebrek aan koherensie tussen die verskillende subartikels. Hulle dui aan dat, indien net die praktiese haalbaarheid van die meertaligheidsbeginsel beklemtoon word, dit maklik kan lei tot meertaligheid as blote simboliese gebaar. Indien, daarenteen, die fokus op die meertaligheidsbeginsel gelê word, lei dit dikwels tot die beklemtoning van bloot die beginsel en die normatiewe riglyne rondom gelykheid van aansien (“parity of esteem”) en die gelyke behandeling van die verskillende tale. Die uiteindelige implikasie hiervan is dan dat daar van die werklike implementering van meertaligheid nie veel kom nie.

In sy kommentaar op die mate waartoe die *Grondwet* voorsiening maak vir die beskerming van taalregte merk Du Plessis (2000:105) die volgende op:

Equality of language rights may be considered to have been one of the basic principles in South Africa until 1996. This principle was introduced by the 1909 Constitution, and continued in the 1993 Constitution, but is no longer honoured by the 1996 Constitution. The very clear principle of *gelykbergtiging* [equal rights] was replaced with a somewhat foggy one: that is, the principle of equity and parity of esteem.

Hoewel hy dit waarskynlik hier primêr het om die gelyke regte wat Afrikaans en Engels in die verlede gehad het, word daar tans 'n algemene bevoordeling van Engels ten koste van alle ander tale in Suid-Afrika beleef: in die *regering* (vgl. Du Plessis, 2000:106), *openbare sektor* (vgl. Langtag, 1996:156; PanSAT, 2000:4), *regstelsel* (Malan, 1998:696 e.v.), *ondernys* (vgl. Louw, 1996; PanSAT, 2000:6-7) en die *openbare uitsaaiwese* (vgl. Maake, 2000:10; Kruger & Kruger, 2001:17). Volgens Van Rensburg *et al.* (2001) kom dit neer op die volgende:

Dit bevestig die getuienis wat prakties op elke terrein wat in hierdie projek ondersoek is, gelewer is: die disproportionele deel van die koek waaroor Engels beskik; die sistematiese afskaling van Afrikaans; en die onsekerheid waarin die Afrikatale hulle bevind, onder meer vanweë die geloof van soveel van hul gebruikers dat hul tale nie oor die vermoë beskik om die hoogste funksievlakke te behartig nie. In al drie die opsigte gaan dit egter om een en dieselfde oorsaak: dat daar veral van owerheidsweë nie erns gemaak is en word met die Grondwet se riglyne in verband met taal nie.

Teen die agtergrond van die feitelike bewoording van artikel 6(4) en Du Plessis (2000:105) se argument hierbo is dit duidelik dat Van Rensburg *et al.* 'n ander interpretasie van die taalartikels in die *Grondwet* gee. Dit lyk uiteindelik of die gelykheid-van-aansienbeginsel 'n tegniese skuiwergat laat waardeur die staat en ander instansies toegelaat word om selektief met die bevordering van meertaligheid om te gaan.

2.3.2.2 Artikel 9 (3) en (4)

9. (3) Die staat mag nie regstreeks of onregstreeks onbillik teen iemand diskrimineer op een of meer gronde nie, met inbegrip van ras, geslagtelikheid, geslag, swangerskap, huwelikstaat, etniese of sosiale herkoms, kleur, seksuele georiënteerdheid, ouderdom, gestremdheid, godsdiens, gewete, oortuiging, kultuur, taal en geboorte.

- (4) Niemand mag regstreeks of onregstreeks onbillik teen iemand op een of meer gronde ingevolge subartikel (3) diskrimineer nie. Nasionale wetgewing moet verorden word om onbillike diskriminasie te voorkom of te belet.

Volgens De Waal *et al.*, (2001:470) lê die grondwaarheid van verskillende Grondwetlike Beginsels agter hierdie artikel, naamlik Grondwetlike beginsels XI, XII en XIV waarvolgens die selfbeskikking van enige gemeenskap wat 'n gemeenskaplike taal en kultuurtradisie deel bereël word.

Subartikels 9 (3) en (4) bepaal dat daar nie onbillik teen persone gediskrimineer mag word op grond van ras, geslag, etniese of sosiale herkoms, kleur, geloof, oortuiging, kultuur, taal of geboorte nie.

Hoewel Venter (1998b:448-449) aantoon dat taaldiskriminasie dus nie verbied word nie, is dit duidelik dat sodanige diskriminasie as onbillik (en daarom as onregmatig) beskou word totdat dit as billik bewys kan word.

2.3.2.3 Artikel 29 (2)

29. (2) Elkeen het die reg om in openbare onderwysinstellings onderwys te ontvang in die amptelike taal of tale van eie keuse waar daardie onderwys redelikerwys doenlik is. Ten einde doeltreffende toegang tot en verwesenliking van hierdie reg te verseker, moet die staat alle redelike alternatiewe in die onderwys, met inbegrip van enkelmediuminstellings, oorweeg, met inagneming van—
- (a) billikheid;
 - (b) doenlikheid; en
 - (c) die behoefte om die gevolge van wette en praktyke van die verlede wat op grond van ras gediskrimineer het, reg te stel.

Volgens De Waal *et al.* (2001:483) dui die opvoedkundige regte op positiewe aksie omdat dit net deur die kollektiewe aksie van 'n gemeenskap verseker kan word. Artikel 29(2) bepaal dat die staat verplig is om basiese en verdere opvoeding in 'n amptelike taal te voorsien indien dit prakties-haalbaar is. De Waal *et al.* (2001:484) dui ook aan dat die

prakties-haalbaarheidsbeginsel objektief en beregbaar is en beredeneer die feit dat, indien moedertaalonderrig nie gegee word nie, daar bo alle redelike twyfel regverdiging moet wees vir die weiering van dié reg.

2.3.2.4 Artikel 30

30. Elkeen het die reg om die taal van eie keuse te gebruik en om aan die kulturele lewe van eie keuse deel te neem, maar niemand wat hierdie regte uitoefen, mag dit doen op 'n wyse wat met enige bepaling van die Handves van Regte onbestaanbaar is nie.

Hiervolgens is dit duidelik dat individue die reg het om die taal van eie keuse te gebruik vir kommunikasiedoeleindes en om aan die kultuurbedrywigheide van eie keuse deel te neem op voorwaarde dat dit nie inbreuk maak op die regte vervat in die *Handves van Regte* nie. Volgens Venter (1998b:458) lê dit implisiet in hierdie artikel dat individue se taalkeuse in kommunikasie met die regering ook hierdeur bereël word, hoewel hy toegee dat hierdie reg in die hiërargie van menseregte, waarskynlik heel onder lê.

De Waal *et al.* (2001:483) sê hierdie artikel se individualistiese bewoording dui, tesame met dié in artikel 31, op die reg wat persone het om hul te assosieer met besondere kultuurgemeenskappe.

2.3.2.5 Artikel 31

31. (1) Persone wat aan 'n kultuur-, godsdiens- of taalgemeenskap behoort, mag nie die reg ontsê word om, saam met ander lede van daardie gemeenskap—
- (a) hul kultuur te geniet, hul godsdiens te beoefen en hul taal te gebruik nie; en
 - (b) kultuur-, godsdiens- en taalverenigings en ander organe van die burgerlike gemeenskap te vorm, in stand te hou en daarby aan te sluit nie.
- (2) Die regte in subartikel (1) mag nie uitgeoefen word op 'n wyse wat met enige bepaling van die Handves van Regte onbestaanbaar is nie.

Volgens Venter (1998b:449) en De Waal *et al.* (2001:471) is artikel 31 gebaseer op artikel 27 van die *UN International Covenant on Civil and Political Rights*²¹ van 1966 waarin rigtinggewende bepalings rakende 'n staat se respek vir kultuur en taal gestel word. Daarbenewens word dit gestel dat die bewoording in artikel 27 van die *UN International Covenant on Civil and Political Rights* sodanig is dat dit as hibriedvorm tussen individuele en kollektiewe regte beskou word in dié sin dat regte tot 'n kultuur- of taalgroep slegs betekenisvol is indien dit in gemeenskapsverband uitgeoefen word (De Waal *et al.*, 2001:471-2).

Dit is egter duidelik dat beskerming slegs deur artikel 31 verleen kan word indien die eiser kan aantoon dat hy/sy aan 'n bepaalde kulturele, talige of geloofsgemeenskap behoort. Volgens De Waal *et al.* (2001:475) sal 'n individu moet kan aantoon dat die taal sodanige persoon se moedertaal is, dat dit 'n belangrike komponente van die persoonlike en gesinslewe vorm en dat die individu met die taal identifiseer en dit gebruik. Dit is opvallend dat hierdie reg op negatiewe manier bewoord word. De Waal *et al.* (2001:476) sien dit egter as 'n komplekse saak en interpreteer die implikasie van artikel 31 soos volg:

The inclusion of s31 in the Constitution indicates a commitment to the maintenance of cultural pluralism even where this requires positive measures to be taken by the state to ensure the survival and development of minority cultures where they are threatened by disintegration.

Hoewel die siening bestaan dat die spesifieke beskerming van 'n individu wat 'n bepaalde taal praat onnodig is omdat taalregte deur kultuurregte ingesluit word, bestaan daar internasionaal genoeg aanduiding dat die reg om 'n taal te gebruik, asook 'n verbod op diskriminasie op grond van taal, apart vermeld word (De Waal *et al.*, 2001:479).

Desondanks gee die outeurs toe dat algemeen aanvaar word dat die praktiese implikasies van hierdie reg nog nie genoegsaam uitgespel is nie (De Waal *et al.*, 2001:479). Om hierdie rede beredeneer hulle die hele saak en kom tot die slotsom dat die negatiewe sy van hierdie reg gerugsteun word deur die verbod op talige diskriminasie (artikel 9) en die reg op vryheid van spraak (artikel 16). Wetgewing wat dus die gebruik van 'n bepaalde

²¹ Vgl. Devenish (1999:205)

taal by openbare plekke, skole, universiteite, in die handel, die pers of uitsaaiwese beperk sal dus 'n *prima facie* oortreding van artikel 31 wees (De Waal *et al.*, 2001:480).

Benewens die negatiewe aspekte van artikel 31, is dit uit internasionale taalregtebepalings duidelik dat 'n addisionele positiewe bepaling hierby ingereken word (Thornberry, 1991:200). Hiervolgens word bepaal dat taalgelykheid slegs bereik kan word indien die staat middele vir minderheidstaalgroepe skep waardeur sodanige tale gebruik en ontwikkel kan word (De Waal *et al.*, 2001:480).

2.3.2.6 Samevatting

Webb (2002:157) noem dat Suid-Afrikaanse burgers die volgende taalregte met betrekking tot die amptelike tale, volgens die *Grondwet*, het:

- ♦ die bevordering van die tale;
- ♦ die gebruik van die amptelike tale in omgang met die nasionale en provinsiale regerings;
- ♦ beskerming deur die staat teen eksploitasie, dominasie en verdeeldheid op grond van taal;
- ♦ die kies van 'n eie taal as onderrigmedium;
- ♦ die daarstelling van opvoedkundige instellings gebaseer op 'n bepaalde taal (indien so 'n aksie nie rassediskriminasie veronderstel nie);
- ♦ inlig omtrent polisie-aktiwiteite in die taal van 'n persoon se keuse ingeval 'n persoon aangehou of gearresteer is;
- ♦ die volg van hofverrigtinge in 'n taal wat deur 'n persoon verstaan word indien hy of sy betrokke is by die hofverrigtinge (die hofrekords moet ook in hierdie taal gehou word);
- ♦ toegang tot staatsinligting; asook
- ♦ selfverwesenliking deur liggame van die burgerlike gemeenskap op grond van taal.

Ter opsomming van hierdie lys maak Webb (2002:157) die volgende opmerking:

The constitution therefore recognises, citizen's rights to linguistic security, to obtain access to the rights, privileges, status and power of the common society, to receive respect for their linguistic identity, to perform their cultural practices in the language of their choice, and to study their languages and have them researched.

Na aanleiding van bepalinge in die *Grondwet* word twee liggame voorgestel ter wille van die behoud van meertaligheid en by implikasie die erkenning en beskerming van taalregte. Hierdie liggame is die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad en die Kommissie vir die Bevordering en Beskerming van die Regte van Kultuur-, Godsdiens- en

Taalgemeenskappe wat vervolgens kortliks beskryf sal word met spesifieke klem op hulle mandaat ten opsigte van taalregte.

2.4 Tersaaklike wetgewing in Suid-Afrika wat op taalregte betrekking het

2.4.1 PanSAT

Die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad (PanSAT)²² is gevorm na aanleiding van artikel 6, subartikel 5 van die *Grondwet*:

- (5) 'n Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad deur nasionale wetgewing ingestel, moet
 - (a) die ontwikkeling en gebruik bevorder en omstandighede skep vir die ontwikkeling en gebruik van—
 - (i) alle amptelike tale;
 - (ii) die Khoi-, Nama- en Santale; en
 - (iii) gebaretaal; en
 - (b) respek bevorder en verseker vir—
 - (i) alle tale wat algemeen deur gemeenskappe in Suid-Afrika gebruik word, met inbegrip van Duits, Grieks, Goedjarati, Hindi, Portugees, Tamil, Teloegoe en Oerdoe; en
 - (ii) Arabies, Hebreeus, Sanskrit en ander tale wat in Suid-Afrika vir godsdiensoeleindes gebruik word.

Die take en die struktuur van die raad is verder uitgebrei deur die *Wet op die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad*, 59 van 1995. Hierdie wet is gewysig met die *Wysigingswet op die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad*, 10 van 1999. PanSAT (1999:15) se missie word soos volg in hul jaarverslag weergegee:

Die doel van die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad is om veeltaligheid in Suid-Afrika te bevorder deur:

- die omstandighede te skep vir die ontwikkeling en gelyke gebruik van al die amptelike tale;
- respek vir, en die gebruik van, ander tale in die land te bevorder;

²² Vergelyk ook: PanSAT (1999); Heugh (2002:464-466) en Webb (2002:289-300)

- die optimale benutting van Suid-Afrika se taalhulpbronne te bevorder;

ten einde Suid-Afrikaners in staat te stel om hulself te bevry van alle vorme van taaldiskriminasie oorheersing en verdeling; en om hulle in staat te stel om toepaslike taalkeuses te maak in die belang van hul eie welstand en nasionale ontwikkeling.

Van PanSAT se belangrikste doelstellings is om meertaligheid en taalregte te bevorder. Marivate (2000:131) noem dat een van PanSAT se doelstellings die uitbreiding van taalregte is waar dit nie voorheen bestaan het nie. PanSAT het daarom die bevordering van meertaligheid en taalregte ten doel. PanSAT bied 'n forum waar skendings van taalregte opgegee kan word (vgl. Roodt, 1999; PanSAT, 1999:29-34 en Joubert, 2002:9). Volgens 'n inligtingspamflet van PanSAT (2002) word PanSAT "regtens verplig om alle geskrewe klagtes rakende beweerde taalregte skendings te ondersoek, en is by magte om uitsprake te maak rakende klagtes oor taalregteskendings". Hierin word die doel van PanSAT ook soos volg omskryf: "In 'n poging om 'n kultuur van menseregte in Suid-Afrika te bewaar, het die regering 'n struktuur geskep waardeur Taalgemeenskappe (en individue) hul taalregte kan beskerm, te wete die klagtestelsel van PANSAT." (PanSAT, 2002.)

Roodt (1999:9) merk die volgende op met betrekking tot klagtes wat deur PanSAT ontvang is en sê hiermee dat dit duidelik is dat 'n groot deursnee van die Suid-Afrikaanse bevolking óf nie bewus is van hulle taalregte nie, óf besluit het om nie bestaande instrumente te gebruik om protes aan te teken ten opsigte van die miskennings nie:

If an African language awareness and the need for advocating arises, this is not evident from the type and number of complaints lodged with the Board. A mere 3% of these concern previously marginalised languages. The majority of complaints come from Afrikaans speakers.

Tog toon Joubert (2002:9) aan dat die persentasie klagtes²³ deur sprekers van voorheen gemarginaliseerde tale toegeneem het en volgens die jaarverslag wat aan die begin van 2002 aan die parlement voorgelê is, is 11% van klagtes van hierdie sprekers ontvang.

²³ Die klagtes het byvoorbeeld die volgende in 1996 ingesluit (PanSALB, 1996:31-34):

- The Freedom of Expression Institute lodged a complaint that the Broadcasting Bill for Language Equity on SABC Radio Services may adversely affect African languages.

2.4.2 Kommissie vir die Bevordering en Beskerming van die Regte van Kultuur-, Godsdiens- en Taalgemeenskappe²⁴

Die Kommissie vir die Bevordering en Beskerming van die Regte van Kultuur-, Godsdiens- en Taalgemeenskappe is 'n staatsinstelling wat volgens artikel 185 van die *Grondwet* geskep moet word. (Vgl. Heugh, 2002:467-468 en Venter, 1998b:459)

Die funksies van die kommissie word volgens artikel 185 soos volg omskryf:

- (1) Die Kommissie vir die Bevordering en Beskerming van die Regte van Kultuur-, Godsdiens- en Taalgemeenskappe het die volgende hoofogmerke:
 - (a) Om respek te bevorder vir die regte van kultuur-, godsdiens- en taalgemeenskappe;
 - (b) om vrede, vriendskap, menslikheid, verdraagsaamheid en nasionale eenheid onder kultuur-, godsdiens- en taalgemeenskappe op die grondslag van gelykheid, nie-diskriminasie (sic) en vrye assosiasie te bevorder en te ontwikkel; en
 - (c) om die instelling of erkenning, ooreenkomstig nasionale wetgewing, van 'n kultuur- of ander raad of rade vir 'n gemeenskap of gemeenskappe in Suid-Afrika aan te beveel.
- (2) Die Kommissie het die bevoegdheid, soos deur nasionale wetgewing geregleer, wat nodig is om sy hoofogmerke te bereik, met inbegrip van die bevoegdheid om kwessies betreffende die regte van kultuur-, godsdiens- en taalgemeenskappe te monitor, te ondersoek, na te vors, opvoeding daarvoor te voorsien, steun daarvoor te werf, daarvoor te adviseer en verslag daarvoor te doen.
- (3) Die Kommissie kan enige aangeleentheid wat binne sy bevoegdhede en funksies val aan die Menseregtekommissie vir ondersoek rapporteer.
- (4) Die Kommissie het die bykomende bevoegdhede en funksies wat deur nasionale wetgewing voorgeskryf word.

- Mr. G. Zondo lodged a complaint about the languages used on TV channels aimed at Africans which seldom include isiZulu and isiXhosa.

²⁴ Op 11 Februarie 2003 is daar in 'n kennisgewing in die Staatskoerant gevra vir nominasies vir lede van die Kommissie vir die Bevordering en Beskerming van die Regte van Kultuur-, Godsdiens- en Taalgemeenskappe. Tot dusver (10/2003) funksioneer hierdie kommissie nog nie.

Volgens Jordaan (2000:2) is daar in 'n debat oor PanSAT in die Nasionale Raad van Provinsies voorgestel dat PanSAT ontbind moet word en dat die Kommissie vir die Bevordering en Beskerming van die Regte van Kultuur-, Godsdiens- en Taalgemeenskappe die raad se take moet oorneem. In reaksie hierop het Christa Roodt, PanSAT se regsvertegenwoordiger, gesê dat “die meeste klagtes wat PanSAT hanteer, gaan oor die skending van individuele grondwetlike verskanste taalregte wat nie noodwendig oor die boeg van 'n skending van 'n taalgemeenskap se regte gegooi kan word nie” (Jordaan, 2000:2.)

Hieruit blyk dit dus ook dat hierdie kommissie eerder gemik is op groepsregte as individuele regte. (Vergelyk 2.7 omtrent die verskil tussen groepsregte en individuele regte.) Dit is egter insiggewend, op grond van die konsekwente bewoording in die *Handves van Regte* en Roodt (Jordaan, 2002:2) dat menseregte in Suid-Afrika primêr persoonsregte is en alleen só gesien, juridies getoets kan word.

2.5 Taalregte in taalsosiologiese verband

2.5.1 Taal as probleem, hulpbron of reg

Die benadering van taal as reg kan ook teruggevoer word tot 'n artikel waar Richard Ruiz (aangehaal deur Kontra *et al.* 1999:5) onderskei tussen taal (en toe spesifiek taalbeplanning) as *probleem, reg of hulpbron*²⁵. Hoewel die Langtag-verslag (Langtag, 1996:12, 90-122) 'n duidelike aanduiding gee van die feit dat meertaligheid as hulpbron gesien word is dit juis die gedagte van taal as reg wat in terme van hierdie bespreking na vore kom.


Crawhall (2000:16) se beredenering dui daarop dat daar omsigtig omgegaan moet word met die manier waarop taalregte in die praktyk gerealiseer word:

²⁵ Vergelyk ook Crawhall (2000:16-17); Heugh (2002:451-453); Langtag (1996:12); Lubbe (2001:81-117); en Msimang (1995:125-128).

In die eerste plek, 'n reg is slegs van waarde as daar toeganklike geregtelike roetes is om dit af te dwing. Die reg word ook deur die dominante groep as 'n duur en lastige probleem beskou. Derhalwe voel die dominante groep dalk dat dit nie in hulle belang is om die taalregte van die minder magtiges daadwerklike gestalte te gee nie. In die praktyk beteken dit dat slegs die magtige minderhede daarin slaag om hul taalregte te bekom en te beskerm. In Suid-Afrika kan ons sien hoe die Afrikaner Nasionaliste beter as enigiemand anders hul taalregte kan beskerm, alhoewel hulle nog 'n paar jaar gelede die onderdrukkers was. Die regteparadigma (sic) kan dalk daartoe neig om die magtiges eerder as die weerloses te beskerm indien daar geen daadwerklike maatreëls is om gelykheid af te dwing nie.

Histories gesien, was Engels en Afrikaans die dominante tale en bepaalde sprekers daarvan deel van die dominante groepe in Suid-Afrika. Engels²⁶ het egter 'n groter invloed as wêreldtaal met politieke en ekonomiese waarde. Hierdie agtergrond veroorsaak dat die sprekers daarvan 'n hoër status geniet en dat taalregte eerder vir hul tot voordeel kan strek. Die stratifikasie van hierdie verhoudings tussen dominante en minder dominante tale kan grafies as 'n omgekeerde driehoek voorgestel word.

DIAGRAM 2.1 : STRATIFIKASIE VAN DOMINANTE EN MINDER DOMINANTE TALE IN SUID-AFRIKA



²⁶ Omtrent die hoë status van Engels kan die volgende vergelyk word: Steyn (1980:387); Crystal (1990:1-11); Phillipson (1998:101-111) en Webb (2002:83-85).

Engels₁ het tans 'n dominante posisie in die kontinent van Afrika sowel as elders in die wêreld. Ook is Engels₂ bevoordeel weens die koloniale geskiedenis van Suid-Afrika. Met die Britse besetting van die Kaap aan die einde van die agtiende eeu tot by die *Grondwet* van 1996 het Engels₂ 'n dominante posisie gehad. In terme van Engels₂ kan genoem word dat daar toenemend na Suid-Afrikaanse Engels variëteite²⁷ verwys word. Daar is ook verskeie elemente in hierdie taalvariëteit wat dit van ander Engelse variëteite wêreldwyd onderskei (vgl. Crystal, 1990:242-245; Lanham, 1982:324-351; en Lass, 2002:104-126). Hiermee saam het Afrikaans (aanvanklik Nederlands) die status van amptelike taal gedeel. Hierdie dominansie duur voort, veral ten opsigte van die meerderheid funksies wat deur die twee tale vervul word. Die onderste deel van die driehoek wat onder die meeste druk van die boonste twee groter blokke verkeer is die Afrikatale. Tog bestaan daar ook nog verskille in status tussen verskillende Afrikatale in Suid-Afrika en om hierdie rede word onderskei tussen Afrikatale₁ en Afrikatale₂. Hierdie skeiding is nie totaal vas nie en dus word 'n stippellyn gebruik. Die indeling tussen die Afrikatale kan op grond van getalle (vgl. TABEL 2.1) maar ook funksies wat hulle verrig gemaak word. Aan die kant is daar die groter Afrikatale₁: isiZulu, isiXhosa, Sepedi²⁸, Setswana en Sesotho. Hierdie tale is histories meer prominent in die uitsaaiwese (vgl. TABEL 3.1) en word ook tans meer prominent op televisie gesien (vgl. TABEL 3.2). Alexander (2001:116) noem byvoorbeeld ook isiZulu se rol as *lingua franca* in groot stede onder die werkersklas. Hierteenoor is daar die ander groep tale met minder sprekers, die groep wat onder die beskrywing Afrikatale₂ val. Die groep sluit in: Xitsonga, siSwati, Tshivenda en isiNdebele. Veral hierdie tale geniet dikwels nie dieselfde voorregte as Engels, Afrikaans en die tale in die Afrikatale₁ groep nie. (Vgl. verder Thondhlana, 1997:19 en Mgijima, 2003:15.)

²⁷ Hierdie variëteite sluit in: *South African English* (SAE), *Black South African English* (BSAE), *Afrikaans-English* en *South African Indian English* (SAIE). (Vergelyk: De Klerk & Gough (2002:356-378) en Mesthrie (2002:339-355).)

²⁸ Daar bestaan 'n onenigheid rondom die naam van hierdie taal omdat *Sepedi* slegs na 'n dialek verwys van die taal Noord-Sotho (oftewel *Sesotho sa Leboa*). Noord-Sotho word dan ook gebruik om na die gestandaardiseerde geskrewe en gesproke taal van hierdie spraakgemeenskap te verwys (Kosch, 2002.) Maar ter wille van korrelasie met die *Grondwet* van Suid-Afrika (1996) word vir die doeleindes van hierdie studie, deurgaans *Sepedi* gebruik.

2.5.2 In aanloop tot 'n werksdefinisie van die begrip *taalregte*

Dit word uit die taalsosiologiese vakliteratuur duidelik dat daar onsekerheid bestaan omtrent wat *taalregte* alles omvat wat dit daarom 'n moeilik definieerbare begrip maak. Volgens die Suid-Afrikaanse Regskommissie (1989:396) word kultuur, taal en godsdiens “nie in hierdie [met verwysing na die *Internasionale Verdrag met betrekking tot Burgerlike en Politieke Regte*] of enige ander internasionale regsdocument verder gedefinieer nie”. Die feit dat daar onsekerheid is omtrent die definiëring van taalregte, word ook ondersteun deur Steyn (1990:39) en Louw (1996:27).

Coulmas (1998:71) is van mening dat universele taalregte nie geldig kan wees nie en gee die volgende redes:

- ♦ daar is geen algemene aanvaarde definisie vir minderhede in internasionale wetgewing nie;
- ♦ dit is nie duidelik hoe 'n spraakgemeenskap in wetlike terme omskryf kan word nie;
- ♦ daar is nie duidelikheid hoe om taal in wetlike terme te definieer nie;
- ♦ dit is nie duidelik waar individuele taalregte verpligtinge van die staat impliseer of verhoudings tussen individuele regte en staatsverpligtinge in universele terme verstaan en met verskillende sosiale en regsdisisies geharmoniseer kan word nie;
- ♦ die negentiende-eeuse romantiese idee wat menswaardigheid sowel as 'n individuele en kollektiewe identiteit aan 'n individuele taal koppel, is toevallig.

Uit hierdie uiteensetting van Coulmas is dit duidelik dat die vasstelling van grense met betrekking tot taalregte moeilik is. 'n Verdere aanname wat aangespreek word is die negentiende-eeuse idee dat 'n groep se identiteit gekoppel kan word aan 'n enkele taal. Juis in Suid-Afrika is hierdie gedagte bevorder deur Apartheidswetgewing²⁹ (bv. die *Groepsgebiedenwet* en die *Wet op Bevolkingsregistrasie* van 1950). Hierdie wetgewing het ook die meertaligheid van mense self nie in ag geneem nie. Tog word die erkenning van taalregte dikwels aan minderheidsregte en kulturele regte gekoppel.

²⁹ Vergelyk ook Webb (2002:160).

Volgens Louw (1996:27) bestaan daar 'n verskil tussen taalregte wat as *Bill of Rights* of as *Language Charter* uitgedruk word. Die grootste kritiek wat Louw teenoor 'n *Bill of Rights* het, is dat, in die geval van regte wat in 'n *Grondwet* ingesluit is, dit dikwels 'n element van kompetisie tussen tale tot gevolg het, wat as diskriminasie deur 'n bepaalde gemeenskap ervaar kan word. Louw (1996:34) kom ook tot die gevolgtrekking dat “South Africa might have eventually benefitted more were language rights protected through a Charter of Languages which is a consensus seeking instrument”.

Dit behoort uit die voorgaande duidelik te wees dat die kwessie rondom taalregte 'n aktuele saak vir die ontwikkelende Suid-Afrikaanse gemeenskap is. Volgens Xulu (1999:2) staan dit vas dat elke Suid-Afrikaanse burger die reg op 'n talige identiteit het en dat individue die reg het om 'n bepaalde taal of tale van die eie keuse te gebruik vir sosiale interaksie, in intellektuele of artistieke uitdrukking, om toegang tot bepaalde dienste te verkry en om sekere vaardighede baas te raak.

2.5.3 'n Werksdefinisie van taalregte op grond van regter Albie Sachs se indeling

Volgens UNESCO (2002b) speel die internasionale menseregterwetgewing (“International Human Rights Law”) 'n belangrike rol in die stel van standaarde vir taalregte, en in die besonder vir die beskerming en bevordering van die identiteit van individue wat aan minderheidstaalgemeenskappe behoort. Om egter te kom by die stel van standaarde is dit belangrik om praktiese inhoud te gee aan die begrip *taalregte*. Vir die doel van hierdie navorsing word die indeling van regter Albie Sachs (1994) gebruik omdat dit normgewend gestel word en omdat dit, al is dit voor die promulgering van die *Grondwet* gestel, tot 'n groot mate die gees van die *Menseregteakte* weergee.

Sachs (1994:110) onderskei tussen drie positiewe fundamentele taalregte en voeg ook 'n vierde negatiewe reg by. Hierdie regte is: (i) reg om 'n taal te kan gebruik; (ii) die reg om 'n taal te kan ontwikkel; (iii) die reg om verstaan te kan word en ander tale te kan verstaan asook (iv) die reg om nie teen gediskrimineer te word op grond van jou taal nie.

Ten eerste stel hy die **reg om 'n taal te kan gebruik** as taalreg. Soos Sachs ook dan tereg noem gaan dit nie net oor die gebruik van taal in die intieme sfeer van familie en

vriende nie, maar veral ook die volgende: “transactions of importance to your life: dealings with the State, communications with your employer or employee, the receipt and imparting of information in the public sphere”. Ten opsigte van die *Grondwet* kan artikel 30 [soos reeds in 2.3.2.4 bespreek] hier gemeld word. Hierdie reg beteken verder nie net die blote gebruik nie, maar ook die identifikasie met ’n taal. Skutnabb-Kangas (1998:22) stel voor, met verwysing na ’n moedertaal, dat almal die reg moet hê om met hul moedertaal of moedertale te kan identifiseer.

Die soort reg word ook deur Mazrui en Mazrui (1998:114) genoem: die reg van taal (“the right of language”) en die reg tot taal (“the right to language”). Verder merk hulle op dat dit verwys na die volgende: “the right of each and every language in a multilingual society to exist and the equality of opportunity for it to ‘develop’ legal and other technological limbs and to flourish”. Die laaste deel van hierdie aanhaling kan geskakel word met die tweede reg – **om ’n taal te kan ontwikkel**. Dit gaan nie net hier oor die ontwikkeling van die terminologie van ’n taal nie, maar ook oor die gebruik van taal in: “(the) production of schoolbooks, television drama, work manuals, law reports and newspapers”. In die praktyk beteken dit dan dat ’n miskenning van hierdie reg daartoe lei dat tale met min sprekers gemarginaliseer word betreffende die toegang tot die massamedia. Dit beteken ook dat die ontwikkeling ortografisering en modernisering van minderheidstale ’n uitoefening van hierdie reg impliseer. (Vgl. 4.5.2.2.)

Die derde reg naamlik **die reg om verstaan te kan word en ander tale te kan verstaan** hang saam met die idee van meertaligheid. Mazrui en Mazrui (1998:15) verwys na Kenia, as Britse kolonie, waar die plaaslike bevolking nie toegelaat is om Engels met Engelssprekendes te praat nie maar gedwing is om Kiswahili te praat as ’n voorbeeld van die skending van hierdie aspek van taalregte.

Indien aangeneem word dat individue die reg het om verstaan te kan word en om ander tale te verstaan, beteken dit dat die reg om enige taal aan te leer ook as ’n aspek van taalregte geïnterpreteer kan word. Die implikasie is dan dat ’n individu ’n ander vreemde taal bo sy eie kan kies en in Afrika het dit gebeur dat dit veral die taal van die vorige koloniale heersers hetsy Engels, Frans of Portugees is wat dikwels aangeleer is. Hieroor

merk Skutnabb-Kangas (1998:22) op dat 'n persoon die reg het om van die amptelike tale in 'n land te kan leer:

In relation to an *official language* a universal convention of linguistic human rights should guarantee that everybody whose mother tongue is not an official language in the country where s/he is resident, has the right to become a high level bilingual (or trilingual, if s/he has two mother tongues) in the mother tongue(s) and (one of) the official language(s)

[beklemtoning in oorspronklike teks]

Sachs voeg ook 'n vierde negatiewe reg by, naamlik die **reg om nie teen gediskrimineer te word op grond van jou taal nie**. Vir hierdie reg word daar reeds in die *Grondwet* voorsiening gemaak (vgl. artikel 9 (3) en (4)) en word hierin duidelik gestel dat onbillike diskriminasie van die staat of 'n regs- of 'n natuurlike persoon ongrondwetlik sou wees.

2.6 Die verband tussen taalregte en minderheids- en kulturele regte

In die *Grondwet* word menseregte nie in verband met groepsregte gebring nie. Verder word regte in Suid-Afrika as individuele regte gekonsipieer. Tog word dikwels op 'n internasionale vlak erkenning gegee aan taalregte op grond van taal as belangrike element by die erkenning van minderheidsgroepe asook die wyer begrip van kultuur. Vervolgens sal hierdie twee sake bespreek word.

Volgens Phillipson *et al.* (1995:10) is die blote erkenning van taalregte en die wyse waarop dit in die praktyk gerealiseer word, onafskeidbaar verbonde aan die politieke status van taalgemeenskappe. Die skrywers voer verder aan dat identiteit en die uitdrukking daarvan 'n wesentlike kulturele eienskap van minderhede en meerderhede is en voer aan dat selfbeskikking 'n basiese beginsel binne die internasionale reg is waarop ag geslaan moet word (Phillipson *et al.*, 1995:10).

Indien hierby gereken word dat minderheidsgroepe basies in alle lande aangetref word en deur wetgewing in ander lande en streke beskerm word, is dit belangrik om 'n verband tussen minderheids- en kulturele regte met taalregte aan te toon.

Vervolgens word dan definisies van die begrip minderheidsgroep gegee en word die implikasies hiervan ten opsigte van taalregte aangedui. Die hantering van minderhede as model vir die benadering van taalregte word ook deur Henrard (2001b:41) ondersteun. Ondanks die feit dat kundiges nie 'n pertinente definisie van die begrip minderheidsgroep in verband met menseregtesake gee nie, word Capotorti (1991:96) se omskrywing hier weergegee. Hy voer aan dat minderheidsgroepe primêr op grond van getalsterkte en politieke posisie bepaal word as hy sê die begrip dui op:

A group numerically inferior to the rest of the population of a State, in a non-dominant position, whose members – being nationals of the State – possess ethnic, religious or linguistic characteristics differing from those of the rest of the population and show, if only implicitly, a sense of solidarity, directed towards preserving their culture, traditions, religion or language.

Hierdie definisie beklemtoon die feit dat so 'n inheemse groep eienskappe het wat verskil van die res van die bevolking en dat so 'n groep 'n behoefte het aan solidariteit en die behoud van hul kultuur, tradisies, godsdiens en *taal*.

Indien hierdie definisie in gedagte gehou word kan slegs taalgemeenskappe wat 'n kleiner getal sprekers as die Engelse eerstetaalgroep in terme van Suid-Afrika as minderhede beskou word. Veral in die geval van Suid-Afrika moet hierdie definisie eerder gegrond word op die status wat 'n taal geniet en nie net die getal sprekers nie. Webb (1992:230) bevraagteken ook die definisie van 'n minderheidsgroep wat gebaseer is op getalle en merk op dat die term, minderheidstaal kan verwys na “groepe wat getallegewys in die meerderheid is, maar gedomineer word deur 'n groep wat getallegewys in die minderheid is terwyl hulle die vermoë verkry het om hulle wil op ander af te dwing”. Hier word spesifiek verwys na Afrikatale wat in die verlede en selfs nou eienskappe van minderheidstale vertoon (ten opsigte van erkenning en status) ten spyte van 'n hoë aantal sprekers. Hierdie verskynsel kan in verband gebring word met Cluver (1993:48) se terme *dominante taal* en *gedomineerde taal*. Cluver bring hierdie terme in verband met meerderheids- en minderheidstale. Die definisie van 'n *dominante taal* lui soos volg: “A language whose speakers have more political power and thus more social influence than speakers of other varieties that are spoken in the area.” (Cluver, 1993:12.) Hoewel hierdie terme meer beskrywend is in terme van die historiese agtergrond van die tale in Suid-

Afrika, is dit duidelik dat dit voorsiening maak vir die verrekening van die komplekse talessituasie in die post-apartheidsbedeling in Suid-Afrika.

'n Wesenlike probleem met die gebruik van die term “minderheid” is dat dit maklik as 'n negatiewe etiket deur so 'n groep ervaar kan word. Dit gaan dus hier oor die definiering van 'n groep mense op grond van wat hulle nie is nie, in plaas van wat hulle is. Of soos Kontra *et al.* (1999:5) dit noem, as “deviant, deficient, the Other, subnormal or abnormal” beskou word. Die eienskappe van minderhede wat deur Louis Wirth (sien Ferrante, 2000:297, 300) onderskei is, bied ook 'n duidelike beeld wat die term *minderheid* omvat. Dit kan kortliks soos volg weergegee word:

- ♦ lidmaatskap is onwillekeurig;
- ♦ minderheidstatus is nie noodwendig gebaseer op getalle nie;
- ♦ geen deelname deur die minderheidsgroep aan aktiwiteite van die groter samelewing nie; en
- ♦ mense wat aan so 'n groep behoort, word behandel as deel van 'n kategorie ongeag van hul individuele eienskappe.

Ferrante (2000: 300) bevraagteken egter sommige van die eienskappe wat Wirth weergee en voer aan dat lidmaatskap nie noodwendig uit vrye wil is nie omdat, soos in die laaste punt gestel word, lede van 'n minderheidsgroep dikwels juis deur die groter samelewing om hulle uitgeskuif en geëtiketteer word.

Henrard (2001a) onderskei tussen objektiewe en subjektiewe eienskappe van minderhede:

The objective components of the minority concept can be listed as possessing ethnic, religious or linguistic features which are different from those possessed by the rest of the population, comprising a minority position numerically as compared to the rest of the population, that is comprising less than 50% of the total population, and fulfilling the so-called “non-dominance” requirement, namely that the minority should not have a dominant position over the rest of the population. The subjective component refers to the collective wish of the minority group to preserve and develop its own, separate identity.

Henrard sluit aan by die eienskappe soos gedefinieer deur Wirth in terme van verskillende etniese, religieuse of taaleienskappe (objektief) asook die kollektiewe wens om deel te wees van 'n minderheidsgroep (subjektief). Desnieteenstaande dien die getal

sprekers steeds as riglyn en moet 'n minderheidsgroep dan minder as 50% van die totale bevolking wees. In terme van Suid-Afrika (sien TABEL 2.1) kwalifiseer al die taalgemeenskappe op grond van hul getal sprekers as minderheidsgroepe, maar kan so 'n definisie problematies wees indien 'n nedominante groep heelwat meer sprekers het as 'n dominante groep.

Dunbar (2001:119) maak die volgende stelling ten opsigte van internasionale dokumente omtrent minderhede: “the present provision falls well short of a comprehensive and coherent package”. Dunbar fokus dan veral hier op die *Convention for the Protection of Human Rights* (EHCR) en die *International Covenant on Civil and Political Rights* (ICCPR)³⁰. Die verband tussen die Suid-Afrikaanse taalklousules in die *Grondwet* en die ICCPR word ook deur Henrard (2001a) genoem.

Ter toeligting van die Suid-Afrikaanse taalsituasie sien TABEL 2.1 van die sprekers van verskillende Suid-Afrikaanse tale soos in die 1996 en 2001 sensusse weergegee:

TABEL 2.1 : SENSUSDATA VAN DIE TAALVERSPREIDING IN SUID-AFRIKA

Taal	1996 SENSUS		2001 SENSUS	
	Getal sprekers	Persentasie	Getal sprekers	Persentasie
IsiZulu	9 200 144	22.9%	10 677 305	23.8%
IsiXhosa	7 196 118	17.9%	7 907 153	17.6%
Afrikaans	5 811 547	14.4%	5 983 426	13.3%
Sepedi	3 695 846	9.2%	4 208 980	9.4%
Engels	3 457 467	8.6%	3 673 203	8.2%
Setswana	3 301 774	8.2%	3 677 016	8.2%
Sesotho	3 104 197	8.2%	3 555 186	7.9%
Xitsonga	1 756 105	4.4%	1 992 207	4.4%
SiSwati	1 013 193	2.5%	1 194 430	2.7%
Tshivenda	876 409	2.2%	1 021 757	2.3%
IsiNdebele	586 961	1.5%	711 821	1.6%
Ander	228 275	0.6%	217 293	0.5%
TOTAAL	40 583 574	100%	44 819 778	100%

(Bron: Du Plessis, 2000:101 en Statistics South Africa, 2003:15)

³⁰ Die *International Covenant on Civil an Political Rights* word weergegee deur Unesco (2002e).

Hierdie tabel skets slegs die omstandighede in terme van die aantal sprekers van die amptelike tale van Suid-Afrika. In die *Grondwet* word daar nie voorsiening gemaak vir minderhede nie, maar volgens Beukman (2000:141) praat die *Grondwet* van “gemeenskappe” in plaas van “minderhede”³¹. Dit beteken dat die *Grondwet* op ’n ander manier as deur die pertinente verwysing na minderheidsregte voorsiening maak vir die beskerming van gemeenskappe se regte. Beukman verwys hier spesifiek ook na die werksaamhede van die Kommissie vir die Bevordering en Beskerming van die Regte van Kultuur-, Godsdiens- en Taalgemeenskappe (sien 2.4.2). Hierteenoor word die terme “minderheidstaal” en “gemeenskapstaal” in die Langtag-verslag (Langtag, 1996:172) gekritiseer vanweë die negatiewe konnotasies wat aan die term “minderheid” geheg word en die feit dat daar ook gemeenskappe is wat die amptelike tale praat. In die Langtag-verslag (Langtag, 1996:172) word dan ook spesifiek van erfenistale gepraat. Hierbenewens moet die volgende tale en taalgroeperings ook in ag geneem word:

- ♦ die Khoi-, Nama- en Santale³²;
- ♦ Gebaretaal³³;
- ♦ Tale vir godsdienstige doeleindes³⁴ (bv. Arabies, Grieks, Hebreeus, Latyn en Sanskrit); en
- ♦ Erfenistale
 - Erfenistale uit Afrika³⁵: Noord-Ndebele, Phuthi, Lobedu en die Afrikatale van immigrante,
 - Erfenistale uit Asië³⁶
 - Erfenistale uit Europa³⁷

Juis hierdie tale kan eerder as minderheidstale gereken word aangesien hulle in terme van status minder erkenning as die ander elf amptelike tale geniet en ook byvoorbeeld in terme van die media nie gebruik word nie.

³¹ Vgl. artikel 185 (*Grondwet*)

³² Vgl. artikel 6 (5)(a)(ii) (*Grondwet*); Langtag (1996:172)

³³ Vgl. artikel 6 (5)(a)(iii) (*Grondwet*); Langtag (1996:174)

³⁴ Vgl. artikel 6 (5)(b)(ii) (*Grondwet*); Langtag (1996:174)

³⁵ Vgl. Langtag (1996:172-173); Suid-Afrikaanse San Instituut (2000)

³⁶ Vgl. artikel 6 (5)(b)(i) (*Grondwet*); Langtag (1996:173-174)

³⁷ Vgl. artikel 6 (5)(b)(i) (*Grondwet*); Langtag (1996:174)

Omdat die duidelike verband tussen taal en kultuur allerweë erken word (vgl. Gromacki, 1992:471; Coupland & Jaworski, 1997:439-442; Crystal, 1997:34-45; Ferrante, 2000:92-94 en May, 2001:132-135), word soortgelyk aan die erkenning van minderheidsregte die erkenning van kulturele regte en dus die regte van kulturele groepe hierby ingereken.

Kulturele regte is daarop gemik om die regte van persone uit kultuurgroepe te onderhou en word deur verskeie internasionale menseregte dokumente ondersteun, soos: *The Universal Declaration of Human Rights* [artikel 17(1)]; die *International Covenant on Economic, Social and Cultural Rights* [subartikel 15(1)(a)] en die *African Charter on Human and Peoples' Rights* [artikel 17(2)]. (Vergelyk 2.8 omtrent die dokumente wat deur Suid-Afrika geratifiseer is.)

In die *Grondwet* word daar voorsiening gemaak vir kulturele regte in artikels 30 en 31. [Vir 'n uiteensetting van hierdie artikels sien 2.3.2.] Venter (1998b:439-441) merk op dat die *Grondwet* nie die term *kultuur* definieer nie en kom dan verder tot die gevolgtrekking dat die term kan verwys na: "traditional, intellectual and spiritual attributes of specific groups of people in society". Bennett (1995:23) maak die volgende opmerking: " 'culture' may also denote a people's entire store of knowledge and artefacts, especially the **languages**, systems of belief, and laws, that give social groups their unique characters" [my beklemtoning]. Hier word die skakel tussen kultuur en taal ook genoem.

Die AHD (1996:454) omskryf kultuur as al die gedragspatrone, kuns, oortuigings, instellings en ander produkte van menslike werk en denke wat oorgedra word. Haysom en Kathla (1997:277) noem dat taalregte meer doen as net die bevoegdheid om effektief te kommunikeer beskerm maar ook 'n meganisme van kulturele kontinuïteit beskerm.

Addis (1997:138) stel die verwantskap tussen taal en kultuur soos volg:

...the survival of a group's culture is, to some extent, dependent on the vitality of its language. Language is not a mere medium of reality. It is partly constitutive of that reality. It affects how we think and how we view and perform the rituals that are central to the particular culture. Thus, to destroy a group's language might contribute to the destruction of that group's culture.

Minderheidsgroepe is 'n realiteit in baie lande en om hierdie rede bestaan daar internasionale regulasies en liggame wat hul vir die regte van die groepe beywer. Tog is dit duidelik uit die voorafgaande bespreking dat dit moeilik is om die term *minderheid* te omskryf.

2.7 Die kwessie van taalregte as individuele of groepsregte

Vanuit 'n literatuurstudie rondom internasionale beskouings rondom taalregte word 'n onderskeiding getref tussen taalregte as individuele of groepsregte. In terme van Suid-Afrika word hierdie skeiding ook soms in taalsosiologiese vakliteratuur beklemtoon. Hierteenoor word regte as individuele regte gekonsipieer. Hierdie beginsel blyk reeds uit die formulering in die *Handves van Regte* (Hoofstuk 2, *Grondwet*) waar daar telkens verwys word na "elkeen". Hiervolgens kan genoem word dat 'n reg en by implikasie 'n taalreg nie *as* 'n groepsreg uitgeoefen word nie maar *in* 'n bepaalde konteks oftewel gemeenskap uitgeoefen word. Tog is 'n oorsig omtrent die onderskeid belangrik in terme van die breër bespreking rondom taalregte met inagneming dat die konsep van 'n groepsreg nie geldig is in 'n regsposisie in Suid-Afrika nie.

Dit word uit die taalsosiologiese vakliteratuur duidelik dat die kwessie oor taalregte as individuele of as groepsregte telkens in die brandpunt staan (sien Phillipson *et al.*, 1995:2; MacMillan, 1998:23) Vir die doeleindes van hierdie studie is dit van wesentlike belang om die saak dan van verskillende kante te benader.

Wanneer dit gaan om taalregte as individuele regte gaan dit tipies om die eise wat individue kan stel rakende menseregtesake, soos byvoorbeeld taalregte. Prakties gesien gaan dit oor 'n individu se eis om die taal wat hy/sy magtig is te gebruik of te wil gebruik en die reaksie van die omgewing waarin die persoon hom/haar bevind op hierdie eis of behoefte. Ten opsigte van groepsregte is die vakliteratuur dit eens dat alle groepsregte uiteindelik tot individuele regte geabstraheer kan word en dat praktiese oorwegings gewoonlik die laaste woord spreek oor die verskil tussen individuele en groepsregte (MacMillan, 1998:23).

Hier meld Webb (2002:158-161) die driedeling met betrekking tot die hantering van taalregte op grond van die *gebiedsprinsiep*, die *prinsiep van kollektiwiteit* en die *individualiteitsprinsiep*. Vir hierdie bespreking word op die laasgenoemde twee prinsiepe gefokus aangesien, soos Webb (2002:158) ook noem, die gebiedsprinsiep minder van toepassing is in Suid-Afrika.³⁸

Dit is belangrik om te meld dat taalgemeenskappe nie noodwendig homogeen is nie en dat dit dikwels verskillende etniese, religieuse en rassegroepe kan omvat. 'n Voorbeeld hiervan is die sprekers van Afrikaans waarvan slegs 50,8% ($\pm 2\ 730\ 000$ van $5\ 740\ 000$) wit is (Van Rensburg, 1997:80).

De Varennes (2001) merk op dat daar dikwels gereken word dat minderheidsregte en taalregte 'n nuwe generasie regte is wat ook kollektief van aard is en voeg ook die volgende by:

...today language rights derive from general human rights standards, especially non-discrimination, freedom of expression, right to private life, and the right of members of a linguistic minority to use their language with other members of their community. All of these are "authentic", **individual** human rights as generally recognised in international law

[eie beklemtoning]

MacMillan (1998:24 e.v.) noem dat die onderskeid tussen groeps- en kollektiewe regte en die oorweging of taalregte nie dalk eerder kollektiewe regte is nie, 'n verdere dimensie tot die debat voeg. Hy kom tot gevolgtrekking dat elkeen van hierdie drie onderskeidings elemente of eienskappe van die ander bevat wat dit in die besonder moeilik maak om klinkklare onderskeid tussen die verskillende soorte regte te tref (MacMillan, 1998:28). Tog voer hy aan dat, vanweë die feit dat dit primêr individue is wat taalregte opeis en uitoefen, taalregte as sodanig beskou moet word.

³⁸ Die gebiedsprinsiep vir die hantering van taalregte word veral in lande soos België en Switserland toegepas (vgl. Webb, 2002:158) en is nie geldig in Suid-Afrika waar nie so baie gebiede homogeen is nie. Hierdie saak word weer later in terme van streeksuitsendings van die SABC-TV aangeraak (vgl. 4.4.2).

Daarenteen voer Phillipson (DACST, 1999:35) aan dat waar taalregte se basis individueel van aard is, daar geleidelik 'n verskuiwing gekom het in die siening van taalregte as groeps- en kollektiewe regte:

...language rights are by definition social and they presuppose a community or a group of some sort and there has been a shift in the direction of international law which is one of the sources of principles for human rights work generally in the direction of acknowledging that group rights, collective rights, are fundamental as well.

Haysom en Kathla (1997:280) noem dat taalregte individuele of subjektiewe regte is volgens artikel 30 van die *Grondwet* en dat dit nie kollektiewe regte impliseer nie. (Vergelyk ook: Devenish, 1999:211-215.)

Tog kan genoem word dat taal deurslaggewend is in die skep van 'n gemeenskapsidentiteit, maar dat dit nie sodanig in die *Grondwet* uitgespel word nie. Roodt (1999:9) maak dan ook die volgende stelling: “[t]he right to language is essentially the right to a community identity”. Verder voeg Roodt by dat “[p]eople express their identity through language and education”. Hierdie stelling gee dan aanleiding tot die vraag of 'n mens se identiteit deur die individu self of deur die gemeenskap bepaal word. Roodt voer haar argument verder en maak die volgende opmerking:

Because members of a language community most often exercise their language rights in the context of a wider community, both the right of freedom of association and of expression are indispensable for the collective expression of identity.

Teen individuele regte maak Rannut (1999:110) ook die volgende beswaar:

The main practical concern of those who stress individual rights at the cost of collective rights has to do with the implications for individuals upon whom duties will be imposed in the name of group rights that might be detrimental to their well-being.

Rannut (1999:111) verklaar dat kollektiewe taalregte: “protect language group membership and its identity, based on an individual’s membership in a given community”. Dus is die kollektiewe dimensie van taal en by implikasie taalregte 'n belangrike veranderlike wat in ag geneem moet word.

'n Meer uitgebreide omskrywing van taalregte word deur Phillipson *et al.* (1995:2) gegee ten opsigte van groepsregte en individuele regte. Hulle merk eerstens op dat taalregte op 'n individuele vlak impliseer dat:

...everyone can identify positively with their mother tongue, and have that identification respected by others, irrespective of whether their mother tongue is a minority language or a majority language. It means the right to learn the mother tongue, including at least basic education through the medium of the mother tongue, and the right to use it in many of the (official) contexts... It means the right to learn at least one of the official languages in one's country of residence.

(Phillipson *et al.*, 1995:2)

Op 'n kollektiewe vlak impliseer dit volgens hulle:

...the right to enjoy and develop their language and the right for minorities to establish and maintain schools and other training and educational institutions, with control of curricula and teaching in their own languages. It also involves guarantees of representation in the political affairs of the state, and the granting of autonomy to administer matters internal to the groups, at least in the fields of culture, education, religion, information, and social affairs, with the financial means, through taxation or grants, to fulfil these functions.

(Phillipson *et al.*, 1995:2)

Voor die *Grondwet* (1996) aanvaar is, is die gebruik van die term *groepsregte* bevraagteken. Hieroor meld Erasmus (1998:7) die volgende:

Gegewe Suid-Afrika se geskiedenis waarvolgens 'n eiesoortige vertolking gegee is aan begrippe soos selfbeskikking en groepsregte as ideologiese regverdiging vir apartheid en diskriminasie, was daar tydens die onderhandelingsproses 'n sterk gevoel teen 'n benadering van "groep" en "kultuur" geklee in 'n grondwetlike baadjie en afdwingbare regte wat daartoe sou neig dat eksklusiewe bevoorregting sou voortduur.

Hier gaan dit veral ook oor die bevordering van Engels en Afrikaans teenoor Afrikatale. Die gebruik van die konsep *groep* in die hantering van taalregte word ook deur Webb (2002:16) as problematies beskou. Die idee van 'n *groep* as 'n afsonderlike volk met 'n eie taal en kultuur herinner aan die bestaan en die afsonderlike ontwikkeling van al die verskillende "volke" in Suid-Afrika. Brown (1992:82) gee die volgende weer: "apartheid's

architects put particular emphasis on the language question by promoting the autonomy of linguistic groups, an important building block of their ideology". Ten spyte van pogings deur Afrikataalsprekers (vgl. Nhlapo, 1945:1-22 en onderafdeling 4.5.2.2) om verwante "tale" saam te voeg tot 'n enkele geharmoniseerde taal het die regering dit teengestaan. Dus kan die idee van "*taal = taalgemeenskap = etniese groep = volk*" met die Apartheidsideologie van die vorige bestel in Suid-Afrika geassosieer word. (Vgl. Reagan, 2002:428-429) Hierdie aanname verander nie die feit dat daar wel 'n ooreenkoms bestaan tussen 'n groep en die taal wat deur lede daarvan gepraat word nie. Tog moet dit in die konteks van Suid-Afrika ook in ag geneem word. Reagan (2002:429) verwys ook na groepsregte en merk die volgende op:

Closely related to the concept of ethnicity is that of ethnic or group rights, which will almost certainly include a recognition of language rights. Although the term 'group rights' is again a highly politicised and very controversial one in the South African context, it is not without merit.

Soos Reagan ook noem, is juis die politieke organisasies met groepsregte 'n groot struikelblok in die erkenning daarvan.

Mazrui en Mazrui (1998:115) beskou die "right of language(s)" as 'n kollektiewe reg omdat die verbreking daarvan hier gaan om die uitwerking wat dit op 'n hele taalgemeenskap kan hê, terwyl die "right to language(s)" meer 'n individuele reg is. Mazrui en Mazrui noem dat binne 'n bepaalde taalkonstellasie dit verwys na die reg om die taal waarin 'n persoon die vaardigste is te gebruik sowel as die reg om toegang te hê tot die taal (of tale) van bemagtiging en sosio-ekonomiese vordering. Juis hierdie reg bevorder die gebruik van die taal met die hoogste ekonomiese waarde en sosiale status wat dikwels ten koste van 'n moedertaal wat 'n laer status kan hê, mag geskied.

Webb (1992:235-236) merk ook op dat taalregte beskerm kan word op 'n groepsbasis of individuele basis, maar dat dit eerder as 'n individuele reg gehanteer moet word "met konstitusionele waarborge wat mense verbied om te diskrimineer teen individue op grond van hul taal". Soos Webb noem Alexander (2001:116) ook dat die taalregte van individue en taalgemeenskappe verskans is in die *Grondwet* as integrale deel tot die *Handves van Regte*. Die bemagtiging van mense hang volgens Alexander in hierdie verband juis af van die fasilitering van kommunikasies tussen mense en tussen hulle en die regering. Die

Grondwet erken taal- en kulturele regte maar daar is nie duidelikheid omtrent die aard en beperkings van hierdie regte nie. (Vgl. Reagan, 2002:429.)

Hoewel dit volgens die vakliteratuur duidelik word dat taalregte teoreties as individuele sowel as kollektiewe regte beskou word, word die saak gekompliseer as dit vanuit die ontwikkelende Suid-Afrikaanse samelewing beskou word. Volgens Haysom en Kathla (1997:280) en De Waal *et al.* (2001:471, 473-4) beskou die Suid-Afrikaanse *Handves van Regte* menseregte as individuele regte wat persone toekom. Daarteenoor stel Venter (1998b:448-449) dit duidelik dat die konstitusionele regte rakende kultuursake, waarby taal inbegryp word, tegelyk individuele en kollektiewe aansprake (“demands”) en verwerre (“defences”) impliseer.

Dit behoort uit die voorgaande bespreking duidelik te wees dat daar nie volledige eenstemmigheid bestaan oor die identifisering van taalregte as synde individuele, groeps- of kollektiewe regte nie. Dit is ook insiggewend dat dit uit taalsosiologiese bronne duidelik word dat taalregte nie net enkelvoudig as individuele regte beskou kan word nie. Tog is dit uit die formulering van die *Grondwet* duidelik dat die regsposisie van die *Handves van Regte* een is wat persoonsregte aantoon en nie groepsregte nie.

2.8 Internasionale dokumente rakende taalregte

Sachs (1998:12) merk op dat die wye kultuurdebat in Suid-Afrika ’n drieledige spanning vertoon: eerstens deur die dominante posisie van Engels in alle Suid-Afrikaanse lewensfere, dan die siening van Afrikataalsprekers dat, noudat politieke demokrasie gevestig is, daar ’n behoefte bestaan om inhoud te gee aan dié vryheid en om die identiteit as Afrikane in Suid-Afrika en as deel van die globale gemeenskap uitgeleef word, en laastens die kwessie oor Afrikaans wat nie maar net gerelativeer kan word tot blote sug na vergane mag nie. Hy stel dit egter duidelik dat dit van wesensbelang is dat gedeelde burgerskap (“common citizenship”) uiteindelik rigtingbepalend is vir die manier waarop die *Grondwet* geïnterpreteer en toegepas word.

Juis vanweë die spesifieke uitdagings rondom die hantering van taalsake in die ontwikkelende Suid-Afrikaanse gemeenskap, pas dit om spesifiek te let op die manier waarop daar in internasionale dokumente met menseregte- en taalsake omgegaan word. Vervolgens sal 'n oorsig gegee word van die relevante dokumente van die VN, ander dokumente, dokumente uit Afrika en dan meer spesifiek dokumente wat deur Suid-Afrika geratifiseer word.

In die *Grondwet* word die volgende bepalings rondom internasionale ooreenkomste gegee:

231. (1) Die onderhandeling en ondertekening van alle internasionale ooreenkomste is die verantwoordelikheid van die nasionale uitvoerende gesag.
- (2) 'n Internasionale ooreenkoms bind die Republiek slegs nadat dit in sowel die Nasionale Vergadering as die Nasionale Raad van Provinsies by besluit goedgekeur is, tensy dit 'n ooreenkoms genoem in subartikel (3) is.
- (3) 'n Internasionale ooreenkoms van tegniese, administratiewe of uitvoerende aard, of 'n ooreenkoms wat nie bekragtiging of toetrede vereis nie, en wat deur die nasionale uitvoerende gesag aangegaan is, bind die Republiek sonder goedkeuring deur die Nasionale Vergadering en die Nasionale Raad van Provinsies, maar moet binne 'n redelike tyd in die Vergadering en die Raad ter tafel gelê word.
- (4) 'n Internasionale ooreenkoms verkry regsrag in die Republiek wanneer dit by nasionale wetgewing as wet verorden word; maar 'n direk uitvoerbare bepaling van 'n ooreenkoms wat deur die Parlement goedgekeur is, verkry regsrag in die Republiek tensy die ooreenkoms met die Grondwet of 'n Parlements wet onbestaanbaar is.
- (5) Die Republiek word gebind deur internasionale ooreenkomste wat die Republiek by die inwerkingtreding van hierdie Grondwet gebind het.

Soos Amien en Farlam (1998:4) ook noem, berus die mag om verdrae te onderteken by beide die wetgewende as die uitvoerende gesag. Ten einde 'n verdrag geldig te maak moet 'n ratifikasie³⁹ of bekragtiging⁴⁰ daarvan deur die Nasionale Vergadering en die Nasionale

³⁹ Smuts en Smuts (1992:128) beskryf die term *ratifiseer* as “Amptelik bekragtig”.

⁴⁰ Die term *bekragtig* - as sinoniem vir *ratifiseer* - word deur Smuts en Smuts (1992:19) omskryf as: “'n Handeling of ooreenkoms deur woord en daad erken en krag gee”.

Raad van Provinsies plaasvind. Die ondertekening impliseer ook nie dat Suid-Afrika aan die bepaalde ooreenkoms gebind is nie, tensy dit van “tegniese, administratiewe of uitvoerende aard” is en nie bekragtiging of toetreding vereis nie. Amien en Farlam (1998:5) maak ook die volgende opmerking:

A resolution or ratification or accession does not result in the provisions of a treaty being incorporated into South African law (as was intended to be the case under South Africa’s interim Constitution (s 231(3) of Act 200 of 1993)), unless any of the provisions are both ‘self-executing’ and not in conflict with the South African Constitution or pre-existing legislation.

Daar is bepaalde internasionale instrumente, wat verband hou of verwys na taalregte, wat deur Suid-Afrika geratifiseer of onderteken is. Die *Internasionale Verbond op Ekonomiese, Sosiale en Kulturele Regte* (“International Covenant on Economic, Social and Cultural Rights”) van 1966 is in 1994 deur Suid-Afrika onderteken. Verder is die *Internasionale Verbond op Burgerlike en Politieke Regte* (“International Covenant on Civil and Political Rights”) van 1966 ook in 1994 onderteken. Hiermee saam is die *Konvensie op die Regte van ’n Kind* (“Convention on the Rights of the Child”) van 1989 in 1995 geratifiseer. (Vergelyk Amien en Farlam, 1998:1-3.)

Die *Internasionale Verbond op Ekonomiese, Sosiale en Kulturele Regte*⁴¹ fokus op menseregte en menseregte in die algemeen. In artikel 2(2) word onderneem dat regte so uitgedruk word dat daar nie onder andere diskriminasie op grond van taal plaasvind nie.

In die *Internasionale Verbond op Burgerlike en Politieke Regte* word in artikel 2(1) genoem dat die regte wat in die verbond vervat is nie op grond van taal misken mag word nie. In artikels 4 (1) en 26 word diskriminasie op grond van taal genoem. Terwyl artikel 14 (3)(a) en (f) verwys na die reg om in die taal wat deur ’n aangeklaagde verstaan word van sy of haar klag ingelig te word, asook die hulp van ’n tolk in ’n hof. Kinders sal ook bepaalde regte hê ongeag van hulle taal (artikel 24(1)). In artikel 27 word melding gemaak van taalminderhede en word verklaar dat minderhede nie die reg geweier mag word om hulle taal te gebruik nie.

⁴¹ Weergegee in Amien en Farlam (1998:20-27).

Die *Konvensie op die Regte van 'n Kind* verwys in artikel 2(1) dat daar nie diskriminasie, in terme van die bepalings in die konvensie, mag plaasvind teenoor kinders op grond van taal nie. Ten opsigte van onderrig moet respek, volgens artikel 29(c) vir taal gekweek word. Veral van belang vir die gesprek rondom taal en die media kan artikel 17 (d) aangehaal word waar die lande wat die dokument onderteken onderneem om: “Encourage the mass media to have particular regard to the linguistic needs of the child who belongs to a minority group or who is indigenous”. Hiermee saam verwys artikel 30 weereens na minderhede en dat daar nie op grond van taal teen hulle gediskrimineer mag word nie.

Verder is dit baie belangrik om die volgende bepalings in artikel 39 van die *Grondwet* (1996) ook in ag te neem:

39. (1) By die uitleg van die Handves van Regte -
- (a) moet 'n hof, tribunaal of forum die waardes wat 'n oop en demokratiese samelewing gebaseer op menswaardigheid, gelykheid en vryheid ten grondslag lê, bevorder;
 - (b) moet 'n hof, tribunaal of forum die volkereg in ag neem; en
 - (c) kan 'n hof, tribunaal of forum buitelandse reg in ag neem.

Om hierdie rede kan beide bindende en niebindende internasionale verdrae in ag geneem word in die interpretasie⁴² van die *Handves van Regte*.

Daar bestaan volgens Unesco (2000b) heelwat ander internasionale regsinstrumente⁴³ van die VN wat verband hou met taalregte alhoewel hulle nie almal deur Suid-Afrika

⁴² Hier kan genoem word na aanleiding van die uitspraak van *S v Makwanyane* dat internasionale reg in Suid-Afrika nie net klakkeloos nagevolg kan word nie.

⁴³ Universal Declaration of Human Rights (1948); International Labour Organization Convention No. 107 (1957); UNESCO Convention Against Discrimination in Education (1960); International Covenant on Civil and Political Rights (1966); Declaration on the Human Rights of Individuals who are not Nationals of the Country in Which They Live (1985); International Labour Organization Convention No. 169 (1989); International Convention on the Protection of the Rights of all Migrant Workers and Members of their Families (1990); Declaration on the Rights of Persons Belonging to National or Ethnic, Religious and

onderteken of geratifiseer is nie. Dit sluit ook dokumente⁴⁴ in wat binne die raamwerke van die volgende internasionale liggame menseregte en in besonder minderheidsregte en taalregte aanspreek: die Europese Raad, Europese Unie, Organisasie vir Veiligheid en Samewerking in Europa (OVSE), Organisasie van Amerikaanse State (OAS).

Volgens Amien en Farlam (1998:6) bestaan die *Internasionale Verklaring van Regte* (“International Bill of Rights”) uit die *Universele Verklaring van Menseregte* (“Universal Declaration of Human Rights”), die *Internasionale Verbond op Ekonomiese, Sosiale en Kulturele Regte* (“International Covenant on Economic, Social and Cultural Rights”) en die *Internasionale Verbond op Burgerlike en Politieke Regte* (“International Covenant on Civil and Political Rights”)⁴⁵.

Ook bestaan daar nieregeringsdokumente soos die *Universele Verklaring van Taalregte* wat deur individue, instellings en nieregeringsorganisasies onderteken is. Hoewel dokumente soos hierdie nie afdwingbaar is, maak dit deel uit van die internasionale diskoers rondom

Linguistic Minorities (1992); Draft Declaration on the Rights of Indigenous Peoples (1993); Vienna Declaration and Programme of Action (1993)

⁴⁴ American Declaration of the Rights and Duties of Man (1948); European Convention on Human Rights (1950); American Convention of Human Rights (1969); Arfé Resolution on a Community charter of regional languages and cultures and on a Charter of rights of ethnic minorities (1981); Concluding Document of the Stockholm Conference on Confidence- and Security-Building Measures and Certain Aspects of Security and Disarmament in Europe (1986); Kuijpers Resolution on the languages and cultures of regional and ethnic minorities in the European Community (1987); Additional Protocol to the American Convention on Human Rights in the Area of Economic, Social and Cultural Rights (1988); Concluding Document of the Vienna Meeting (1989); Charter of Paris for a New Europe (1990); Document of the Copenhagen Meeting (1990); Document of the Moscow Meeting of the Conference on the Human Dimension (1991); Helsinki Summit Decisions (1992); Treaty of European Union (1992); European Charter for Regional or Minority Languages (1992); Framework Convention for the Protection of National Minorities (1994); Killilea Resolution on linguistic and cultural minorities in the European Community (1994); Draft American Declaration on the Rights of Indigenous Peoples (1997); Oslo Recommendations Regarding the Linguistic Rights of National Minorities (1998); The Lund Recommendations on the Effective Participation of National Minorities in Public Life (1999)

⁴⁵ Vgl. Devenish (1999:205-207)

taalregte en het dit oordedende krag. Die opstelling van die *Universele Verklaring van Taalregte* (Unesco, 2002d) is gebaseer op die volgende aannames:

In the belief that a Universal Declaration of Linguistic Rights is required in order to correct linguistic imbalances with a view to ensuring the respect and full development of all languages and establishing the principles for a just and equitable linguistic peace throughout the world as a key factor in the maintenance of harmonious social relations...

Die verklaring het ten doel om taalongelykhede te herstel en respek vir en volle ontwikkeling van die tale te verseker. Ook poog dit om taalvrede te bereik. Verder spreek die dokument nie die taalregte in die verband van die lande waarin dit voorkom aan nie, maar fokus dit op individuele taalgemeenskappe. Taalgemeenskappe word volgens hierdie dokument omskryf as “any human society established historically in a particular territorial space, whether this space be recognized or not, which identifies itself as a people and has developed a common language as a natural means of communication and cultural cohesion between its members”. Die dokument erken taalregte as individuele sowel as kollektiewe regte (sien ook 2.7). Hierdie siening blyk problematies ten opsigte van die Suid-Afrikaanse *Grondwet* te wees, waar taalregte as individuele regte gekonsipieer word.

Verder identifiseer die verklaring ’n aantal “inalienable personal rights” asook “collective rights of language groups” (art. 3). Meer spesifiek word daar ook klem gelê op die taalregte ten opsigte van *openbare administrasie en amptelike liggame* (art. 15 tot 22), *ondernys* (art. 23 tot 30), *eiename* (art. 31 tot 34), *kommunikasiemedia en nuwe tegnologie* (art. 35 tot 40), *kultuur* (art. 41 tot 46) en die *sosio-ekonomiese sfeer* (art. 47 tot 52). Ten laaste word daar ook voorsiening gemaak vir die samestelling van ’n taalraad binne die VN asook ’n wêreldkommissie vir taalregte. Die voorafgaande bepalings en voorstelle kan sinvol toegepas word. Die belangrikheid van hierdie dokument word ook beklemtoon deur die uiteenlopende ondersteuners⁴⁶ daarvan wat oudpresident N.R. Mandela, aartsbiskop D. Tutu en minister M.G. Buthelezi insluit.

⁴⁶ Vergelyk UDLR (1997).

Soortgelyk aan die voorafgaande internasionale instrumente is bepaalde dokumente in Afrika opgestel – veral deur liggame soos die OAE⁴⁷ – wat implikasies het ten opsigte van taalregte. Die omstandighede rondom taalregte in Afrika sal nou kortliks bespreek word.

2.9 Taalregte in Afrika

Die oorhoofse doel met hierdie afdeling is om aan te toon wat daar vanuit die vakliteratuur gerapporteer word oor taalbeleid en taalregte in die Afrikakonteks. Dit is opvallend dat daar in die Afrikakonteks heelwat verklarings en regsinstrumente⁴⁸ wat handel oor taal en die posisie van die inheemse tale gemaak is. Tog veronderstel dit – net soos met ander soortgelyke internasionale regsinstrumente – nie noodwendig ’n bindende krag op Afrikastate nie.

Omtrent menseregte in Afrika maak Bennett (1995:1) die volgende opmerking:

African culture (and customary law) has not shared the prestige enjoyed by human rights. When decolonization began in Africa, not only were the arbiters of law and development convinced that human rights were a superior value system but they also believed that an inexorable process of acculturation would eventually result in the westernization of all people.

Dit blyk dus dat daar onder koloniale beheer min erkenning van die regte van die mense en gemeenskappe in Afrika was. Verder nog het die situasie met die dekolonialisering nie

⁴⁷ Omdat daar nog geen relevante dokumente van die nuutgestigte *Afrika-unie* – wat die OAE vervang – is nie, word die dokumentasie van die OAE deurgaans gebruik.

⁴⁸ Meeting on Bantu languages, Yaoundé (1970); Meeting of experts on the use of the regional or subregional African languages as media of culture and communication with the continent, Bamako, Mali (1979); Abidjan Meeting (1980); Bamako Meeting (1981); African Charter on Human and Peoples’ Rights (1981); Nouakchott Meeting (1981); OAU Language Plan of Action for Africa, Addis Ababa, Ethiopië (1986); African Charter on the Rights and Welfare of the Child (1990); Intergovernmental Conference on

verbeter nie en is die regte steeds as deel van 'n superieure waardestelsel geag en is die proses van akkulturasie as die oplossing van die probleme rondom die bestaan verskillende kulture en tale beskou.

Bennett (1995:2) is verder van mening dat menseregte nie goed ontvang is in nuwe onafhanklike regerings in Afrika nie. Behalwe vir die feit dat regerings in Afrika voortdurend verander het, het die regerings wat wel aan bewind was min geduld gehad vir burgerlike regte en vryhede wat as luukshede beskou is wat ekonomiese vooruitgang sou belemmer. Vir baie mense in Afrika skep die sogenaamde regte assosiasies met die morele hegemonie wat deur koloniale magte uitgeoefen word. Want die menseregtewebeweging is gereken as 'n ander vorm van Westerse imperialisme waarmee diplomatieke en ekonomiese verhoudings met ontwikkelende lande bepaal kon word.

Ten spyte van 'n invoer van menseregte deur koloniale heersers in Afrika noem Bennett (1995:3-8) dat daar wel 'n vorm van menseregte reeds in Afrika bestaan het, wat primêr gebaseer is op die waardes wat deur gemeenskappe in Afrika onderhou is.

Daarbenewens is duidelik dat, hoewel meertaligheid die norm in Afrika is (vgl. Webb & Kembo-Sure, 2000:41 en Crystal, 1997:316-318), dit deurgaans gebeur dat die inheemse Afrikatale 'n lae taalstatus het (Alexander, 2002:119). Om hierdie rede is dit dan belangrik om te bepaal wat die stand van taalregte in Afrika is en op watter manier amptelike status aan tale op die kontinent gegee word.

Die erkenning van tale in Afrika word gewoonlik op twee maniere aangepak. Die eerste hiervan is die amptelike gebruik van 'n enkele koloniale taal⁴⁹ en die ander is meertaligheid.

Language Policies in Africa, Harare (1997); The Asmara Declaration on African Languages and Literatures, Asmara, Eritrea (2000).

⁴⁹ Die term *koloniale taal* word gebruik om te verwys na tale wat deur eertydse koloniale moondhede gebruik is. Dit sluit in Engels, Frans, Portugees en Spaans. Vir die doel van hierdie studie gaan aanvaar word dat

Na onafhanklikheid het dit gebeur dat nuwe regerings in Afrikalande dikwels besluit het om 'n "neutrale" koloniale taal bo een van die inheemse tale te kies ten einde nasionale eenheid te bevorder en konflik te vermy. Hierteenoor meld Alexander (2001:115) dat ware eenheid nie deur die gebruik van 'n enkele taal bereik kan word nie, maar dat dit eerder gaan om effektiewe kommunikasie tussen mense.

Webb (2002:163) noem ook dat diversiteit nasionale eenheid kan fasiliteer. Die oorsprong van die keuse van 'n koloniale taal bo 'n inheemse een kan teruggevoer word na 'n sogenaamde *inligtingsimperialisme* of *inligtingskolonialisering*. Die terme is deur Andrewskutty gemunt en word weergegee deur Erasmus (1999:45). Erasmus voeg by dat die meeste ontwikkelende lande min weerstand gebied het teen die taalimperialisme. Phillipson (1992:47) gee die volgende definisie van Engelse *taalimperialisme*: "the dominance of English is asserted and maintained by the establishment and continuous reconstitution of structural and cultural inequalities between English and other languages". Verder noem Phillipson (1992:47) dat die taalimperialisme 'n voorbeeld is van linguïsimisme ("linguicism"), en omskryf hy dit as ideologieë, strukture en gebruike wat aangewend word om 'n ongelyke mags- en hulpbronverdeling tussen groepe op grond van 'n taalverdeling te legitimeer en in bedryf te stel.

Ten opsigte van die erkenning van tale in Afrika maak Paleker (1996:17) die volgende opmerking: "Recent political stabilisation prompted mainly by the move towards democracy has motivated many African states to consider protection for languages. However, developments have been slow."

Dit blyk ook uit die tipiese taalsamestellings van lande uit Afrika. Hierna volg TABEL 2.2 wat die situasie van amptelike tale in enkele Afrikalande skets. Dit is saamgestel uit inligting wat weergegee is deur Bamgbose (1991:30-31) en Webb & Kembo-Sure (2000, 26-54; 312-321).

Afrikaans en Arabies nie uitsluitlik as koloniale tale erken word nie, veral vanweë die geskiedenis en gebruik van die onderskeie tale.

TABEL 2.2 : INDELING VAN AMPTELIKE TALE IN AFRIKA

Amptelike taal	Voorbeelde	
Eentalig: 'n Inheemse taal	Ethiopië (Amharies) Somalië (Somali) Sudan (Arabies)	Endoglossies ⁵⁰
'n Koloniale taal en inheemse taal	Tanzanië (Kiswahili en Engels) Buruni (Kirundi en Frans)	
Koloniale taal en inheemse tale	Suid-Afrika (elf amptelike tale)	
Eentalig: 'n Koloniale taal	Kenia (Engels) Niger (Frans) Mosambiek (Portugees) Ekwatoriaal-Guinee (Spaans)	Eksoglossies
Twee koloniale tale	Kameroen (Engels en Frans)	

'n Handves uit Afrika wat deur die Suid-Afrikaanse regering onderteken (1995) en geratifiseer (1996) is, is die *Afrika Handves vir Mense- en Persoonsregte* ("African Charter on Human and Peoples' Rights") wat op 26 Junie 1981 deur die OAE aanvaar is. Ten eerste word daar in hierdie handves klem gelê dat daar nie onderskeid getref mag word ten opsigte van taal in die realisering van die bepalings daarin nie (artikel 2). Daar kan ook geargumenteer word dat taal geïmpliseer word wanneer gestel word dat elkeen die reg het om vrylik deel te neem in die kulturele lewe van sy of haar gemeenskap (artikel 17(2)) en dat elkeen die reg het tot kulturele ontwikkeling (artikel 22(1)).

Uit die bespreking blyk dit duidelik dat daar in Afrika 'n eiesoortige benadering tot menseregte en taalregte blyk te wees. Verder kan hierdie omstandighede teruggevoer word na die historiese agtergrond en die huidige taalsituasies wat regoor die kontinent

⁵⁰ Die terme in hierdie kolom dui die verskil tussen endoglossiese ("endoglossic") en eksoglossiese ("exoglossic") nasies aan. 'n Endoglossiese nasie het 'n inheemse taal as amptelike taal en 'n eksoglossiese nasie het 'n vreemde taal as amptelike taal. Heine (1992:23-27) tref 'n onderskeiding tussen die twee soorte taalbeleide op grond van die mate waartoe die tale deur die sprekers in afsonderlike lande gebruik word.

voorkom. Hierdie situasies wys juis op 'n groot verskeidenheid van tale sowel as benaderings daartoe. Ook kan genoem word dat daar ten spyte van herhaalde pogings tot instrumente op die kontinent om menseregte en spesifiek met betrekking tot taal weinig sukses behaal is (vgl. Paleker, 1996:17).

2.10 Gevolgtrekking

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat daar onsekerheid bestaan omtrent die definiëring van konsepte soos taal, regte, taalregte, kultuur en minderhede. Aan die een kant kan 'n entiteit soos 'n minderheid- of kultuurgroep nie met 'n vasgestelde stel kenmerke gedefinieer word nie. Aan die ander kant moet so 'n term tog na iets verwys ten einde betekenis aan wetgewing te verleen. Vir die doel van hierdie studie kan 'n taalreg dus soos volg gedefinieer word:

Die reg van 'n individu:

- *om sy/haar taal te gebruik en te ontwikkel;*
- *om verstaan te word en ander tale kan gebruik/aanleer;*
- *en om nie teen gediskrimineer te word op grond van sy/haar taal nie.*

In die Afrikakonteks is dit belangrik om in ag te neem dat menseregte deel uitgemaak het van die ongeskrewe reg wat lank reeds in gemeenskappe toegepas is. Enkele beleidsdokumente van die OAE wys dat state in Afrika hulle verbind het tot bepaalde besluite ten opsigte van tale en taalregte, maar soos dit uit ander bronne blyk is besluite selde deurgevoer. In Suid-Afrika kom 'n soortgelyke tendens na vore waar daar in terme van wetgewing en beleidsdokumente wel voorsiening gemaak word vir die beskerming van taalregte maar, soos aangedui, word taalregte steeds op verskeie velde misken. Vervolgens sal taalregte en die taalsituasie binne die SABC as openbare uitsaaiers ondersoek word.

HOOFSTUK 3 : Die SABC en die erkenning en beskerming van taalregte

3.1 Inleiding

Hierdie hoofstuk het ten doel om te bepaal hoe taalregte, soos in die vorige hoofstuk uiteengesit, deur die SABC erken en beskerm moet word na aanleiding van nasionale wetgewing en hul eie beleidstukke sowel as om aan te dui hoe die beskerming daarvan in die SABC se hantering van hulle taalsake in realiteit na vore kom. Eerstens sal 'n breë konteks rondom die uitsaaiwese en taalregte geskets word, waarna die SABC-TV se hantering van hul taalsake ondersoek sal word met spesifieke aandag aan die geskiedenis van die korporasie, hul taalmandaat, die manier waarop die korporasie hul taalmandaat realiseer en 'n sensitiwiteit vertoon vir die erkenning en beskerming van individue se taalregte in Suid-Afrika. Dit sal geskied teen die agtergrond van tersaaklike beleidsdokumente en nasionale wetgewing in die verband. Ten slotte sal die SABC se hantering van kykers se taalvoorkeure teen die agtergrond van die eis om die erkenning en beskerming van taalregte benader word.

3.2 Taalregte en die uitsaaiwese

Die uitsaaiwese het 'n groot invloed op taal en veral die status wat daaraan verleen word. Hier kan verwys word na Fishman (1991:395) se fases van sy teorie omtrent die ommekeer van taalverskuiwing. Die laaste twee fases in hierdie paradigma lui soos volg:

1. Education, work sphere, mass media and governmental operations at higher and nationwide levels.
2. Local/regional mass media and governmental services.

Hieruit word ook gewys dat dit noodsaaklike en hoër funksies is wat 'n taal moet vervul. Van die ander kant gesien kan die verlies van die funksies as die begin van taalverskuiwing geag word.

Met betrekking tot Suid-Afrika is daar ongelykheid ten opsigte van die taalverspreiding op die SABC-TV (sien TABEL 3.2). Steyn (1980:93) merk op dat “die televisie een van die sosialiserende instansies is by die taalverskuiwingsproses van ’n nuwe geslag”. Daarbenewens is hy ook van mening dat ’n taal daaronder sal ly indien dit afgeskeep word. ’n Sterk invloed in die verband is die idee van ’n massakultuur⁵¹ wat veral deur die massamedia (en dus televisie) oorgedra word. Hierdie massakultuur is dan merendeels Amerikaans en steun dus op die taal Engels⁵².

Internasionaal beskou bestaan daar heelwat tale wat min of geen uitsaaityd op televisie ontvang ten spyte daarvan dat daar wel ’n gevestigde televisiediens bestaan waarop ander tale in die betrokke lande wel bedien word. Voorbeelde hiervan sluit in: Fries in Nederland, Nederlands in Duitsland en kleiner tale in die Russiese Federasie en die Gemenebes van Onafhanklike State (die voormalige Sowjetunie)⁵³ maar ook tale wat oor landsgrense gebruik word soos Koerdies⁵⁴. Omtrent die Koerde⁵⁵ kan genoem word dat daar in 1995 ’n Koerdiese televisiestasie, Med-TV, tot stand gebring is. Na teenstand van die regering van Turkye en internasionale druk is die stasie egter gesluit. Die ontstaan van Med-TV het daartoe gelei dat die bestaan van die Koerde op die voorgrond gebring is, in nie net Turkye nie, maar ook daarbuite.

Telkens word in die literatuur op minderheidstale⁵⁶ gefokus by die uitbreiding van die media⁵⁷. Hier is daar ook heelwat bepalings in terme van die volkereg en vreemde reg, soos in die vorige hoofstuk uiteengesit, wat ook vir Suid-Afrika implikasies het.

⁵¹ Vergelyk Steyn (1980:92)

⁵² Die belangrikheid van Engels as wêreldtaal is reeds onder 2.5.1 genoem.

⁵³ Vergelyk Steyn (1980:93-94)

⁵⁴ Vergelyk Hassanpour (1995); Med-TV (1996); Hassanpour (1999a) en Hassanpour (1999b).

⁵⁵ Volgens Hassanpour (1995) is die Koerde een van die grootste staatlose nasies in die wêreld en is, wat gedwonge verspreid in Turkye, Iran, Irak en Sirië woon. In Turkye en Sirië word hulle die reg om in hul taal uit te saai ontnem. In Turkye is daar ’n verbod op die Koerdiese taal.

⁵⁶ Vergelyk 2.6.

⁵⁷ Vergelyk Steyn (1980:388).

Voorbeelde van instrumente wat as vreemde reg⁵⁸ in Suid-Afrika gereken word, is: die *Universele Verklaring van Taalregte* (art. 35); die *Europese Handves vir Streeks- of Minderheidstale* (“European Charter for Regional or Minority Languages”) (art. 11). Ook noem Geldenhuys en Rossouw (2001:12-19) dat die *Resolution on the Languages and Cultures of Regional and Ethnic Minorities; Framework Convention for the Protection of National Minorities en The Rights of Minorities: A Declaration of Liberal Democratic Principles concerning Ethnocultural and National Minorities and Indigenous Peoples* verwysings het na die gebruik van minderheidstale in die media. Die ooredende krag van die voorafgaande instrumente impliseer ook die belangrikheid van die gelyke gebruik van al die amptelike tale in Suid-Afrika op televisie.

Grin en Vaillancourt (1999:27-28) merk op dat die gebruik van minderheidstale in uitsendings een van die betekenisvolste vorme van die daarstelling van goedere en dienste in minderheidstale is. Volgens hulle is die belangrikheid daarvan tweevoudig:

- ♦ die blote bestaan het kragtige simboliese implikasies deurdat dit die potensiaal bevat vir die vestiging van legitimiteit van ’n minderheidstale in die sfeer van moderniteit; en
- ♦ deur programme in die minderheidstale aan te bied, kan ook ’n beduidende verskil ten opsigte van die werklike minderheidstalegebruik hê.

In die Suid-Afrikaanse konteks sal die simboliese implikasies van uitsendings – in veral die Afrikatale – ’n groot invloed kan hê omdat daar reeds gevoelens van negatiewe by sekere sprekers van die Afrikatale ten opsigte van hul taal en kultuur bestaan. (Vgl. Mogotsi, 2001:10, Lockett, 1995:74.) ’n Toename in die gebruik van die Afrikatale sal beslis hul gebruikstatus verhoog en simboliese sowel as funksionele waarde hê vir die sprekers daarvan. Derhalwe sal die gebruik daarvan ook toeneem. Grin en Vaillancourt (1999:28) noem ook verder dat die blote gebruik van minderheidstale in uitsendings houdings (van veral tieners en kinders) kan verander en hulle merk die volgende op:

⁵⁸ Hierdie instrumente is nie deur Suid-Afrika geratifiseer nie en het dit slegs ooredende krag (sien ook 2.8).

... minority language programming can have a powerful re-legitimising effect impacting on people's language attitudes; these, in turn, affect the utility function and positively alter the attractiveness of minority language activities-in this case, television watching.

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat die SABC-TV wel in terme van internasionale instrumente rondom taalregte 'n verpligting het teenoor individue ongeag of hulle as lede van minderheids-groep⁵⁹ in Suid-Afrika sodanig bestempel word of nie. Ten einde die huidige omstandighede by die SABC te kan evalueer en die moontlikhede ten opsigte van die erkenning en beskerming van taalregte te bepaal sal daar vervolgens na die geskiedenis van die SABC met spesifieke klem op taal gekyk word.

3.3 Die SABC en taal

3.3.1 Geskiedenis van die SABC

Die geskiedenis van die SABC kan teruggevoer word tot 'n besoek deur die Direkteur-generaal van die BBC, John Reith, op versoek van die Eerste Minister van Suid-Afrika J.B.M. Hertzog in 1934, om 'n model vir die uitsaaiwese in Suid-Afrika voor te stel. Uiteindelik het sy besoek die opstelling van konsepuitsaaiwetgewing tot gevolg gehad en is 'n uitsaaistruktuur vir Suid-Afrika voorgestel wat op die BBC-model geskoei is en nie werklik met eiesoortige sake soos taaldiversiteit rekening gehou het nie. (Vergelyk Hwengwere, 1995:21-22.) Reeds hier is dus, soos in die res van Suid-Afrika (soos in 2.3.1 genoem), nie aanvanklik aandag geskenk aan Afrikatale nie en was Engels reeds baie prominent. Teer-Tomaselli en De Villiers (1998:153) merk die volgende op: "The draft Broadcasting Bill was introduced in March 1936, and in August of that year the South African Broadcasting Corporation (SABC) began operations." Ingevolge Wet 22 van 1936 het die SABC (toe ook SAUK) tot stand gekom. Die SABC was aanvanklik verantwoordelik vir radio-uitsendings en is die moontlikheid van televisie-uitsendings eers in 1971 ondersoek.

⁵⁹ Vergelyk bespreking rondom die term in 2.6.

Teer-Tomaselli en De Villiers (1998:154) noem dat die radio-uitsendings vanaf 1936 in Engels en in 'n mindere mate in Afrikaans was. Eers tussen 1943 en 1945 is Afrikatale⁶⁰ geakkommodeer met uurprogramme drie oggende per week op die Engelse en Afrikaanse diens in Zulu, Xhosa en Sotho⁶¹. Hierdie diens is uitgebrei met die instelling van ses stasies (die sogenaamde *Radio Bantu*) in 1960 en later een vir elkeen van die Afrikatale, wat vandag amptelike status geniet, tesame met groeiende Afrikaanse en Engelse stasies⁶². Die basis vir hierdie stelsel was die segregasie van taal en etniese groepe as deel van die Apartheidsbeleid. Om hierdie rede is byvoorbeeld spesifiek FM uitsenders vir radio gebruik aangesien uitsendings dan tot 'n bepaalde area beperk kon word en taalgroepe afsonderlik voorsien word van hul radiodienste. Sodoende is die idee van segregasie net meer uitgebrei. (Vgl. ook Alexander, 1989:21-25; Hwengere, 1995:22-24 en Teer-Tomaselli en De Villiers, 1998:153 e.v.)

Ten spyte van die feit dat televisie-uitsendings reeds in die 1930's⁶³ in Europa en die VSA begin is, is hierdie medium eers heelwat later in Suid-Afrika⁶⁴ in gebruik geneem. Mersham (1998:211-213) noem dat dr. Albert Hertzog, Minister van Pos en Telekommunikasiewese, in die 1960's na die televisie as die "evil box" verwys het en dit as 'n negatiewe invloed op die samelewing regdeur die wêreld beskou.

In 1971 is die Meyerkommissie aangestel om verslag te lewer in verband met die instelling van 'n televisiediens. Mersham (1998:211-213) voeg verder by dat die eerste toetsuitsendings reeds op 5 Mei 1975 begin is en die dat die SABC-TV (toe ook SAUK-TV) op 5 Januarie 1976 amptelike ingewy is. Aanvanklik was slegs een kanaal (TV1) beskikbaar en was uitsendings in Afrikaans en Engels. Die aanvanklike amptelike

⁶⁰ Vergelyk Steyn (1980:232-233)

⁶¹ Taalbenamings soos weergegee in die oorspronklike bron.

⁶² Tans bestaan daar steeds een stasie vir elke amptelike landstaal as deel van SABC-Radio: *Thobela FM* (Sepedi), *Lesedi FM* (Sesotho), *Motsmeding FM* (Setswana), *LiGwalagwala FM* (siSwati), *Phalaphala FM* (Tshivenda), *Munghana Lonene* (Xitsonga), *RSG* (Afrikaans), *S.Afm* (English), *Ikwewezi* (isiNdebele), *Umblobo Wenene* (isiXhosa) en *Ukhozvi FM* (isiZulu).

⁶³ Vergelyk Van Vuuren (1994:108-111).

⁶⁴ Vergelyk Van Vuuren (1994:113-114).

taalverdeling van uitsaaityd op TV1 was 51% vir Engels en 49% vir Afrikaans. Met die instelling van 'n nuwe kanaal TV2/3 in 1982 is ook vir Afrikatale (isiZulu en isiXhosa op TV2 en Sesotho, Sepedi en Setswana op TV3) voorsiening gemaak in die uitsendings. Vir hierdie saamgestelde kanaal was verdeling 49% vir Engels en 51% vir Afrikatale (en dit het ook Afrikaans ingesluit). Hier is reeds met 'n mate van verteenwoordiging van ander tale as Engels op televisie in Suid-Afrika begin, maar reeds van die begin was daar dus 'n groot disproporsie tussen die tale wat regdeur die geskiedenis van die SABC sou voortgaan.

Hierna volg TABEL 3.1 wat die ontwikkeling van die verskeie kanale en die tale wat deur hulle bedien is, uiteensit.

TABEL 3.1 : KANAALVERSPREIDING BY DIE SABC-TV

Jaar	Televisiekanaal ⁶⁵	Taal/tale bedien
1976	TV1	Afrikaans en Engels
1982	TV2/3	Nguni (isiZulu en isiXhosa)
		Sotho (Sesotho, Sepedi en Tswana)
1985	TV2	Nguni (isiZulu en isiXhosa)
	TV3	Sotho (Sesotho, Sepedi en Tswana)
1985	TV4	Hoofsaaklik Engels
1990	TSS	Hoofsaaklik Engels (Sportkanaal - taalbeleid nie duidelik)
1992	TV2, TV3 en TV4 word CCV	isiZulu, isiXhosa, Sesotho, Sepedi, Setswana asook Afrikaans en Engels.
1994	TSS word NNTV	Hoofsaaklik Engels (taalbeleid nie duidelik)
1996	SABC1	Engels, Ngunitale en meertalige programme
	SABC2	Afrikaans, Engels, Sothotale en meertalige programme
	SABC3	Engels

(Bronne: *Van Vuuren, 1994:113-114; Hwengere 1995:25-28; en Mersham, 1998:212-213*)

Die herstrukturering en regulering van die SABC is ingelui deur die aanstelling van die Viljoentaakgroep in 1990 wat, volgens Mersham (1998:213), ten doel gehad het om die herstrukturering van die uitsaaiwese in Suid-Afrika te ondersoek. Scholtz (1994:146) haal aan uit die *Verslag van die Taakgroep op die Uitsaaiwese in Suid- en Suider-Afrika* (1991) dat die taakgroep ondersoek ingestel en verslag gedoen het “oor uitsaaibeleid, -strategie, 'n beheerstruktuur, toekomstige behoeftes en ander tersaaklike aspekte van die uitsaaiwese

⁶⁵ Hierdie tabel neem nie die feit in ag dat sekere “kanale” stasies gedeel het nie. Byvoorbeeld: TV4 het gebruik gemaak van TV2/3 se senders.

in Suid- en Suider-Afrika”. Na aanleiding van hierdie verslag en druk van groepe soos politieke organisasies en partye is die Onafhanklike Uitsaaioverheid (OUO) gestig. Dit het gebeur na die aanvaarding van die *Wet op 'n Onafhanklike Uitsaaioverheid* 153 van 1993. Scholtz noem dat die “kwessie van die regulering van die media het in die loop van 1992 'n kernbesprekingspunt in die groter politiek geword”, daarom is die OUO (nou Okosa – sien 3.4.1) as regulerende liggaam gestig. (Vgl. Scholtz, 1994:146-151 en Mersham, 1998:213-216.)

3.3.2 Die taalmandaat van die SABC

3.3.2.1 Tersaaklike wetgewing wat die SABC-taalsake bereël

Uit die bespreking van Hoofstuk 2 is dit duidelik dat daar vanuit die *Grondwet*, nasionale wetgewing sowel as die volkereg en vreemde reg heelwat ondersteuning is vir taalregte. Verder is daar ook nasionale wetgewing wat spesifiek handel oor die uitsaaiewese, die regulering daarvan en die SABC self. Vervolgens sal die inhoud wat verband hou met taal en taalregte in hierdie wetgewing uitgelig word.

Die SABC het tot stand gekom na aanleiding van die *Wet op Uitsaaiewese*, 22 van 1936. Hierdie wet is deur die *Wet op Uitsaaiewese*, 73 van 1976⁶⁶ herroep. Tog kan genoem word dat daar in laasgenoemde wet geen verwysing was ten opsigte van taal nie.

Die liggaam wat omsien na die regulering van uitsaaidienste in Suid-Afrika is die Onafhanklike Kommunikasie-owerheid van Suid-Afrika (Okosa). Hierdie liggaam vervang die Onafhanklike Uitsaaioverheid (OUO) en die Suid-Afrikaanse Telekommunikasie Reguleringsowerheid (SATRO). Die OUO is aanvanklik gestig na aanleiding van die *Wet op 'n Onafhanklike Uitsaaioverheid*, 153 van 1993 en word ondersteun deur artikel 192 van die *Grondwet*:

⁶⁶ Hierdie wet is weer gewysig met die volgende wette: *Wet op Finansies*, 21 van 1980; *Uitsaaioverheidswet*, 61 van 1982; *Uitsaaioverheidswet*, 59 van 1986; *Uitsaaioverheidswet*, 113 van 1990; *Uitsaaioverheidswet*, 73 van 1993; *Algemene regsamendingswet* (“General Law Amendment Act”), 49 van 1996; *Uitsaaioverheidswet*, 50 van 1996; *Wet op Voormalige State Uitsaaioverheidsorganisasie* (“Former States Broadcasting Reorganisation Act”), 91 van 1996; *Wet op Telekommunikasie*, 103 van 1996 en *Uitsaaioverheidswet*, 24 van 1997.

Uitsaai-owerheid

192. 'n Onafhanklike owerheid moet deur nasionale wetgewing ingestel word om die uitsaaiwese in die openbare belang te reguleer en om toe te sien dat regverdigheid geskied en 'n verskeidenheid van sienswyses aangebied word wat in die breë verteenwoordigend van die Suid-Afrikaanse samelewing is.

Volgens artikel 2(a) van die *Wet op 'n Onafhanklike Uitsaaiowerheid*, 153 van 1993 is een van die primêre doelstellings van die samestelling van die OUO die bevordering van 'n diverse reeks klank- en televisie-uitsendings op 'n nasionale, streeks- en plaaslike vlak wat kollektief vir alle taal- en kulturele groepe vermaak, opvoeding en inligting verskaf. Later, onder artikel 2(e)(i) word weereens genoem dat die openbare uitsaaier moet omsien na die behoeftes van taal-, kultuur- en godsdiensgroepe. Hierdie doelwitte ten opsigte van taal is ook deur Okosa (Icasa, 2003:5) herbeklemtoon. Tog is die beklemtoning van taalgroepe problematies aangesien dit homogene taalgemeenskappe veronderstel en meertaligheid by individue ignoreer word.

Soos uit Hoofstuk 2 duidelik is, word taalregte ook nog as individuele regte in Suid-Afrika beskou. Daar is ook reeds probleme rondom die definiëring van taalgroepe aangedui. Ten spyte van die bewoording plaas die beginsel agter hierdie bepaling van hierdie wet 'n baie belangrike verantwoordelikheid op die uitsaaiowerheid en by implikasie die SABC wat dus na die taalbehoefte van taalgroepe (of eerder individue) moet omsien.

Okosa is tot stand gebring deur die *Wet op die Onafhanklike Kommunikasie-owerheid van Suid-Afrika* 13 van 2000. Die doel van hierdie wet is soos volg:

To provide for the establishment of the Independent Communications Authority of South Africa; to provide for the dissolution of the Independent Broadcasting Authority and the South African Telecommunications Regulatory Authority; to transfer the functions of the latter authorities to the Independent Communications Authority of South Africa; to amend the Independent Broadcasting Authority Act, 1993, the Telecommunications Act, 1996, and the Broadcasting Act, 1999; and to provide for matters connected therewith.

Die kommunikasie-owerheid moet omsien na die riglyne vir die uitsaaiwese in Suid-Afrika. Die volgende riglyne word deur die *Wet op Uitsaaiwese*, 4 van 1999 ten opsigte van taal en die uitsaaiwese verskaf:

SOUTH AFRICAN BROADCASTING SYSTEM

(6) A range of programming in the Republic's **official languages** must be extended to all South Africans as circumstances permit.

PUBLIC BROADCASTING SERVICE AND CHARTER OF CORPORATION

10. Public service.--
- (1) The public service provided by the Corporation must--
 - (a) make services available to South Africans in **all the official languages**;
 - (b) reflect both the unity and diverse cultural and multilingual nature of South Africa and all of its cultures and regions to audiences;

COMMERCIAL BROADCASTING SERVICES

30. Objectives.--
- (1) Commercial broadcasting services when viewed collectively--
 - (a) must as a whole provide a diverse range of programming addressing a wide section of the South African public;
 - (b) must provide, as a whole, programming in **all South African official languages**;
 - (c) may provide programming in languages other than South African official languages, where the Authority is convinced that such services can be commercially viable;

COMMUNITY BROADCASTING SERVICES

(4) The programming provided by a community broadcasting service must reflect the needs of the people in the community which must include amongst others cultural, religious, **language** and demographic needs...

[my beklemtoning]

Eerstens word voorsiening gemaak vir al die amptelike tale in uitsendings deur die SABC. Verder word daar in terme van die drie afdelings van die SABC, die *openbare uitsaaidiens*⁶⁷, *kommersiële uitsaaidiens*⁶⁸ en *gemeenskapsuitsaaidiens*⁶⁹, soos deur die *Wet op Uitsaaiwese* 4 van 1999 geïdentifiseer, genoem dat beide diensteprogramme in die amptelike tale moet beskikbaar stel.

Volgens die SABC se jaarverslag vir 2001/2002 (SABC, 2002b en SABC, 2002c) maak SABC 1 en SABC 2 deel uit van die openbare uitsaaidiens en SABC 3 van die kommersiële uitsaaidiens. Dus is al drie onderhewig aan taalriglyne soos in die bogenoemde wet weergegee.

Volgens artikel 11(b) van die *Wysigingswet op Uitsaaiwese*, 64 van 2002 moet die taalbeleid van die SABC saam met vyf ander beleide aan die minister voorgelê word vir goedkeuring. Verder maak hierdie wysigingswet voorsiening vir twee streekstelevisiedienste met klem op verskillende tale. (Sien 4.4.2 vir meer omtrent streeksuitsendings.)

⁶⁷ 'n **Openbare uitsaaidiens** word volgens die *Wet op Uitsaaiwese*, 4 van 1999 omskryf as: “a broadcasting service provided by a person who receives his or her revenue, either wholly or partly, from licence fees levied in respect of the licensing of persons in relation to sound radio sets and in relation to television sets, or from the State”.

⁶⁸ 'n **Kommersiële uitsaaidiens** word volgens die *Wet op Uitsaaiwese*, 4 van 1999 omskryf as: “a broadcasting service operating for profit or as part of a profit entity but excludes any broadcasting service provided by a public broadcasting licensee”.

⁶⁹ 'n **Gemeenskapsuitsaaidiens** het volgens die *Wet op Uitsaaiwese*, 4 van 1999 die volgende eienskappe: “(it) is fully controlled by a non-profit entity and carried on for non-profitable purposes; serves a particular community; encourages members of the community served by it or persons associated with or promoting the interests of such community to participate in the selection and provision of programmes to be broadcast in the course of such broadcasting service; and may be funded by donations, grants, sponsorships or advertising or membership fees, or by any combination of the aforementioned.

3.3.2.2 Die SABC se taalbeleid

Die taalbeleid van die SABC wat in 1995 geformuleer is, is gebaseer op die *Grondwet*⁷⁰, die *Wet op die Onafhanklike Uitsaaioverheid* en die SABC se visie en waardes⁷¹. Volgens SABC (1995) sluit hul visie en waardes die volgende aspekte in:

- impartiality, equitability and fairness to all people
- to be affirmative in its approach in addressing historical imbalances, and to address itself consciously to playing a healing role and developing a common South Africanness.
- to deliver accessible broadcasting services of equal quality to the full spectrum of its audience.
- to be responsive to the needs of the public, in all its rich diversity.

Hiermee erken die SABC Suid-Afrika se meertalige samestelling en die feit dat alle mense (ongeach hul taal) gelyke behandeling moet kry. Verder word ongelykhede van die verlede erken. Soos reeds in 3.3.1 gesien, is Engels en Afrikaans lank reeds deur die SABC bevoordeel ten koste van die Afrikatale. Verder word onderneem om gelyke toegang tot die uitsendings deur die *volle* spektrum van die kykersgehoor te bied.

Die SABC (1995) gee die volgende vereistes ten opsigte van taalregte in die taalbeleid weer:

4.1. Language Rights and SABC's Obligations

Drawing on the foregoing considerations the SABC acknowledges:

- 4.1.1. the right of all South Africans to communicate in the languages of their choice;
- 4.1.2. the equal status of all official languages;
- 4.1.3. the protection and nurturing of South Africa's languages; and
- 4.1.4. its obligation to provide comprehensive programming accessible to all South Africans which meets their broadcasting needs and circumstances.

⁷⁰ Hier word verwys na die interimgrondwet – *Grondwet van die Republiek van Suid Afrika* 200 van 1993.

⁷¹ Vergelyk SABC (1995).

Die erkenning en beskerming van al die amptelike tale in Suid-Afrika word deur hierdie gedeelte aanvaar. Daarteenoor dui die taalverspreiding [Sien TABEL 3.2] van uitsendings van die afgelope sewe jaar (1996-2003) aan dat al vier hierdie vereistes nie nagekom word nie. Die swak verteenwoordiging of afwesigheid van tale met min sprekers, soos isiNdebele, siSwati, Tshivenda en Xitsonga, skend die reg van Suid-Afrikaners om te kan kommunikeer in die taal van hul keuse. Die taalverspreiding van die SABC dui ook op ongelyke status van die amptelike tale van Suid-Afrika op televisie en 'n versuim om al die tale te beskerm. Daar kan aanvaar word dat al die taalgemeenskappe uitsendings in hul eie taal verlang (vgl. Hwengere, 1995:33; Maake, 2000:10; Phosa, 2000:2), maar op grond van die taalverspreiding word die uitsaaibehoeftes van die grootste gedeelte van die Suid-Afrikaanse bevolking nie nagekom nie.

Die taalbeleid van die SABC word breedvoerig deur Kruger *et al.* (2000:16-22) bespreek. Kruger *et al.* (2000:21) maak die volgende opmerking:

Furthermore, it also becomes clear that the language policy, commendable as it is, does not always translate well into practice. If one considers the most recent information on language representation across the three channels, it appears as if the practice does not always live up to the policy.

Hierdie stelling word gesteun deur die inligting wat van die taalverspreiding op die kanale afgelei kan word. (Vgl. TABEL 3.2)

Benewens die taalbeleid van die SABC self het die televisiekanaal SABC 1 (SABC, 2002a) ook 'n sogenaamde taalbeleid vir die kanaal gepubliseer:

SABC1 follows the SABC corporate language policy. Although this is under review, in consultation with interest groups, the following is generic information that may be expected to shape the language apportionment on the TV channels.

The SABC has a mandate in terms of the broadcasting act to broadcast in **all the official languages** - but this cannot be taken to mean that all must get equal time on the SABC's TV channels. **This would be impractical and unaffordable.**

What the SABC aims to give the language groups is a fair share of air-time. **Broadcasting is not about upholding language rights**, but about understandable communication with the audience in general. In deciding how much time each language should get, there are many factors to be taken into account. These include the size of the language groups; whether a language is regional and its use confined to a specific geographic area, or one whose users are distributed countrywide; whether it is a shared language (i.e. one that several population groups use/understand), or one that is used and understood only by a particular language group; and, most important, the availability and cost of programming in the various languages.

[my beklemtoning]

Dit kom uit die taalbeleid van SABC 1 voor of 'n negatiewe benadering tot taal geskets word. Die dokument erken dat al elf amptelike tale bedien moet word, maar maak dadelik die opmerking dat dit onprakties en onbekostigbaar sal wees. Verder word die stelling gemaak dat die uitsaaiwese nie gaan om die behoud van taalregte nie, maar die handhawing van verstaanbare kommunikasie met die kykers in die algemeen. Ten eerste is hierdie stelling in stryd met die SABC se wetlike mandaat tot die bevordering van al die tale en dus taalregte. Ook is die 'handhawing van verstaanbare kommunikasie' 'n weerspreking van die eerste deel van die stelling. Verstaanbare kommunikasie is slegs heeltemal moontlik as al die tale van die totale kykersgehoor van 'n uitsaaiër die uitsendings daarvan kan verstaan. Hier word ook klem gelê op die grootte van 'n taalgemeenskap – 'n saak wat nie as kwalifikasie vir onbillike diskriminasie mag dien nie. Hiermee saam word opgemerk dat tale streeksgebonde is, hoewel daar hoër konsentrasies van tale in sekere streke voorkom word al die tale byvoorbeeld in al die provinsies gebruik en is so 'n argument ook nie geldig nie. (Vgl. Statistics South Africa, 2003:15.)

Volgens die nuwe konseptaalbeleid⁷² (SABC, 2003a), as deel van die hersiene beleidstukke van die SABC, word die grondwetlike verantwoordelikhede van die uitsaaiër weereens beklemtoon. Inleidend merk die SABC (2003a:26) op: "As South Africa's public broadcaster, the SABC embraces the constitutional duty to treat all the official languages equitably, and with equal respect". In die dokument word genoem dat die

⁷² Tans (10/2003) is daar openbare verhore aan die gang rondom die voorgestelde beleide.

SABC hul verantwoordelikheid ten opsigte van hierdie stelling erken en gaan dit hier om gelyke behandeling. Verder word die volgende gemeld (SABC, 2003a:27):

The SABC is, in terms of the Independent Broadcasting Authority Act and the Broadcasting Act, required to provide broadcasting services in all the official languages and to cater specifically for the needs of people with hearing disabilities.

Dit word uit die bedryfsbeginsels wat in die SABC se konseptaalbeleid (SABC, 2003a:28) uiteengesit is, duidelik dat erns gemaak wil word met die operasionalisering van meertaligheid:

- ◆ Die gebruik van groeperingsverwante, gedeelde en algemeen verstaanbare tale ten einde koste-effektief gebruik te maak van beperkte hulpbronne.
- ◆ Spesiale aksie ten opsigte van gemarginaliseerde tale.
- ◆ Die gekombineerde gebruik van eentalige sowel as meertalige programme.
- ◆ Toepassing van toepaslike tegnologieë ten einde taaldekking en toegangsdoelwitte te bereik.
- ◆ Die gebruik van navorsing om die gehoor se taaluitsaai-behoefte te verstaan.

Ten spyte van enkele verskille is daar heelwat sake wat ooreenstem tussen die nuwe konseptaalbeleid (2003) en die vorige taalbeleid (1995) van die SABC. Beide dokumente begrond die beleid duidelik op die *Grondwet*. Dit gaan verder vir die SABC om die reg van Suid-Afrikane om in hul eie taal te kommunikeer. In die konsepbeleid word vryheid van uitdrukking ook verseker – dit gebeur dan ook deur middel van mense se eie tale. Verder word die belang van die bou van ’n nasionale identiteit ook deur beide dokumente beklemtoon, die aanspreek van die marginalisering van inheemse tale tesame met gebaretaal. Beide staan ook vir die volgehoue en aktiewe ontwikkeling van die elf amptelike tale en bevordering van meertaligheid. Ook word die aanbeveling gemaak dat tale wat verwant is saam gegroepeer kan word. Dit is ’n belangrike aanbeveling en dit kan koste-effektief wees.

Met televisiedienste moet al die tale gelyk behandel word, hoewel dit onderhewig is aan sekere beperkings. Daar is beperkte tyd gedurende spitsyd (18:00 tot 22:00) en slegs drie

televisiekanale asook beperkings in terme van uitsendings wat slegs in bepaalde streke beskikbaar is weens die ligging van uitsaaitorings. Die produksie van televisieprogramme is ook baie duur.

Die dokumente meld ten slotte dat lipgesinchroniseerde oorklanking en onderskrifte kan verseker dat verskillende programme aan 'n groter gehoor beskikbaar is.

Teenoor hierdie gedeelde eienskappe, fokus die nuwe taalbeleid (SABC, 2003a) op die volgende sake wat nie voorheen so eksplisiet aangeraak is nie:

- Kinderprogramme – die spesifieke taalbehoefte daarvan.
- Die behoeftes van dowes, hardhorendes en blindes.
- Navorsing, tegnologie en opleiding.
- Die verhouding met ander organisasies soos PanSAT.
- Monitering van die beleid.
- Die feit dat die beleid elke vyf jaar hersien moet word.

In wese kom beide dokumente neer op die gelyke behandeling van al die landstale deur die uitsaaier soos deur die *Grondwet* bepaal. Riglyne word neergelê vir die implementering en probleme word uitgelig. Enkele oplossings word gebied, maar slegs 'n uitgebreide taalaksieplan of strategie met duidelike doelwitte en praktiese oplossings sal kan lei tot die oplossing van die uitsaaier se taalprobleme. 'n Hersiende taalbeleid blyk nutteloos te wees as daar na agt jaar steeds nie aan al die vereistes van die taalbeleid van 1995 voldoen is nie. Hier kom die SABC-TV se optrede neer op 'n ontkenning van hul mandaat tot gelyke behandeling vir al die amptelike tale maar ook op 'n ontkenning van die taalregte van die sprekers daarvan.

Die verskil tussen beleid en werklikheid word verder bespreek in terme van die SABC se hantering van kykers se taalvoorkeure teen die agtergrond van die eis om die erkenning en beskerming van taalregte. Die hantering word dan ook geëvalueer teen die taalregte wat deur Sachs (1994:110) onderskei is.

3.4 Die SABC se hantering van kykers se taalvoorkeure

3.4.1 Inleiding

Die SABC moet volgens hul eie beleid, mandaat en nasionale wetgewing al die amptelike tale gelyk behandel. Hierdie gelyke behandeling en geïmpliseerde erkenning en beskerming van taalregte is ook vanuit die aanvanklike bespreking in Hoofstuk 2 internasionaal belangrik maar ook in Suid-Afrika. Tog toon die geskiedenis van die uitsaaiwese dat veral Afrikatale in die verlede in die uitsaaiwese gemarginaliseer is. Telkens is die SABC verbind tot 'n meertalige uitsaai-aanbod en vereis hul mandaat as openbare uitsaaiër dat die korporasie die breë Suid-Afrikaanse bevolking moet dien. Vervolgens sal die realiteite rondom die SABC-TV se uitsendings van die afgelope sewe jaar in terme van die voorafgaande voorskrifte en aanbevelings beoordeel word.

Tans word meer Engelstalige televisiemateriaal as die van enige ander taal op die SABC-TV gebruik. Soos reeds genoem (vgl. 3.2) is Engels internasionaal baie prominent in die uitsaaiwese en hier gaan dit veral omtrent die rol daarvan in die Amerikaanse massakultuur wat ook in Suid-Afrika versprei word. Die problematiek rondom hierdie stand van sake is dat die uitsaai tyd wat vir ander tale gebruik kan word nou ter wille van Engelstalige uitsendings gebruik word.

Die *Grondwet* en wetgewing wat verband hou met die uitsaaiwese verseker – soos uit die voorafgaande bespreking duidelik is – dat voorsiening gemaak moet word vir al die amptelike tale op die SABC-TV. Tog toon die realiteit dat die SABC nie hierdie voorskrifte nakom nie en dat tale ongelyk behandel word.

Hierdie ongelyke behandeling kan gereken word as onbillike diskriminasie. Want soos dit in die uitspraak van die Grondwetlike hof van die *Harksen v Lane*⁷³ saak uiteengesit is, gaan dit hier om die differensiering tussen mense (en wel bepaalde groepe) sonder bepaalde gronde; 'n definitiewe impak op die sprekers asook onregverdigbare onbillike behandeling. Die individue, wat die tale praat wat nie voldoende deur die SABC-TV

⁷³ Vergelyk ook: De Waal *et al.* (2001:202-204)

ondersteun word nie, se taalregte – soos deur Hoofstuk 2 gedefinieer – word dus geskend.

TABEL 3.2 verskaf ’n uiteensetting van die taalverspreiding op die SABC-TV gedurende spitsstye (18:00 tot 22:00) as ’n persentasiewaarde.

TABEL 3.2 : TAALVERSPREIDING OP DIE SABC-TV

	SABC 1			SABC 2				SABC 3
	Engels	Nguni	Meertalig	Engels	Afrikaans	Sotho	Meertalig ⁷⁴	Engels
1996	29.17	37.5	33.33	22.77	15.70	31.41	30.38 ⁷⁵	100
1997/1998	53.07	24.48	22.45	42.36	20.31	13.29	23.44	100
1998/1999	64.33	16.38	19.29	41.29	23.1	13.31	21.7	100
1999/2000	73.6	14.29	12.09	46.89	22.64	10.55	19.63	100
2000/2001	71.62	15.39	12.99	49.6	29.59	12.29	8.39	100
2001/2002	70.68	17.2	11.93	47.9	32.29	12.95	6.81	100
2002/2003	71	15	14	47	31	15	7	100
<i>Gemiddeld</i>	<i>61.48</i>	<i>20.23</i>	<i>18.26</i>	<i>42.3</i>	<i>24.66</i>	<i>15.62</i>	<i>17.26</i>	<i>100</i>

Bronne: 1996: Mersham (1998:215); 1997/1998 en 1998/1999: SABC (1999); 1999/2000 en 2000/2001: SABC (2001:4); 2001/2002: SABC (2002f:43); en 2002/2003: SABC (2003b:68).

Hieruit blyk dit dat Engels konsekwent op al drie die kanale die grootste persentasie van lugtyd gedurende spitsstye geniet. Verder is dit duidelik dat die tyd wat Engelse programme in beslag neem op SABC 1 en SABC 2 toeneem met enkele uitsonderings. Alexander (2001:115) verwys hier na ’n beweging na eentaligheid (“unilinguism”) in die massamedia, veral ten opsigte van die SABC. Hy bevraagteken ook hier die grondwetlikheid van ’n eentalige diens teenoor meertaligheid wat deur die *Grondwet* beskerm word. Hierdie kwessie is ook reeds by verskeie ander geleenthede bevraagteken. (Vgl. Langtag, 1996; Kruger en Kruger, 2001:16-17, 26-28; Van Rensburg *et al.*, 2001:34 e.v.)

⁷⁴ Sluit persentasies vir Xitsonga en Tshivenda programme in.

⁷⁵ Hierdie data wat geneem is uit Mersham (1998:215) verskil van dit wat deur Barnett (1999:291) weergegee word wat op 30.14% neerkom.

Die erkenning en beskerming van taalregte deur SABC-TV word nou geëvalueer aan die hand van die vier fundamentele taalregte soos deur Sachs (1994:110) onderskei: reg om 'n taal te kan gebruik; die reg om 'n taal te kan ontwikkel; die reg om verstaan te kan word en ander tale te kan verstaan asook die reg om nie teen gediskrimineer te word op grond van jou taal nie. Hierdie vierdeling word gebruik aangesien dit skema bied wat taalregte en wat dit vereis bied.

3.4.2 Die reg om 'n taal te gebruik

Die reg om 'n taal te gebruik veronderstel dat individue die taal van hulle keuse in enige sfeer van die lewe mag gebruik. Dit impliseer dat daar ook op hierdie reg in die uitsaaiwese aanspraak gemaak kan word. Uit die taalverspreidingstatistiek, soos uitgebeeld in TABEL 3.2, is dit duidelik dat die amptelike tale van Suid-Afrika nie gelyke uitsaaiyd ontvang nie.

Die SABC se behandeling van sekere gemarginaliseerde tale is gekritiseer omdat tale soos siSwati en Tshivenda slegs 3% van die lugtyd op die SABC ontvang (Anon., 1997:11). Phosa (2000:2) merk in hierdie verband op: “The broadcaster does not offer many programmes in our indigenous languages, nor does it cater for languages such as Xitsonga and Tshivenda, and the SABC does not seem interested in treating these languages better”⁷⁶.

Mogotsi (2001:10) gaan so ver as om te sê dat die SABC verantwoordelik is vir kulturele imperialisme en dat dit deel is van 'n sogenaamde “mental slavery” wat deur koloniale heersers ingestel is. Die kwessie van taal- en kulturele imperialisme word ook deur Du Toit (2002:8) aangeraak. Du Toit meen dat “[d]ie huidige taalbedeling op SAUK-TV kom in die praktyk neer op taal- en kulturele imperialisme”. Du Toit verwys veral na die gebruik van Afrikaans op die SABC-TV, maar merk ook ten opsigte van Engels die volgende op: “[d]ie taal van die koloniste en die *imperialiste* het dus die voertaal geword” [kursief in oorspronklike teks]. Uit hierdie twee uiteenlopende koerantartikels is dit

⁷⁶ Hier kan genoem word dat daar wel pogings is deur die SABC om die uitsaaiyd in Xitsonga en Tshivenda te verleng deur die instelling van nuusbuletins in hierdie tale in Julie 2003 (Vgl. Prins, 2003:4)

duidelik dat die taal- en kulturele imperialisme van die SABC wel deur individue (Lesego Mogotsi van Azapo en Koos du Toit van die Taalsekretariaat) en hul organisasies geïdentifiseer is en dat hulle 'n sterk mening daarteen het.

Maake (2000:10) spreek sy ontevredenheid uit omtrent die afskaling van die gebruik van Sesotho op SABC televisie. In 'n brief in die Sunday World merk Maake op dat programme in Sesotho verminder is en bevraagteken hy die tyd wanneer die Sesotho nuus uitgesaai word. Die SABC misken dus die taalregte van die sprekers van Afrikatale, maar veral die sprekers van isiNdebele, siSwati, Tshivenda en Xitsonga (vgl. Mathivha, 1997:10). Omtrent die min programme in Tshivenda en isiNdebele haal Mvimbi (1999:38) die vervaardiger Mukondeleli Moloi aan dat die gesamentlike Tshiven#a-Xitsonga program, *Saahombe-Zwanthesa*, asook die Tshivenda drama, *Murhango*, baie hoë standaarde gestel het en dat die beëindiging daarvan groot teleurstelling veroorsaak het. In die artikel word die feit dat min musiek in hierdie tale en aanbieders wat hierdie tale gebruik gesien word, ook gekritiseer. Mvimbi (1999:40) haal die politikus Pandelani Nefolovhodwe aan wat die volgende opmerking gemaak het rondom die kontinuïteitsaanbieders: “these presenters speak in all the different languages but there are no programmes to back these people up”.

Verder kan opgemerk word dat die regte van die dowe en hardhorende gemeenskappe⁷⁷ ook nie deur die SABC erken word nie (vgl. Kruger *et al.*, 2000:33-46).

3.4.3 Die reg om 'n taal te ontwikkel

Die reg om 'n taal te ontwikkel veronderstel dat 'n taal op verskeie terreine en vir verskillende doeleindes ontwikkel kan word. Sachs (1994:110) beklemtoon dat dit hier juis gaan om die uitbreiding van 'n taal in verskeie gebiede en nie net die blote uitbreiding van woordeskat nie.

⁷⁷ Maar vir die doeleindes van hierdie verhandeling word daar nie verder aan hierdie belangrike onderwerp rondom menseregte en die uitsaaiwese uitgebrei nie.

Die ontwikkeling van daardie tale wat nie deur die SABC-TV gebruik word nie, word benadeel deur die huidige taalbedeling van die SABC. Die televisie-medium bied 'n geleentheid vir tale om 'n bepaalde status te bereik. Die blote gebruik van tale op televisie vereis die uitbreiding van woordeskat om nuwe terme in vakgebiede by te voeg. Verder help die gebruik van tale op televisie die standaardiseringsproses en harmonisering van tale (sien ook 4.5.2.2).

Hierdie voorgenoemde sake kan nie aangespreek word indien tale se lugtyd verminder of geen lugtyd toegestaan word nie. Die voorkeur van bepaalde tale bo ander impliseer ook dat ontwikkeling slegs vir sekere tale moontlik is.

3.4.4 Die reg om verstaan te word en ander tale te verstaan

Met die hierdie reg word die meertaligheid van individue en die uitgebreide gebruik van vertaal- en tolkdienste veronderstel. Dit gaan ook hier oor die behoud van 'n individu se eie taal asook die vryheid om enige ander taal te gebruik. In 'n meertalige land soos Suid-Afrika word tale nie in isolasie gebruik nie. Ten spyte van die feit dat die SABC daarop klem lê dat mense in taalgroepe (Nguni en Sotho) mekaar se tale verstaan en meeste kykers ook Engels verstaan, is hulle van mening dat hulle nie aan individuele tale gelyke aandag hoef te gee nie.

'n Ondersoek van PanSAT (2000:10) gee die volgende syfers weer in terme van die vlak van taalvermoë van Engels as 'n niemoedertaal:

TABEL 3.3 : ENGELSE TAALVERMOË DEUR SPREKERS VAN ANDER TALE

Tale	%
Afrikaans	50
Sesotho	28
Setswana	14
Sepedi	19
SiSwati	27
IsiNdebele	3
IsiXhosa	24
IsiZulu	32
Tshivenda	<1
Xitsonga	24

Verder word daar in die ondersoek van PanSAT (2000:9) opgemerk dat slegs 22% van die deelnemers aan die ondersoek toesprake en verklarings in Engels ten volle verstaan. Volgens die dokument dui die bevindinge daarop dat kommunikasie met betrekking tot politiek, beleid of administratiewe inligting in Suid-Afrika in die algemeen slegs effektief deur die helfte van die nie-Engelssprekende bevolking verstaan word.

Hierdie statistiek stem ook ooreen met die inligting wat deur Sacks (1997:680-681) verskaf word. Sacks noem: “nearly 80 per cent of the black population do not speak either of those languages [in verwysing na Afrikaans en Engels] well enough to participate in the administration and economy of the country”. Webb en Kembo-Sure (2000:6-7) noem ook: “only 25 per cent of black South Africans are **functionally literate** in English” [beklemtoning in oorspronklike teks]. Schuring (1979:10) het reeds in 1979 bevind dat die vermoë van Afrikataalsprekers om Engels te verstaan op die volgende vlakke is: Aanvaarbaar: 38,4%; Swak: 24,9%; en Geen: 36,4.

In terme van die aanleer van nuwe tale moet die belangrikheid van die SABC-TV wel uitgelig word. Nie net kan Engels aangeleer word nie, maar veral ten opsigte van Afrikatale sal die uitbreiding van programme in die onderskeie tale die aanleer van die tale bevorder.

3.4.5 Die reg om nie teen gediskrimineer te word op grond van taal nie

Sachs (1994:110) noem hierdie reg die negatiewe reg. Hierdie beginsel word ook direk in die *Grondwet* in artikel 9 genoem waar onbillike diskriminasie op grond van onder andere taal teengestaan word. Dit het dan ook bepaalde implikasies in terme van die uitsaaiewese en spesifiek die SABC waar daar ook nie onbillik op grond van taal gediskrimineer mag word nie.

Die huidige taalverspreidingsyfers van programme op die SABC-TV dui daarop dat daar teen alle sprekers, behalwe die eerstetaalsprekers van Engels, onbillik gediskrimineer word op grond van hul taal. Volgens wetgewing (sien 3.3.1) moet die SABC as openbare uitsaaier al die amptelike tale van Suid-Afrika bedien. Maar dit word op 'n inkonsekwente wyse gedoen wat uitloop op diskriminasie teen bepaalde tale.

Hierdie diskriminasie word verantwoord deur die hoë koste van die vervaardiging van programme in die Afrikatale. (Vgl. Joubert, 1999:11). Thondhlana (1997:19) stel voor dat die tale binne die SABC opgeweeg moet word ten opsigte van hul toeganklikheid by Suid-Afrikaners. Verder merk hy op dat die tale dan geëvalueer moet word op grond van hul kommunikatiewe krag en besigheidsrelevansie. Thondhlana stel voor dat net Engels, Afrikaans, Sesotho, isiZulu en isiXhosa dan gebruik word. So 'n verklaring bied nie 'n oplossing tot die taalprobleem binne die SABC nie en misken die ander ses amptelike tale. Dus moet 'n oplossing vir die verteenwoordiging van al elf tale gesoek word ten einde diskriminasie op grond van taal en uiteindelik linguïstiese te voorkom.

3.5 Gevolgtrekking

Uit die ondersoek na die hantering van taalsake by die SABC-TV is dit duidelik dat dit 'n belangrike rol het om te speel in die konsolidering van demokrasie. Alexander (2002:122) verklaar: “the mobilization of the linguistic communities in support of their language rights is an essential aspect of the consolidation of democracy in the new South Africa”.

Met die bewusmaking en statusverhoging deur die gebruik van gemarginaliseerde tale op televisie is die moontlikheid van die mobilisering van taalgemeenskappe groter. In hierdie hoofstuk word 'n historiese agtergrond tot die SABC, wetgewing en beleidstukke omtrent die gebruik van taal by die SABC kortliks weergegee. Hieruit blyk dit dat die taalkwessies by SABC gekoppel kan word aan groter taalkwessies in Suid-Afrika en dat die beleid nie altyd ooreenstem met dit wat die programaanbod werklik vertoon nie. Verder word aangedui dat die skending van taalregte deur verskeie individue en organisasies erken word en dat die probleem dus aangespreek moet word. Sentraal tot die argument wat aangevoer word die taalregte, wat deur regter Sachs onderskei is, as evalueringsinstrument gebruik om die mate waartoe taalregte wel by die SABC erken en beskerm word te bepaal. Tesame met die taalverspreiding wat uit die uitsaaiskedules na vore kom en die bespreking rondom regter Sachs se taalregte is dit duidelik dat die taalregte van bepaalde persone wel deur die SABC geskend word.

HOOFSTUK 4 : Onderskrifte en die rol wat dit kan speel in die erkenning en beskerming van taalregte deur SABC-TV

4.1 Inleiding

Die erkenning van die amptelike tale van Suid-Afrika op die SABC-TV is nie net deel van die SABC se mandaat as openbare uitsaaier nie, maar kan teruggevoer word na die regte van die individue wie se tale deur die SABC deur uitsendings ten koste van ander tale benadeel word. As bydrae tot die oplossing van die probleem van die verteenwoordiging en dus erkenning van al elf amptelike tale van Suid-Afrika op die openbare uitsaaier, SABC-TV, kan ondskrifte aan die hand gedoen word as 'n bekostigbare en praktiese moontlikheid. Ter staving van hierdie stelling is die doel met hierdie hoofstuk om ondskrifte met lipgesinchroniseerde oorklanking te vergelyk. Dit word gedoen ten einde as basis te dien vir die verantwoording waarom hierdie metode van skermvertaling juis in die Suid-Afrikaanse konteks 'n bydrae kan lewer tot die erkenning en beskerming van taalregte. Ter verfyning word enkele soorte ondskrifte beskryf word en algemene riglyne ten opsigte van die linguistiese sowel as tegniese aspekte van ondskrifte gestel. Hierdie parameters dien as teoretiese agtergrond vir toepassing van ondskrifte by SABC-TV, maar ook vir die bespreking ten opsigte van die uitvoerbaarheidseis hierna en die uiteindelijke gevolgtrekking. Die huidige gebruik van ondskrifte in die Suid-Afrikaanse uitsaaimedia word ook kortliks beskryf.


In terme van die uitvoerbaarheidseis word finansiële oorwegings ten opsigte van ondskrifte, die gebruik van streeksuitsendings, die gebruik van tweetalige ondskrifte asook die implikasies van taalbeplanning bespreek. Verder word parameters en kriteria vir ondskrifte, soos dit in Suid-Afrika toegepas kan word, benader met spesifieke verwysing na implikasies van die gebruik van ondskrifte deur SABC-TV vir die taalregte soos onderskei deur Sachs.

4.2 Onderskrifte as skermvertaling

4.2.1 Kontekstualisering en begripsomskrywing van skermvertaling

Ten einde die moontlikhede wat onderskrifte vir die SABC-TV bied in die erkenning en beskerming van taalregte te bepaal, moet die medium kortliks omskryf word. Ter inleiding word onderskrifte⁷⁸ in die konteks van multimediantaling en skermvertaling bespreek. Onderskrifte as skermvertaling val onder die kategorie van multimediantaling (vgl. Gambier & Gottlieb, 2001) en dit kan grafies soos volg voorgestel word.

DIAGRAM 4.1 : DIE HIËRARGIE VAN MULTIMEDIAVERTALING



Cattrysse (2001:1) omskryf multimedia as “the processing and presentation of information in two or more media simultaneously”. Gambier and Gottlieb (2001:x) noem dat K. Reiss die eerste persoon is wat die aandag gevestig het op “audio-medial” tekste met *Möglichkeiten und Grenzen der Übersetzungskritik* in 1971. Die gebruik van multimedia regoor die wêreld en die beklemtoning van die saak in publikasies soos *(Multi)media*

⁷⁸ Vgl. Kruger (2001:177-179)

translation waarvan Gambier and Gottlieb (2001) die redakteurs was, toon die toenemende belangrikheid van multimediate vertaling vir vertaalkunde en verbandhoudende dissiplines.

Gambier and Gottlieb (2001:xi) merk op dat multimediate vertaling “multimodal” is en dat die volgende vier eienskappe deur multimedia- en audiovisuele vertaling gedeel word:

- 1) Teamwork is crucial, whether simultaneous and non-linear, or cumulative, as for instance in drama translation, in which the commissioner, the publisher, the translator, the director and the actors take the floor successively.
- 2) Translators often work with intermediate “texts” (scenarios, scripts, drafts), which tends to defy the traditional dichotomy between source and target text. The work is mostly done in order to produce and broadcast products with a limited lifespan. In this case, translators do not refine static text to be used or distributed over many years for a local market.
- 3) Criteria applied to audiovisual and multimedia translation are comprehensibility (the logic of structuring and reading hypertexts is not the logic of a contentional “text”), accessibility and usability.
- 4) Finally, the above characteristics have implications for training, as the gap between universities and professional life is becoming more and more pronounced.

Gottlieb (2001) gebruik die sambreelterm *skermvertaling* (“screen translation”) om te verwys na *onderskrifte* (“subtitling”), *lipgesinchroniseerde oorklanking* (“dubbing”) en die gebruik van ’n *agtergrondstem* (“voice-over”) ⁷⁹. Ter wille van hierdie bespreking sal onderskrifte en lipgesinchroniseerde oorklanking kortliks behandel word, waarna die res van die bespreking spesifiek oor onderskrifte sal handel. Ter agtergrond onderskei Delabastita (1991:3) tussen die volgende vier tekenkodes wat in film en by implikasie televisieprogramme aangetref word: “verbale tekens die visueel word overgebragt”; “niet-verbale tekens die visueel word overgebragt”; “verbale tekens die auditief word overgebragt” en “niet-verbale tekens die auditief word overgebragt”.


⁷⁹ Vergelyk ook Luyken *et al.* (1991:71).

Die verbale tekens wat visueel voorgestel word, sluit tekens in wat op die skerm vertoon word. Dit is kennisgewings, briewe of padtekens byvoorbeeld. Nieverbale tekens wat visueel voorgestel word, verwys na die res wat op die skerm gesien word. Verbale tekens wat akoesties voorgestel word, verwys na die dialoë en monoloë en basies alle gesproke elemente. Die nieverbale tekens wat akoesties voorgestel word, verwys na die musiek en byklanke. Vir die kyker van 'n rolprent of televisieprogram word al hierdie tekens geïnterpreteer as 'n enkele betekenisgenererende eenheid. Die vertaler moet, as kyker, al hierdie tekens interpreteer en verseker dat, deur die vertaalproses en byvoeging van die vertaalde items (onderskrifte of oorgeklanke segmente), dieselfde betekenis aan die teikengehoor oorgedra word. Hierdie proses word soos volg deur Steyn en Calitz (1995:90) omskryf in terme van lipgesinchroniseerde oorklanking:

Omdat die oorspronklike visuele komponent dieselfde bly en uit 'n dramatiese vertolking van die oorspronklike draaiboek bestaan, moet die oorklanking die kyker nie net in staat stel om die betekeniswêreld van die rolprent te betree nie, maar die oorklankingspan (waaronder die vertaler) moet poog om dieselfde reaksie by die doeltaalkyker te wek as wat die oorspronklik op die brontaalkyker het.

4.2.2 Onderskrifte teenoor lipgesinchroniseerde oorklanking


Lipgesinchroniseerde oorklanking en onderskrifte deel verskeie eienskappe, maar word verskillend deur die kykers ervaar. Hierdie twee mediums sal nou aan die hand van twee diagramme (4.2 en 4.3) bespreek word:



In DIAGRAM 4.2 word die proses van die boodskap van die sender tot ontvanger by lipgesinchroniseerde oorklanking uitgebeeld. Die inmenging van die vertaler en tegnisi word aangedui met die blok in die middel van die diagram. Hier word die verbale kode van die brontaal (VA_1) vervang met 'n nuwe weergawe in die teikentaal (VA_2). Dit beteken dat VA_1 heeltemal verwyder word en slegs die nuwe kode saam met die drie oorblywende kodes oorgedra word. Die verbale visuele kode (VV_1), wat byvoorbeeld padtekens of briewe insluit, word deur die ontvanger gesien word, maar nie noodwendig verstaan nie. Om hierdie rede word dit aangedui met golwende lyne (\approx). Hierdie probleem kan opgelos word deur ekstra kommentaar deur die sprekers of bloot 'n kommentator. In sekere gevalle word selfs onderskrifte vir hierdie doel gebruik.

Luyken *et al.* (1991:73) omskryf lipgesinchroniseerde oorklanking as “the replacement of the original speech by a voice-track which is a faithful translation of the original speech and which attempts to reproduce the timing, phrasing and lip movements of the original”. Die doel van lipgesinchroniseerde oorklanking is volgens Luyken *et al.* “to create the illusion that the on-screen characters are speaking in the target language”. (Sien ook die volgende bronne ten opsigte van lipgesinchroniseerde oorklanking: Luyken *et al.*, 1991:71-85; Dries, 1995:9-25; en Steyn, E. & Calitz, L., 1995:89-103.)

Die proses waardeur onderskrifte oorgedra word, kan grafies soos volg voorgestel word:



Uit DIAGRAM 4.3 ontvang die ontvanger die vier kodes wat aanvanklik deur die sender gestuur is (VV_1 , NV_1 , VA_1 en NA_1). Weens die skermvertaling (proses aangedui deur die

gekleurde blok in die middel van die diagram), ontvang die kyker(s) ook nog 'n addisionele kode, die onderskrifte self (VV_2). Twee verbale kodes (VV_1 en VA_1) word ook oorgedra, maar dit word weereens met golwende lyne (\approx) aangedui omdat dit moontlik nie deur die ontvanger verstaan sal word nie omdat dit in die brontaal nie die teikentaal is nie. Die onderskrifte kompenseer vir beide hierdie twee kodes. Dit is baie duidelik dat die ontvangers in DIAGRAM 4.3 meer inligting (kodes) ontvang as die in DIAGRAM 4.2. O'Connell (1996:154) merk op dat "dubbing and subtitling both differ substantially from other types of translation" vanweë die beperkings van lipsinchronisasie⁸⁰ by lipgesinchroniseerde oorklanking en die "shift from the oral to written code" by onderskrifte. Delabastita (1991:5) benader die twee vorme van skermvertaling in terme van vertaalnorme en noem dat die fokus kan val op die bronteks of die teikenteks. Hy maak die volgende opmerkings ten opsigte van onderskrifte teenoor lipgesinchroniseerde oorklankings:

Een ondertitelde film is als een tweetalige teksteditie: de vertaling pretendeert letterlijk noch figuurlijk de plaats in te nemen van het origineel. Zij is slechts een hulp voor het begrip van het origineel, waarvan de vreemde oorsprong eerder wordt benadrukt dan verdoezeld. Dit ligt anders bij dubbing. Doorgaans wordt dubbing gebruikt om de geïmporteerde film so nauw mogelijk te doen aansluiten bij de verwachtingen van het doelpubliek: de acteurs gebruiken de 'passende' talige codes en subcodes (sociolect, dialect, ideolect), en ook in esthetisch, ideologisch en cultureel opzicht treden vaak heel wat veranderingen op. Dubbing wil je doen vergeten dat je naar een film van buitenlandse oorsprong kijkt.

In Europa is daar in sekere lande 'n keuse uitgeoefen tussen onderskrifte en lipgesinchroniseerde oorklankings. Hierdie keuse is gebaseer op finansiële oorwegings maar dikwels ook politieke redes. Hieroor merk Ockers (2002) die volgende op:

In Duitsland, Italië en Spanje bemoeide de overheid zich ook al met het taalbeleid. Onder het regime van de nazi's en tijdens het bewind van Mussolini en Franco werd ondertiteling om propagandaredenen tegengaan. De burgers moesten zoveel mogelijk Duits respectievelijk Italiaans en Spaans horen en ondertitelde buitenlandse films konden wel eens een ongewenste (gunstige) psychologische invloed hebben of verdoken propaganda bevatten.

(Vgl. ook Steyn, 1980:86; Delabastita, 1991:5; O'Connell, 1996:152-153)

⁸⁰ Sien Steyn en Calitz (1995:91-94) vir meer omtrent lipsinchronisasie.

Ten einde die keuse van onderskrifte in Suid-Afrika te verantwoord word die voordele en nadele van onderskrifte kortliks saamgevat:

TABEL 4.1 : VOORDELE EN NADELE VAN DIE GEBRUIK VAN ONDESKRIFTE

VOORDELE
<ul style="list-style-type: none">◆ Onderskrifte maak dit moontlik om 'n vertaalde weergawe van 'n beeldteks tesame met die volledige oorspronklike weergawe te vertoon. (Ivarsson & Carroll, 1998:34-35)◆ Onderskrifte bied 'n goedkoper alternatief as lipgesinchroniseerde oorklanking. (sien 4.4.1; Ivarsson & Carroll, 1998:33-34)◆ Onderskrifte is nie gebonde aan sommige van die beperkings wat met lipgesinchroniseerde oorklanking geassosieer word nie, byvoorbeeld lipsinchronisasie.◆ Die skakel van taal met gebare, lyftaal en gesigsuitdrukking word verbreek met die invoeging van oorgeklankte dialoog. Hierdie element word behou met onderskrifte. (Ivarsson & Carroll, 1998:35)◆ Geletterdheid kan met onderskrifte aangehelp word. (sien 4.5.2)◆ Kykers word blootgestel aan ander plaaslike en vreemde tale, wat ook die aanleer daarvan ondersteun. (sien 4.5.3)

NADELE
<ul style="list-style-type: none">◆ Dit is 'n vorm van gedwonge vertaling aangesien die gesproke teks gekondenseer moet word om in lyn van nie meer as 35 karakters per lyn te pas. (O'Connell, 1999:87; Ivarsson & Carroll, 1998:34)◆ Onderskrifte bied dikwels opsommings van die dialoog eerder as 'n woordelike herhaling. (O'Connell, 1999:87)◆ Daar is beperkings op die tyd wat onderskrifte op die skerm kan wees (sien TABEL 4.3)◆ Die teenwoordigheid van die onderskriflyne op die skerm kan inmeng met die integriteit van die individuele skote en die ontwikkeling van visuele narratief.

(O'Connell, 1999:87; Ivarsson & Carroll, 1998:34)

- ◆ Onderskrifte trek die aandag van die gebeure op die skerm af⁸¹. (O'Connell, 1999:87)

Dus in die algemeen gesien, maar ook spesifiek in terme van Suid-Afrika, is voordele meer en van groter belang wat die gebruik van onderskrifte 'n betekenisvolle keuse bo lipgesinchroniseerde oorklanking maak.

4.2.3 Soorte onderskrifte

4.2.3.1 Inter- en intratalige onderskrifte

Intertalige onderskrifte verwys na onderskrifte wat in 'n ander taal as die oorspronklike teks is. Dus gaan dit hier oor 'n oordrag van teks van die brontaal na die teikentaal. Kruger *et al.* (2000:4) poneer dat intertalige onderskrifte verwys na: "Subtitling where the language of the audio is translated into a different language for the subtitles. The subtitles are often condensed." Hieroor kan opgemerk word dat dit merendeels by onderskrifte gaan oor verbale klank en nie al die akoestiese elemente nie aangesien die kykers dit ook kan hoor. Die uitsonderings is Doves en hardhorendes of waar die akoestiese elemente vreemd vir kykers kan wees weens kulturele of ruimtelike verskille en afstand. Verder impliseer onderskrifte, weens die tegniese grense waarbinne gewerk word en die tempo waarteen gepraat word, dat die teks gekondenseer moet word.

Met intratalige onderskrifte word merendeels verwys na onderskrifte wat vir Doves en hardhorendes gebruik word. Hierdie onderskrifte is weergawes van die verbale elemente van die beeldteks wat in dieselfde taal daarvan oorgedra word. Intratalige onderskrifte word deur Kruger *et al.* omskryf as onderskrifte waar die taal van die klankbaan dieselfde is as die taal van die onderskrifte self. Weereens kan die verbale akoestiese elemente beklemtoon word. Intratalige onderskrifte kan ook ander gespesialiseerde toepassings hê, soos byvoorbeeld as hulpmiddel in taalverwerwing- en taalvaardigheidsopleiding.

⁸¹ O'Connell (1999:87) noem ook dat volgens Delabastita onderskrifte wel waargeneem en selfs gelees word ongeag of die kyker dit nodig het of nie.

4.2.3.2 Oop en geslote onderskrifte

Oop onderskrifte maak deel uit van die beeldteks self en kan dus nie deur die kykers verwyder word nie. Gottlieb (1997:72) noem dat sulke onderskrifte deel is van die fisiese deel van die rolprent. O’Connell (1999:86) voorsien die volgende omskrywing: “Subtitles are *open* in the sense that they are visible to all and cannot be removed from the screen at the viewer’s behest.” [Beklemtoneering oorspronklik.] Voorbeelde hiervan is die onderskrifte by rolprente in rolprentteaters.

Hierteenoor is geslote onderskrifte opsioneel en kan dit deur kykers geaktiveer word indien dit verlang word. Voorbeelde hiervan is satellietdienste en DVD-rolprente. Gottlieb (1997:72) noem in hierdie verband: “[w]ith an increasing output of satellite-transmitted television across language boundaries, this type of subtitling is rapidly gaining ground, making it possible for different language communities to receive different versions of the same TV program at the same time”. Geslote onderskrifte word ook dikwels met teleteks geassosieer aangesien dit as aparte sein na die televisie gestuur word en dan op versoek van die kykers gedekodeer kan word en dan vertoon kan word. (Vergelyk 4.4.3 vir meer oor die gebruik van teleteks in meertalige situasies.)

4.2.3.3 Regstreekse onderskrifte

Regstreekse onderskrifte⁸² is onderskrifte wat regstreeks saam met ’n bepaalde uitsending uitgestuur word. Dit word veral in nuusbuletins gebruik. Dit word vergelyk met simultane tolking en berus ook daarop om die gesproke materiaal so gou moontlik, in dié geval skriftelik, op die skerm weer te gee. Hierdeur word ook veronderstel dat die skermvertaler dan nie net bloot die gesproke materiaal moet weergee nie, maar ook moet verstaan om uiteindelik effektiewe betekenisoordrag moontlik te maak. Hierdie soort onderskrifte is merendeels intratalig, maar kan ook intertalig van aard wees, soos ook deur Ivarsson en Carroll (1998:137) uitgelig is. Ten opsigte van die wyse waarop dit saamgestel kan word merk Softel (2001:1) op: “a live subtitle service may be created by one or more subtitler using a combination of live and/or pre-prepared subtitling”. Die manier van onderskrifvertaling word dus vergemaklik met voorbereidings met die

gebruik van televoorsêertekste⁸³, manuskripte en opnames van insetsels. Softel (2001:2) noem vyf maniere waarmee regstreekse onderskrifte geskep kan word:

- ♦ 'n *Stenograph*-sleutelbord
- ♦ 'n rekenaarsleutelbord
- ♦ 'n *Velotype*-sleutelbord
- ♦ spraakherkenning
- ♦ 'n televoorsêertoewer

Die eerste drie metodes het te doen met verskillende soorte sleutelborde wat deur die skermvertaler gebruik kan word om die inhoud van die onderskrif in te tik. Die *Stenograph*- en *Velotype*-sleutelbord maak gebruik van 'n fonetiese stelsel wat op die beginsel van snelskrif werk, terwyl die rekenaarsleutelbord net soos 'n standaardrekenaarsleutelbord werk. In terme van spraakherkenning is die tegnologie nog nie effektief genoeg om akkurate resultate te gee nie. Volgens Softel (2001:2) is sagteware vir spraakherkenning wyd beskikbaar, maar hang dit af van of die sagteware “opgelei” is om met meer as een spesifiek stem te funksioneer. Soos ook reeds genoem word toewer van televoorsêers dikwels gebruik in die samestelling van regstreekse onderskrifte in die voorbereidings daarvan. (Vgl. Ivarsson & Carroll, 1998:133-138; ACC, 1999:44-49; en Softel, 2001.)

4.2.4 Tegniese riglyne en parameters ten opsigte van onderskrifte

Die aard van onderskrifte word bepaal deur die tegniese omgewing waarin dit gebruik word. Dit is juis hierdie tegniese beperkings wat die grootskaalse reduksie van die teks tot gevolg het. Die volgende elemente stel die grense vas waarin 'n onderskrif vertoon kan word:

- ♦ Tyd wat beskikbaar is na aanleiding van die lengte van die uiting wat gemaak is.

⁸² Ook bekend as *live subtitling* of *real-time captioning*.

⁸³ Televoorsêertekste verwys na tekste wat aan die aanbieder met behulp van 'n televoorsêer of *teleprompter* gedurende die uitsending vertoon word.

- ◆ Vertikale ruimte beskikbaar – dit wil sê die aantal lyne wat gebruik kan word.
- ◆ Horisontale ruimte beskikbaar – hoeveel karakters per lyn vertoon kan word.
- ◆ Uitleg op beeld – waar onderskrifte op die skerm geplaas word.
- ◆ Tekstipe en kleurskakering – watter soort onderskrifte gebruik word.
- ◆ Grammatikaal korrekte lynsegmentasie (tegnies sowel as linguisties).

Met betrekking tot die duur van onderskrifte word die skermvertaler ingeperk deur die lengte van 'n uiting asook bepaalde standaarde ten opsigte van die minimum- en maksimumduur van die onderskrif op die skerm. Hierdie standaarde kan soos volg uiteengesit word:

TABEL 4.2 : MINIMUM- EN MAKSIMUMDUUR VAN ONDESKRIFTE

Outeur	Maksimum 1 vol lyn	Maksimum 2 vol lyne	Minimum
Luyken <i>et al.</i> (1991, 44)	4 sekondes	6 sekondes	1 ½ sekondes
Dries (1995:33)	-	-	1 ½ sekondes / party 1 sekonde
Ivarsson & Carroll (1998:65)	3 sekondes	6-7 sekondes	1 ½ sekondes
Karamitroglou (1998)	3 ½ sekondes (7-8 woorde)	5 ½ sekondes (14-16 woorde)	1 ½ sekondes ⁸⁴
ACC (1999:17)	-	-	1 sekonde en 12 rame


Verder kan bygevoeg word dat daar ten minste 'n kwart van 'n sekonde moet verloop tussen die vertoning van opeenvolgende onderskrifte. Dries (1995:33) noem dat 'n ideale onderskrif verskyn wanneer 'n uiting begin en eindig net nadat (½ tot ¾ van 'n sekonde) dit gestop het. Tydkode (“time code”) word gebruik vir inkodering (“cue in”), uitkodering (“cue out”) asook die duur van onderskrifte op die skerm. Die proses waardeur tydkode aan 'n onderskrif toegeken word staan bekend as kodering (“cueing”). Dit word gewoonlik in die formaat van **ure : minute : sekondes . rame**⁸⁵ voorgestel.

⁸⁴ Minimum- en maksimumduur vir onderskrif wat byvoorbeeld slegs een woord kan bevat. Veral om herlees van die onderskrif te vermy (Karamitroglou, 1998).

⁸⁵ Hierdie skryfwyse is volgens internasionale konvensie (Vgl. Dries, 1995:36-37 en Ivarsson en Carroll, 1998:141-142).

Die rame is gewoonlik 24 rame per sekonde vir films, 25 rame per sekonde vir PAL- en SECAM-video, 30 rame per sekonde vir NTSC-video en vir verskeie rekenaarvideoformate hang dit af van hoe dit opgeneem is en kan dit aangepas word. Die vertikale ruimte wat beskikbaar is hang af van hoeveel lyne per onderskrif gebruik kan word. As 'n reël word merendeels slegs van twee lyne gebruik gemaak (vgl. Dries, 1995:32; Ivarsson & Carroll, 1998:53; en Karamitroglou, 1998) alhoewel daar soms – in uitsonderlike gevalle – van drie lyne gebruik gemaak word. Ivarsson en Carroll (1998:53) noem onderskrifte vir nuusaanbiedings of tweetalige onderskrifte (vgl. 4.4.3) as voorbeelde hiervan. Karamitroglou (1998) gebruik die riglyn dat 'n onderskrif (twee lyne) slegs twee twaalfdes van die skerm moet opneem. Hierteenoor stel Dries (1995:32) voor dat die twee lyne slegs 15% moet opneem. In die geval waar die onderskrif uit slegs een lyn bestaan word die onderste posisie gebruik. Hierdie beginsels word met DIAGRAM 4.4 geïllustreer:

DIAGRAM 4.4 : SKERMUITLEG EN POSISIE VAN DIE ONDESKRIFLYNE



Met die horisontale ruimte, oftewel die aantal karakters per lyn, is daar spasie vir 'n maksimum van 35 karakters beskikbaar. (Vgl. Ivarsson & Carroll, 1998:53 en Karamitroglou, 1998.) Hierdie beperking het tot gevolg dat onderskrifte (met twee lyne) dus 'n maksimum van 70 karakters kan hê.

Die uitleg van onderskrifte hang af van dit wat daarmee saam op die skerm verskyn. Soos reeds genoem kom onderskrifte aan die onderkant van die skerm voor. Uitsonderings hiervan is as daar reeds naamtitels (“captions”) of onderskrifte op die oorspronklike

beeldteks bestaan. In sulke gevalle word die onderskrifte hoër op in die skerm geplaas. Laastens moet die onderskrifvertaler ook toesien dat die onderskrifte nie baie belangrike visuele elemente op die skerm toemaak nie. Nabyskote van ’n gesig kan hier byvoorbeeld problematies wees.

Daar bestaan verskeie tekstipes en kleurskakerings wat vir onderskrifte gebruik kan word. Ivarsson en Carroll (1998:42) noem die volgende: “There is now general agreement that optimum legibility is achieved by using a simple, stark, sans serif typeface”. Dit gaan veral hier oor die fyner detail soos ’n dwarsstrepie (“serif”) wat duidelikheid op papier verseker, maar nie so effektief op skerm is nie en eerder karakters onleesbaar maak. Ook word beklemtoon dat die tekstipes proporsionele verspreiding, soos met meeste gedrukte lettertipes, moontlik maak en nie monogespasieerde verspreiding, soos die lettertipes van tikmasjiene nie. (Vgl. Karamitroglou, 1998.) Hierdie vier tekstipes kan soos volg voorgestel word:

TABEL 4.3 : LETTERTIPES VIR GEBRUIK MET ONDERSKRIFTE

Met dwarsstrepie <i>Serif</i>	Sonder dwarsstrepie <i>Sans serif</i>
ONDERSKRIFTE	ONDERSKRIFTE

Proporsionele verspreiding	Monogespasieerde verspreiding
onderskrifte	onderskrifte

Ten opsigte van die kleurskakering is die ideaal dat teks wit teen ’n grys of donker agtergrond vertoon word. Die volgende vier alternatiewe kan onderskei word:

TABEL 4.4 : AANBIEDINGSWYSE VAN ONDERSKRIFTE

'n Onderskrif in 'n afsonderlike raampie.	'n Onderskrif met 'n omlyning.
'n Onderskrif in 'n spookraampie.	'n Onderskrif met 'n skaduwee.

Wit teks word teenoor gekleurde teks gebruik aangesien wit al drie die kleursegmente wat vir die samestelling van 'n televisiebeeld verantwoordelik is, gebruik. (Vgl. Ivarsson & Carroll, 1998:45.) 'n Spookraampie (“ghost box”) kan ook gebruik word. Dit beteken dat daar slegs 'n verdonkerde deursigtige raampie om die teks voorkom en dat die kyker meer van die oorspronklike beeld kan sien. Hierdie formaat word bo slegs 'n skaduwee of verdonkerde kontoer van die karakters verkies. (Vgl. voorbeelde van Ivarsson & Carroll, 1998:41.) Hieroor meld Karamitroglou (1998) die volgende: “it has been proven that it [is] easier for the eye to read against a fixed rather than a varying/moving background”.

Grammatikaalkorrekte lynsegmentasie kom neer op die manier waarop teks in onderskriflyne aangebied word. Ivarsson & Carroll (1998:77) noem dat “[l]ines should be divided in such a way that words intimately connected by logic, semantics or grammar are written on the same line wherever possible”.

Ten opsigte van lynsegmentasie merk Ivarsson & Carroll (1998:76-77) verder op dat die boonste lyn kleiner as die onderste lyn moet wees indien die onderskrif links gesentreer is, maar dat dit nie soveel saak maak indien die onderskrif gesentreer is nie.

4.2.5 Linguistiese riglyne en parameters ten opsigte van onderskrifte

Onderskrifte kan verder gedefinieer word in terme van die konteks van vertaling as handeling. Gottlieb (2001:14) gee dit as volg weer: “the rendering in a different language of verbal messages in filmic media, in the shape of one or more lines of written text, presented on the screen in sync with the original verbal message”.

Ook definieer Gottlieb (2001:15) onderskrifte in terme van semiotiese tekens as: “[p]repared communication using written language acting as an additive and synchronous semiotic channel, as part of a transient and polysemiotic text”. In hierdie definisie word onderskrifte aangedui as nog 'n semiotiese teken wat saam met die ander beeldelemente deur die kykers “gelees” moet word ten einde betekenis van die gegewens op die skerm af te lei.

Voordat die skermvertaalproses kan begin moet bepaalde riglyne in ag geneem word, wat ook ooreen stem met sake wat in ag geneem word vir ander vorme van vertaling. Gottlieb (2001:8) noem ook die volgende twaalf taaloordragparameters, wat voortdurend verreken moet word:

- ◆ Doel van die vertaling (dieselfde of veranderde teksfunksie)
- ◆ Rigting van oordrag (na/van vertaler se moedertaal)
- ◆ Direktheid van oordrag (vertaling direk/oorgedra)
- ◆ Werksbasis (slegs bronteks/bestaande teks)
- ◆ Vertaler se verantwoordelikheid (hele vertaalproses/ letterlike bewoording)
- ◆ Voorbereiding (vooraf vervaardig/onvoorbereid)
- ◆ Verbale volume van vertaling (uitgebreid/volledig/gekondenseer/opgesom)
- ◆ Semiotiese getrouheid (isosemioties/diasemioties)
- ◆ Gelyktydige bestaan met oorspronklike (hele/gedeelte van/geen deel van oorspronklike semiotiese kanaal teenwoordig [nie])
- ◆ Status as vertaling (duidelik/verdoesel/geskep)
- ◆ Verbale vertaler-gehoor tweerigting kommunikasie (onmoontlik/noodsaaklik)
- ◆ Diversifikasie (individueel/massa ontvangs)

Vanweë die tegniese beperkings (sien 4.2.5) wat op onderskrifte geplaas word, moet 'n mate van kondensasie plaasvind. Hierdie verkortings moet binne die tegniese beperkings wees en in terme van die betrokke taal se taalreëls korrek wees. Ook moet daar ekwivalensie⁸⁶ wees tussen die bronteks en teikenteks. Soos Bell (1991:6) vervolgens aandui is algehele ekwivalensie nie heeltemal moontlik nie: "Text in different languages can be equivalent in different degrees, in respect of different levels of presentation and at different ranks". Hy noem ook dat weens die aard van tale en die verskille wat daar tussen hulle bestaan, is dit nie moontlik om iets direk te vertaal dat die vorm sowel as betekenis dieselfde is nie. Omdat so baie verskillende faktore inwerk op die bou, gebruik

⁸⁶ Vergelyk Kruger (2001:177-196) ten opsigte van die implikasies van ekwivalensie en onderskrifte.

en manier hoe taal ontvang word, is dit belangrik dat deeglike kennis van die teikentaal sowel as die teikenleser gedra moet word deur die vertaler.

Korrespondensie wat na formele ooreenkomste tussen 'n bronteks en teikenteks verwys, het in wese te doen met 'n fisiese ooreenstemming. Asof per elektroniese medium vertaal, lê die klem op die direkte vertaling van woorde en frases. Die aantal woorde wat gebruik word en tekslengte is bykans dieselfde en kan woordeliks of per frase vergelyk word. Leksikaal stem baie dele van die teks ooreen maar die betekenis en konteks van die teks word nie in ag geneem nie.

Nida, soos aangehaal deur Picard (1988:11), dui aan dat “dinamiese ekwivalensie (...) prioriteit (het) bo formele ooreenstemming”. Dinamiese ekwivalensie is volgens Newmark (1995:48) “to produce the same effect on the readership of the translation as was obtained in the readership of the original”. Hy ken ook die terme ekwivalente effek (“equivalent effect”) en ekwivalente respons (“equivalent response”) aan die verskynsel toe. Dinamiese ekwivalensie is dus wensliker as 'n direkte gedagte-vir-gedagte vertaling. Om dinamies na die bronteks te kyk beteken ook om die teks as 'n geheel te sien en dan eers as kleiner gedeeltes.

Die totale betekenisoordrag is dus belangriker as 'n formele korrespondensie tussen die woorde en frases in die bron- en teikentekste. As hierdie standpunt gevolg word, is dit dus van belang om die kommunikatiewe waarde van die vertaling te beklemtoon. Twee tekste word as ekwivalent bestempel indien dit nie noodwendig ekwivalent vertoon met betrekking tot bou en samestelling nie maar eerder omdat dit dieselfde gedagtes oordra. 'n Teikenteks moet dus dieselfde beteken vir die teikentaalgehoor as wat die teks in die brontaal vir die brontaalgehoor beteken. Met betrekking tot onderskrifte moet 'n derde dimensie, naamlik die sprong van gesproke na geskrewe taal, ook in ag geneem word.

Ten einde “ekwivalensie” te bereik tussen die oorspronklike beeldteks en die bygevoegde verbale elemente, die onderskrifte, kan bepaalde taalkundige strategieë gevolg word. Gottlieb (1994a:294) noem die volgende tien strategieë wat toegepas kan word in die skep van intertalige onderskrifte:

TABEL 4.2 : STRATEGIEË VIR DIE SKEP VAN INTERTALIGE ONDESKRIFTE

	Strategie	Omskrywing
1	Uitbreiding	Uitgebreide uitdrukking en aanvaarbare vertolking. (kultuurspesifieke verwysings)
2	Parafrasering	Veranderde uitdrukking en aanvaarbare vertolking. (nie-gevisualiseerde taalspesifieke items)
3	Oordrag	Hele uitdrukking en aanvaarbare vertolking. (stadige, ongemerkte taal)
4	Nabootsing	Dieselfde uitdrukking en aanvaarbare vertolking. (eiename, internasionale groetvorme)
5	Transkripsie	Niestandaard uitdrukking en aanvaarbare vertolking. (dialekte, opsetlike spraakgebrek)
6	Verplasing	Verskillende uitdrukking en aangepaste inhoud. (musikale/gevisualiseerde taalspesifieke items)
7	Kondensasie	Saamgevatte uitdrukking en bondige vertolking. (middeltempo spraak met enkele oorbodige items)
8	Uitdunning	Verkorte uitdrukking en verminderde inhoud. (vinnige spraak, lae oorbodigheid in spraak)
9	Uitwissing	Uitgelate uitdrukking en geen verbale inhoud. (vinnige spraak, hoë oorbodigheid in spraak)
10	Weglating	Afwykende uitdrukking en verwronge inhoud. (onverstaanbare of 'onvertaalbare' spraak)

Met die gebruik van hierdie tien middele en taalspesifieke strategieë – binne die taaloordragparameters – word die verbale elemente van 'n beeldteks gereduseer en herskryf tot onderskrifte. Omdat skermvertaling as handeling steeds 'n taalartefak as einddoel het, moet bepaalde reëls soos spelling, sintaksis, kohesie en koherensie asook styl in aanmerking geneem word.

Verskeie redes kan aangevoer word waarom onderskrifte 'n gewenste medium is vir die televisiemedia in Suid-Afrika en spesifiek by die SABC. Hierna sal 'n kort oorsig verskaf word omtrent die huidige stand van onderskrifte in Suid-Afrika en spesifiek die SABC.

4.3 Onderskrifte in Suid-Afrika

Die onderskrifte wat in Suid-Afrika gebruik word, word deur Gottlieb (2001:6) *lingua franca-onderskrifte*⁸⁷ genoem. Hieroor maak hy die volgende opmerking:

Endelig er Sydafrika et eksempel på en politik man kunne kalde 'lingua franca-tekstning'. Her tekstes alt ikke-engelsk på engelsk: såvel udenlandske programmer som egenproduktioner hvor der tales af de 10 andre officielle sprog i landet. Det er værd at bemærke, at disse ti andre sprog tilsammen tales af lidt over 90% af befolkningen.

Hieruit word dit duidelik dat merendeels Engelse onderskrifte gebruik word – ’n beleid waar enigiets wat nie in Engels is nie, na Engels vertaal word. Dit gebeur ten koste van die tien ander amptelike tale wat deur 90% van die bevolking as moedertale gebruik word. Omtrent die huidige stand van onderskrifte merk Kruger *et al.* (2000:26-27) op dat merendeels intertalige onderskrifte deur die SABC gebruik word. Dit is beperk tot die kanale SABC1 en SABC2 en is vanuit die inheemse tale na Engels.

Indien wel na die geskiedenis van die SABC gekyk word, is dit duidelik dat daar doelbewus in die verlede nie van onderskrifte gebruik gemaak is nie. Ter illustrasie kan verwys word na ’n toespraak van die direkteur-generaal van die SABC (toe ook SAUK), J.A. Eskteen (1989:11), wat die volgende gemeld het: “Met sy besluit om nie onderskrifte te gebruik nie, maar aangekoopte programme oor te klank, het die SAUK ’n kulturele groeipunt geskep met verreikende en verrykende gevolge vir Afrikaans.” Verder noem hy die voordele wat oorklanking kan inhou.

Nogtans neig hierdie houding van die SABC om soortgelyk te wees aan die van uitsaaiers in Duitsland, Frankryk, Italië en Spanje. Hier word oorklanking primêr ter wille van politieke redes, maar ook omdat die medium wel daar meer finansiële haalbaar is as in kleiner Europese taalgemeenskappe. In ’n mindere mate is dit ook vanweë ’n tradisie van oorklanking. (Vgl. paragraaf 4.2.2, Luyken *et al.*, 1991:31-38.)

⁸⁷ Die oorspronklike Deens: “lingua franca-tekstning” (Gottlieb, 2001:60).

Onderskrifte word tans deur die taalbeleid van die SABC (sien Hoofstuk 3) ondersteun en is alreeds vele kere as oplossing vir die kwessie van taalverteenvoording op televisie voorgestel. (Vgl. Van Rensburg *et al.*, 2001:36; Tabema & Taalsekretariaat, 2002; en Mgiijima, 2003:15.) Die implementering van onderskrifte moet egter teen die agtergrond van bepaalde uitvoerbaarheidseise, wat hierna volg, benader word.

4.4 Uitvoerbaarheidseis

Ten opsigte van die uitvoerbaarheidseis moet vier belangrike sake, wat 'n invloed op die suksesvolle implementering van onderskrifte in die Suid-Afrikaanse konteks en spesifiek die SABC het, bespreek word. Ten eerste moet die finansiële implikasies ondersoek word ten einde te kan bewys dat onderskrifte 'n goedkoop en lewensvatbare alternatief vir die verteenwoordiging van tale op televisie is. Verder word ook gekyk na die eise en oplossings wat onderskrifte in streeksuitsendings, tweetalige onderskrifte en onderskrifte in geharmoniseerde tale bied.

4.4.1 Finansiële oorwegings

Die argument van hoë kostes word dikwels teen meertaligheid gebruik. Soos Alexander (2001:118) noem, is daar nog geen gesaghebbende navorsing omtrent die ekonomiese en sosiale koste rondom 'n beleid van meertaligheid in Suid-Afrika gedoen nie. Maar hy merk tereg op dat taal as 'n hulpbron ook in die ekonomiese sfeer gesien moet word. Net soos in die breër samelewing het meertaligheid ook finansiële implikasies vir 'n uitsaaier.

Die meertaligheid van die SABC en meer spesifiek die SABC-TV is 'n gegewe (vgl. die *Grondwet* soos bespreek in paragraaf 2.4.2 en die beleid van die uitsaaier in paragraaf 3.4.2) en dit is juis die finansiële implikasies hiervan wat ondersoek moet word. Ter inleiding sal agtergrond rondom 'n onlangse begroting van die SABC verskaf word waarna bepaalde elemente daarvan verder gebruik sal word ter illustrasie van die finansiële implikasies van die gebruik van onderskrifte.

Hier volg 'n opsomming van die SABC se inkomstestate van die afgelope vyf jaar, soos dit uiteengesit is in die jaarverslag van 2002 (SABC, 2002d):

TABEL 4.6 : SABC INKOMSTESTATE VAN DIE AFGELOPE VYF JAAR

	Twaalf maande eindig op 31/03/02	Twaalf maande eindig op 31/03/01	Twaalf maande eindig op 31/03/00	Twaalf maande eindig op 31/03/99	Twaalf maande eindig op 31/03/98	Agtien maande eindig op 30/09/98
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
Inkomste	2 172 602	2 184 946	2 130 636	2 036 440	1 710 483	2 473 619
Bedryfsuitgawes	-2 216 837	-2 228 813	-2 211 204	-2 008 969	-1 827 860	-2 504 352
Netto rente-inkomste	51 302	49 116	52 447	92 933	95 299	146 235
Netto surplus/tekort vir jaar	7 067	5 249	-28 121	120 404	-22 078	115 502

Vir die finansiële jaar wat op 31/03/2002 geëindig het, is R2 172 602 000 deur middel van uitsaai-aktiwiteite gegeneer. Hierdie bedrag bestaan weer uit die volgende bydraes (SABC, 2002d:23):

Advertensies	R 1 436 868 000 (66.14%)
Borgskappe	R 223 349 000 (10.28%)
Lisensiegelde	R 354 540 000 (16.32%)
Ander	R 157 845 000 (7.27%)

Die bydrae van die regering word nie hierby gereken nie, en die volgende rede word verskaf: "Government funding and expenditure is excluded from the Corporation's results since funding received was intended for specific projects that would not be undertaken or maintained by the Corporation, given its financial constraints." (SABC, 2002d:15).

Uit hierdie inligting is dit duidelik dat die SABC se bedryfsbegroting grootliks afhang van advertensies. Dit is ten spyte van die feit dat die bydrae van televisielisensies toegeneem

het en roofkyk drasties afgeneem het – die persentasie roofkykers het gedaal van 57% in 1996 tot 30% in 2001 (vgl. SABC, 2002e:45).

In terme van uitgawes was die totale bedryfsuitgawes vir die tydperk R 2 216 837 000. Die program- en uitsaai-koste was R 892 847 000 (wat 40.28% van die totale bedryfsuitgawes verteenwoordig).

Die SABC se uitsaai-inhoud word saamgestel deur programme wat van oorsee af aangekoop word sowel as plaaslikvervaardigde programme. Die kombinasie van hierdie twee soorte programme word amptelik bepaal deur kwotas omtrent plaaslike inhoud wat die Okosa neergelê word. Die aankoop van internasionale programme is heelwat goedkoper as die skeep van eie materiaal. Volgens SABC (2001:3) kos 'n drama wat plaaslik vervaardig word twintig keer meer as een wat ingevoer word. Ter verdere illustrasie word vervolgens die syfers van die geraamde kostes per genre per minuut weergegee:

TABEL 4.7 KOSTE PER MINUUT VIR DIE VERVAARDIGING VAN TELEVISIEPROGRAMME

Genre	Galombik & Lekorotsoana (1997) – per minuut	Bulbulia (1999) – per minuut
dokumentêre program	R 2500	R 3000 - R 3500
joernaalprogram	R 2000	-
dramas	R 3000 - R 6000	R 8000 - R 12 000
kinderprogramme	-	R 800 - R1200
ateljeegebaseerde programme	R 1100	-

Indien 'n drama wat plaaslik vervaardig is twintig keer meer kos as 'n ingevoerde drama kan die koste van ingevoerde dramas bereken word op tussen R400 en R600 per minuut. Hierdie bedrag is net 'n skatting en die verandering in wisselkoers word nie in ag geneem nie.

Ten einde hierdie ingevoerde programme sowel as ander plaaslik vervaardigde programme meer toeganklik te maak vir verskillende taalgemeenskappe in Suid-Afrika, word die aanbeveling gemaak dat van skermvertaling gebruik gemaak word. In die voorafgaande uiteensetting van die finansiële struktuur van die SABC is hierdie saak nie in berekening gebring nie. Vervolgens word onderskrifte as goedkoop alternatief vir merendeels eentalige programme bespreek word.

Verskeie bronne toon aan dat onderskrifte die goedkoopste alternatief is met betrekking tot skermvertaling. Luyken *et al.* (1991:184) noem: “The relative cost differential between subtitling and dubbing of 1:15 cannot be reduced significantly”. In terme van die aanvangskoste noem Luyken *et al.* dat dit in beide gevalle redelik hoog is, maar dat die bedryfskoste van lipgesinchroniseerde oorklanking heelwat hoër is as die van onderskrifte. Hierteenoor noem Poulsen (soos aangehaal deur Kruger *et al.*, 2001:10) dat lipgesinchroniseerde oorklanking by die SABC sewe keer meer as onderskrifte gekos het – dit wil sê rondom R700 per minuut in die jaar 2000.

Met die oog op 'n vergelyking is dit sinvol om te kyk na die faktore wat deur Dries (1995:12-16) genoem word wat in ag geneem moet word in terme van die prys van lipgesinchroniseerde oorklankings:

TABEL 4.8 : FAKTORE BELANGRIK VIR DIE PRYS VAN LIPGESINCHRONISEERDE OORKLANKINGS

Lengte en aard	Beeldtekste met die klem op dialoog of met 'n komplekse komplot verg groter sensitiwiteit as ander lipgesinchroniseerde oorklankings.
Digtheid van dialoog	Lipgesinchroniseerde oorklanking raak moeilik en duur veral as meer as een persoon gelyk praat.
Aantal karakters	Meer karakters beteken dat meer akteurs of stemkunstenaars benodig word.
Beroemde persone betrokke	Minder van belang in Suid-Afrika. Maar in sekere lande met 'n lipgesinchroniseerde oorklankingstradisie word sekere oorsese akteurs geassosieer met die stem van 'n bepaalde plaaslike akteur.
Beskikbare materiaal	Onvoldoende of geen bestaande draaiboeke/dialoogmanuskripte sowel as musiek en spesiale effekte opnames kan ook kostes opstoot.
Realistiese skedules	Hier gaan dit veral oor die tyd wat beskikbaar is vir die lipgesinchroniseerde oorklankings self.

Hierteenoor voeg Dries (1995:28-29) by dat die volgende faktore in terme van onderskrifte in ag geneem moet word:

TABEL 4.9 : FAKTORE BELANGRIK VIR DIE PRYS VAN ONDESKRIFTE

Lengte en aard	Die aard van die beeldteks beïnvloed die prys – veral ten opsigte van navorsing wat gedoen moet word of kundigheid wat benodig word ten einde korrekte vertalings weer te gee.
Vertaling	Die brontaal van ’n beeldteks bepaal hoeveel dit sal kos om dit te vertaal.
Dialogdigtheid	Skermvertalers word betaal per onderskrif of lyn.
Beskikbare materiaal	Onvoldoende of niebestaande na-produksie dialoogmanuskripte neem tyd en ekstra koste.
Realistiese skedules	Hier speel die uitsaaidatum of afsnydatum ook ’n rol. Veral ten opsigte van navorsing en/of die gebruik van meer vertalers.
Tegniese gebruik	Laseronderskrifvertaling vir films is duurder as die onderskrifvertaling vir televisie en video’s.

In die Suid-Afrikaanse konteks moet ook in ag geneem word dat skermvertalers, wat sprekers is van Afrikatale, ook nog opgelei moet word. Dus moet die moontlike gebruik van nog tegnisi of addisionele skermvertalers ook in ag geneem word. Hierdie veranderlike bring mee dat die proses verleng word deur nóg ’n skakel (’n tegnikus of ’n ander skermvertaler) in die vertaal- en uiteindelijke koderingsproses in te voeg.

Kruger *et al.* (2002:26) sit die geskatte koste vir onderskrifte in die Afrikatale (teen R150 per minuut) soos volg uiteen:

TABEL 4.10 : GESKATTE KOSTE VIR ONDESKRIFTE IN DIE NGUNI- EN SOTHOTALE

Kykers	Om 30 minute per dag by te voeg.	Koste per kyker per jaar	Om 120 minute per dag by te voeg.	Koste per kyker per jaar	Om 240 minute per dag by te voeg (Spitstyd).	Koste per kyker per jaar
Nguni 12.2 miljoen	R4 500 per dag R1 642 500 p.a.	±13 c	R18 000 per dag R 6 570 000 p.a.	±54c	R30 000 R10 950 000	±90c
Sotho 9.4 miljoen	R4 500 per dag R1 642 500 p.a.	±17 c	R18 000 per dag R 6 570 000 p.a.	±70c	R30 000 R10 950 000	±116c
Totaal 21.6 miljoen	R3 285 000 p.a.	±15c	R 13 140 000 p.a.	±60c	R21 900 000	±100c

Ten opsigte van die aantal sprekers van die twee betrokke taalgroeperings word die koste per kyker per jaar bereken. Ook is dit uit hierdie tabel duidelik dat die uitgawe per kyker per jaar gering is. (Vgl. ook Kruger *et al.*, 2000:10-11; 46.)

Indien die geskatte uitgawes van die byvoeg van onderskrifte vir 240 minute gedurende spytstyd vir 'n Nguni sowel as Sotho programsegment beskou word, kom dit neer op 'n bedrag gelykstaande aan 0.98%⁸⁸ van die huidige totale bedryfsuitgawe wat bygevoeg moet word. Verder kom die uitsending van 'n ingevoerde drama met onderskrifte in 'n plaaslike taal neer op tussen R 550 en R 750 per minuut teenoor 'n plaaslik vervaardigde drama vir tussen R 8000 en R 12 000 per minuut. Met betrekking tot die vertaling van plaaslike dramas sal 'n program met onderskrifte tussen R 8150 en R 12150 per minuut kos teenoor 'n geraamde koste van tussen R 10250 en R 14250 per minuut⁸⁹.

Dus, finansiële beskou, is onderskrifte nie net die goedkoopste oplossing in terme van die bedryfsuitgawes nie, maar ook as manier waarop kykergetalle by bepaalde programme aangevul kan word. Verder is onderskrifte ook goedkoper as lipgesinchroniseerde oorklankings en kan dit selfs vir plaaslike programme gebruik word.

'n Verdere saak wat aandag moet geniet is die gebruik van streeksenders van die SABC om streeksuitsendings en die gebruik van onderskrifte in verskillende tale op grond van die streke moontlik te maak.

4.4.2 Streeksuitsendings

Die gebruik van streeksuitsendings hang van die geografiese verspreiding van tale in Suid-Afrika af. In Suid-Afrika bestaan daar wel meertalige gebiede soos die

⁸⁸ Persentasie uitgewerk met R21 900 000 (byvoeg van 240 minute se onderskrifte in twee tale/taalgroepe) as breukdeel van R 2 216 837 000 (totale bedryfsuitgawe).

⁸⁹ Hierdie bedrag word bereken op grond van Luyken *et al.* (1991:184) se stelling dat oorklanking gewoonlik vyftien keer meer kos as onderskrifte. Na aanleiding van die inligting wat deur Poulsen (Sien Kruger *et al.*, 2000:10) weergegee is, sal die koste vir oorklanking eerder tussen R 9050 en R 13 050 wees.

Gautengprovinsie, maar ook gebiede waarvan die bevolking oorwegend een of 'n paar tale gebruik, soos met isiZulu in KwaZulu-Natal. Die konsentrasie van bepaalde tale in bepaalde gebiede spruit nie net uit die natuurlike taalverspreiding nie, maar veral uit die pogings van die vorige Apartheidsregering wat sogenaamde tuislande en onafhanklike state in Suid-Afrika op grond van etnisiteit geskep het. (Vgl. ook Mersham, 1998:216-218.) Hieruit vloei die kritiek teen die streeksopdeling van televisie-uitsendings, veral in terme van die wegbeweeg van die gedagte van die bestaan van homogene etniese groepe wat een taal besig en slegs in 'n bepaalde gebied woon. Streeksuitsendings bied volgens die OUO, aangehaal deur Barnett (2000:75), nie 'n oplossing vir die taalprobleem nie:

- ♦ omdat tale regoor die land versprei is eerder as wat dit in bepaalde gebied gekonsentreer is; en
- ♦ vanweë die nasiebouimperatief om vir alle taalgebruikers toegang te bied op 'n nasionale vlak.

In antwoord op die eerste punt, kan aangevoer word dat daar tog provinsies en gebiede bestaan waar bepaalde tale baie prominent is. (Sien ook TABEL 4.2.) Ten opsigte van die tweede punt moet nasiebou in die konteks gestel word van die ontmagtiging van baie mense en die feit dat so baie oningelig is omtrent verklarings van die regering (vgl. PanSALB, 2001:12-13). Nasiebou omvat nie net die bou van eenheid tussen verskillende groepe mense nie, maar impliseer die erkenning van meertaligheid en die bevordering van groter deelname deur die sprekers van al die amptelike tale op al die vlakke van die regering en die openbare lewe. Dus kan streeksuitsendings as alternatiewe oplossing vir die probleem van die verteenwoordiging van die amptelike tale van Suid-Afrika ondersoek word.

'n Verdere punt wat ook in aanmerking geneem moet word is die moontlike toekomstige samewerking met die uitsaaiers in buurlande. Hier word veral verwys na die volgende tale: Sesotho (Lesotho), Setswana (Botswana) en siSwati (Swaziland). Mbennah *et al.* (1998:57) noem dat, alhoewel Botswana en Lesotho reeds uitsaaiers het, hulle ook seine van die SABC kan ontvang. Probleme wat hierby van belang kan wees, veral ten opsigte van onderskrifte, is variasie wat bestaan tussen tale in Suid-Afrika en in van die buurlande. Spesifiek kan na Sesotho verwys word waar die ortografieë verskil in Suid-

Afrika en in Lesotho (vgl. Msimang, 1994:157; Msimang, 2000:167) en Setswana in Suid-Afrika en Botswana (vgl. Msimang, 1994:157-159).

Uit nuwe voorgestelde wetgewing is dit duidelik dat die gebruik van streekstelevisiedienste vir die SABC deur die regering in die vooruitsig gestel word. Die *Uitsaainysigingswetsontwerp*, 34 van 2002 maak in artikel 26 voorsiening vir twee streekstelevisiedienste: een in die noorde (wat fokus op the Sothotale, Tshivenda en Xitsonga) en een in die suide (wat fokus op die Nguni tale). Met die Uitsaaiwysigingswet, 64 van 2002 word egter slegs breë riglyne rondom streekstelevisie in artikel 18 voorgestel. Hier word die gebruik van al die amptelike tale weereens bevestig, maar word daar nie soos met die wetsontwerp spesifiek op twee streke gefokus nie. Die konsepwetgewing stel twee uitsaaidienste voor, wat in die noordelike streek op die Sothotale asook Xitsonga en Tshivenda en in die suidelike streek al die Ngunitale en Afrikaans fokus. Hierdie verdeling sal nou vergelyk word met die taalverspreiding van die onderskeie taalgemeenskappe in Suid-Afrika aan die hand van die 1996-sensusinligting ten einde te bepaal of so 'n opdeling die betrokke taalgemeenskappe sal bereik, al dan nie. Op grond van inligting wat deur Du Plessis (2000:102) en die *Uitsaainysigingswetsontwerp*, 34 van 2002 weergegee word, is die volgende tale prominent in die onderskeie provinsies:

TABEL 4.11 : INDELING VAN TALE PER PROVINSIE EN STREEK

Streke	Provinsie	Belangrikste tale (Drie tale met die grootste persentasie sprekers)	Tale prominent of histories of getallegewys uniek aan provinsie ⁹⁰
Noord	Limpopo	Sepedi, Xitsonga, Tshivenda	<i>Sepedi, Xitsonga, Tshivenda</i>
	Gauteng	isiZulu, Afrikaans, Sesotho	isiZulu, Afrikaans, <i>Sesotho</i> , Engels
	Noord-Wes	Setswana, Afrikaans, isiXhosa	<i>Setswana</i>
	Vrystaat	Sesotho, Afrikaans, Engels	<i>Sesotho</i>
Suid	Mpumalanga	siSwati, isiZulu, isiNdebele	<i>siSwati, isiNdebele</i>
	Noord-Kaap	Afrikaans, Setswana, isiXhosa	<i>Afrikaans</i>
	KwaZulu-Natal	isiZulu, Engels, Afrikaans	<i>isiZulu</i>
	Oos-Kaap	isiXhosa, Afrikaans, Engels	<i>isiXhosa</i>
	Wes-Kaap	Afrikaans, Engels, isiXhosa	<i>Afrikaans</i>

⁹⁰ Tale wat volgens die konsepwetgewing in die streke vir uitsendings uitgesoek is, word skuins gedruk.

Hieruit blyk dat die fokus op die tale vir die bepaalde streke wel voldoende is. Hierdie indeling is prakties toepasbaar met die bestaande streeksenders⁹¹ van die SABC. Die veeltalige aard van die Gautengprovinsie kan moontlik 'n probleem oplewer weens die hoë konsentrasie van Nguni- sowel as Sothosprekendes.

Die praktiese en tegniese implementering van die gebruik van streeksuitsendings en veral die afsonderlike gebruik van onderskrifte per streek sal verdere navorsing verg en kan ongelukkig nie reeds in die bestaande stelsel toegepas word nie. Aangesien programme van die SABC-TV reeds voor uitsending van onderskrifte voorsien word, kan dit nie net bloot by bepaalde uitsenders bygevoeg word nie.

Ten opsigte van hierdie meertalige gebiede is dit duidelik dat tweetalige onderskrifte 'n moontlike oplossing bied. Derhalwe word vervolgens hieraan aandag gegee.

4.4.3 Tweetalige onderskrifte

Volgens Luyken *et al.* (1991:60) verwys *tweetalige onderskrifte* (“bilingual subtitling”) na die vertoon van onderskrifte in twee tale terselfdertyd. Twee tale (T_1 en T_2) deel die twee (of dalk drie) lyne onderaan die skerm. Hierdie onderskrifte is bedoel vir tweetalige gehore⁹², maar dit beteken dat onderskrifte nog meer verklein moet word en dat addisionele tyd nodig sal wees om die twee vertalings te koördineer.

Bruls en Kerkman (1988:67) noem dat tweetalige onderskrifte veral in tweetalige lande soos België gebruik word, veral om finansiële redes en ook oorwegend vir rolprente. Verder word ook opgemerk dat hierdie onderskrifte word “in eentalige landen gebruik om educatiewe of sociaal-culturele redenen”. Veral in Suid-Afrika kan dit die aanleer van

⁹¹ Die SABC beskik oor streeksenders wat gedurende die tydperk 1999-2000 byvoorbeeld gebruik is vir streeksuitsendings in die Wes-Kaap, KwaZulu-Natal, die Noordelike Provinsie (nou Limpopo) en Mpumalanga. (Vgl. SABC, 2000 en Mersham, 1998:219)

⁹² In hierdie geval verwys dit na gehore wat uit sprekers van twee tale bestaan en nie noodwendig mense wat tweetalig is nie.

tale en 'n bewustheid van die verskillende tale en hul onderskeie status bewerkstellig. Soos egter genoem werk dit effektiewer in mediums soos rolprente waar dikwels langer onderskrifte toegelaat word, as by televisie.

Die gebruik van tweetalige onderskrifte vereis dat die volgende sake in ag geneem word: In die geval waar tale verwant is aan mekaar (die Nguni- en Sothotale byvoorbeeld) sal die moontlikheid bestaan dat beide onderskrifte as 'n enkele teks gelees kan word. Dus kan aanbeveel word dat nieverwante tale eerder gegroep moet word ten opsigte van die uitsending van tweetalige onderskrifte. 'n Geharmoniseerde Sotho of Nguni weergawe sal in hierdie geval ook 'n moontlikheid wees. (Sien paragraaf 4.5.2.2.)

Voordat tweetalige onderskrifte geïmplementeer kan word, moet bepaal word tot watter mate sprekers ander tale kan verstaan. PanSALB (2001:14-15) bied verkorte statistiek met betrekking tot die taalvaardigheidsvlakke van mense in Suid-Afrika. Ongelukkig is dit vaag met aanduidings vir tale soos "African language" en nie die onderskeie tale nie. Kennis van nieverwante tale is hier van belang – kennis dus van 'n Sotho sowel as Nguni taal byvoorbeeld.

Dit is ook belangrik om te bepaal wat die ooreenkoms tussen die gemiddelde lengte van die tale op leksikale en sintaktiese vlak is. Op 'n leksikale vlak hang die lengte van woorde af van die konjunktiewe of disjunktiewe aard van 'n taal. Met die konjunktiewe skryfwyse van sinne is die segmentasie⁹³ van onderskrifte moeilik omdat langer eenhede gebruik word.

Die tale isiNdebele, isiXhosa, isiZulu en SiSwati is konjunktiewe tale; terwyl Sepedi, Sesotho, Setswana en Xitsonga disjunktiewe tale is. Tshivenda is 'n sogenaamde ultra-disjunktiewe taal. Hierdie verdeling berus op die manier hoe eenhede in 'n sin aanmekaar

⁹³ Segmentasie verwys na die breek van 'n sin sodat dit oor twee (of meer) afsonderlike onderskrifte vertoon word.

geskryf word of nie en het dit 'n bepalende invloed op die skep van onderskrifte. (Vgl. Doke, 1954:91, 119 en 180)

Meertalige onderskrifte (*multilingual subtitles*) hou ook verband met tweetalige onderskrifte. Ten opsigte van meertalige onderskrifte by teleteks maak Luyken *et al.* (1991:69) die volgende opmerking: “a programme can be transcribed in different subtitled language versions and the viewer can select the language of his/her choice by selecting the right page”. Dit is moontlik aangesien teleteksonderskrifte geskep word deur die teleteksbeeld met die gewone beeld te meng op die televisieskerm. In hierdie verband noem Križanic and Šestarič (1980:93) dat teleteks die eenmalige uitsending van 'n program met onderskrifte in baie tale toelaat.

Tog moet die gebruik van tweetalige (sowel as meertalige) onderskrifte verder ondersoek word voordat dit toegepas kan word in die Suid-Afrikaanse konteks. Sake soos leesspoed en veral die onbekendheid van die gebruik van onderskrifte in die meeste amptelike tale vir die sprekers sal vereis dat onderskrifte geleidelik ingevoer moet word.

4.4.4 Spilonderskrifte

In die Suid-Afrikaanse konteks moet die gebruik van spilonderskrifte (*pivot subtitles*)⁹⁴ ook oorweeg word, veral omdat verwante tale in groepe gedeel kan word (Nguni en Sotho). (Vgl. ook: Dries, 1995:36) Hoewel die probleem van die verteenwoordiging van al die tale nie opgelos kan word nie, maar kan tyd gespaar word deur die eenmalige kodering van onderskrifte vir verwante tale. Die tydkodes vir verwante tale kan hergebruik word en net aangepas word indien dit nodig is vir 'n verandering in segmentasie of om grammatikale redes.

⁹⁴ Dit verwys na die hergebruik van tydkode van onderskrifte vir weergawes in verskillende tale. Hierdie metode word verder bespreek deur Gottlieb (2001:10).

Gottlieb (2001:32) verwys ook na die finansiële voordele wat die gebruik van spilonderskrifte inhou in terme van segmentasie en die kodering van onderskrifte in verwante tale. Gottlieb (2001:32) noem ook die volgende foute wat kan intree met die gebruik van spilonderskrifte:

- 1) Repetition of translation errors in the pivot subtitles;
- 2) Transfer of pivot-language features not acceptable in the target language;
- 3) Transfer of segmentation incompatible with target language syntax;
- 4) Transfer of subtitle layout and cueing inferior to existing national standards.

Die ideaal sal wees dat die skermvertaler self die tydkodering (“cueing”) van die onderskrifte sal doen ten einde foute te beperk. Ten spyte hiervan en ter wille van die besparing van tyd en geld moet spilonderskrifte wel in Suid-Afrika, veral met betrekking tot verwante tale, oorweeg word.

4.4.5 Gevolgtrekking

Die bespreking rondom die uitvoerbaarheidseis wat die implementering van onderskrifte stel, bied ten slotte vier noodsaaklike veranderlikes wat ten eerste die implementering daarvan ondersteun maar dit dien ook as sake wat deur die implementering in gedagte gehou moet word. Veral met betrekking tot die finansiële oorwegings is dit duidelik dat onderskrifte wel ’n koste-effektiewe oplossing bied. Vervolgens sal die implikasies wat die implementering van onderskrifte vir die realisering van die SABC se taalmandaat bied ondersoek word.

4.5 Implikasies van die implementering van onderskrifte vir die realisering van die SABC se taalmandaat

4.5.1 Die gebruik van onderskrifte deur SABC-TV vir taalregte soos onderskei deur Sachs

4.5.1.1 Die reg om ’n taal te gebruik

Soos uit Hoofstuk 2 duidelik is, het individue die reg om hulle taal te gebruik op verskeie terreine. Die media en spesifiek televisie is dus ook nie beperk net tot bepaalde tale nie. Veral in internasionale regsdokumente word dit waar dit gaan om die regte van

minderheidsgroepe beklemtoon dat minderheidstale ook in die media gebruik behoort te kan word.

In terme van Suid-Afrika kan genoem word dat, benewens die feit dat dit ook binne die reg van 'n individu is om sy/haar taal te gebruik, dit ook nog die SABC se mandaat is om al die elf amptelike tale gelyk en met gelyke respek te behandel (SABC, 2003b:66). Na aanleiding van die redes wat verskaf word rondom die gelyke gebruik van al die tale op die SABC-TV word veral die finansiële implikasies as rede voorgehou. Die gebruik van onderskrifte maak dit moontlik om tale op televisie te gebruik wat andersins weens finansiële beperkings nie gebruik sou word nie. (Sien paragraaf 4.4.1.)

Onderskrifte maak dit dus moontlik vir enige van die tale om in enige genre teen 'n bekostigbare tarief uitgesaai te word. Soos reeds in paragraaf 3.2 genoem het die gebruik van onderskrifte dit moontlik gemaak vir die sprekers van Koerdies (in Turkye en omliggende lande) om te midde van die druk van ander sterk tale in hul onmiddellike omgewing, steeds uitsendings in die betrokke tale te hê. Deur die gebruik van 'n taal vir onderskrifte word ook die status van daardie taal opgehef. Dus gaan dit hier nie net om die gebruik van 'n taal in sy gesproke vorm nie, maar juis in 'n geskrewe vorm wat ook bepaald positiewe implikasies kan hê vir die uitbreiding van die skryf van bepaalde Afrikatale wat nie noodwendig deur leerders uit Afrikataalsprekende huishoudings in die skool geleer word nie. (Vgl. Versfeld, 1995:24-25.)

4.5.1.2 Die reg om 'n taal te ontwikkel

Sachs noem die reg om 'n taal te ontwikkel en hierdie navorsing wil argumenteer dat veral deur middel van onderskrifte die ontwikkeling van tale moontlik gemaak kan word op verskeie vlakke. Dit fasiliteer die skepping van nuwe woordeskat en die verdere standaardisering van tale. Hierdeur vervul die televisie ook 'n normerende funksie – iets wat andersins nie vir alle tale moontlik sou wees nie. By implikasie is die bevordering van bepaalde taalverskynsels ten einde effektiewe kommunikasie binne 'n taalgemeenskap moontlik te maak ook deel van taalregte. Met die nodige sensitiwiteit teenoor interne taalverskeidenheid en dialekte, is die gedagte van standaardisering wel sinvol.

Verder kan dit ook bepaalde implikasies inhou met betrekking tot die gebruik van diakritiese tekens in die verskeie ortografieë⁹⁵ van die Afrikatale wat nie in Engels en ander Europese tale voorkom nie. 'n Voorbeeld hiervan is die onderskeid, in Tshivenda, tussen die alveolêre en dentale “l”, “d”, “t” en “n” met 'n dentale diakritiese teken (“^”) onderaan. Asook die alveolêre nasaal en velêre nasaal – laasgenoemde word aangedui met 'n kol bo die “n” (Madiba, 2002). Met betrekking tot onderskrifte kan sulke diakritiese tekens uitgelos word of op 'n ander wyse geakkommodeer word, of, sal die apparaat waarmee onderskrifte tot die beeldmateriaal bygevoeg word, aangepas moet word. In beide gevalle word ontwikkeling van die taal veronderstel, hetsy tot verdere ontwikkeling van die huidige ortografie, of, die skep van nuwe ortografiese norme.

4.5.1.3 Die reg om verstaan te word en ander tale te verstaan

Die reg om verstaan te word en ander tale te verstaan veronderstel die reg om 'n taal te kan aanleer. Hier word geargumenteer dat die gebruik van onderskrifte ook die aanleer van ander tale fasiliteer omdat die oorspronklike taal sowel as die nuwe vertaalde weergawe terselfdertyd op die televisie beskikbaar is.

Volgens Aaltonen (1995:385) is 'n sleutelement van onderskrifte, dat dit die multikulturele aard van massakommunikasie beklemtoon deur die kyker van die oorspronklike (soms vreemde) materiaal te voorsien. Die teenwoordigheid van twee tale op dieselfde tyd op die skerm skep 'n definitiewe bewustheid by die kykers van die bestaan van al twee tale. Gambier (1994:283) lewer ook positiewe kommentaar omtrent hierdie saak: “This co-presence of two codes and two languages will hopefully make us more tolerant towards multilingualism, if not multiculturalism”.

Die waarde wat onderskrifte bied ten opsigte van die aanleer van tale word ook deur Dollerup (1974:197) aangeraak in sy verduideliking dat kykers met kennis van die vreemdetaal (van die bronteks: VV_1 en VA_1) deur onderskrifte hul woordeskat kan uitbrei

⁹⁵ Die diakritiese tekens en ortografieë is, volgens Bailey (1995a:35-36), deur die onderskeie sendelinge ingestel en is beïnvloed deur hul eie tale, Frans by Sesotho en Duits by Tshivenda byvoorbeeld.

en nagaan of hulle verstaan wat gesê word. Verder maak Dollerup (1974:197) die stelling dat deur die kyk na onderskrifte is die kyker onderworpe en sterk oudiovisuele onderrigmetodes, naamlik: “(1) the original message, (2) a translation of it, and (3) a ‘stimulus situation’, i.e. a picture showing what the speech refers to”.

Meertaligheid en ’n bewustheid van ander tale kan fundamenteel wees in die erkenning van ander tale en by implikasie die sprekers daarvan se taalregte. Deur die plasing van onderskrifte op televisie is kykers heeltyd bewus van die ander tale in Suid-Afrika en is die aanleer van nuwe tale soveel makliker.

4.5.1.4 Die reg om nie teen gediskrimineer te word op grond van taal nie

Soos reeds in paragraaf 3.4.5 genoem, word daar gediskrimineer teen die sprekers van die amptelike landstale wat nie gelyke uitsaaityd deur die SABC-TV gegee word nie. Hierdie reg word ook duidelik deur die *Grondwet* en ander dokumente uit die volkereg en vreemde reg bevestig. Die oormatige gebruik van Engels deur die SABC-TV ten koste van al die ander amptelike tale druis in teen hul eie taalbeleid en mandaat wat deur die regering aan hulle opgelê word.

Hierdie navorsing stel dat hierdie onbillike diskriminasie onder andere effektief aangespreek kan word met die gebruik van onderskrifte. Hoewel toegegee word dat nie noodwendig alle probleme rondom die verspreiding van tale oor televisie opgelos word nie, word sterk gestel dat onderskrifte die beskikbaarheid van die verskillende tale verhoog. Deur middel van onderskrifte kan die gemarginaliseerde tale op televisie heelwat meer blootstelling kry sonder enige grootskaalse uitgawes vir die uitsaier. Ten einde hierdie reg te erken moet die gebruik van onderskrifte nie beperk wees tot bepaalde tale nie (soos tans net in Engels), maar ten opsigte van al elf amptelike tale toegepas word.

4.5.2 Taalbeplanning

Taalbeplanning as handeling waarmee houdings ten opsigte van taal deur 'n entiteit beïnvloed word kan ook met die bespreking rondom taalregte en onderskrifte geassosieer word. Regdeur die bespreking⁹⁶ is daar verwys na die status wat aan tale toegeskryf word en ook oor die implikasies hiervan op die gebruik van 'n taal op televisie. Ter inleiding word die definisie⁹⁷ van taalbeplanning van Cooper (1989:45) weergegee: “Language planning refers to deliberate efforts to influence the behavior of others with respect to the acquisition, structure, or functional allocation of their language codes”. Daar kan onderskei word tussen statusbeplanning, korpusbeplanning en taalgebruiksbeplanning, maar vir die doel van hierdie bespreking gaan statusbeplanning en korpusbeplanning aangespreek word binne die konteks van die gebruik van onderskrifte op die SABC-TV. (Vir 'n uiteensetting van die taalbeplanningsteorie, sien: Cooper, 1989; Bamgbose, 1991:139-146; Verhoef, 1991:8-81; Alexander, 2002:116-129 en Reagan, 2002:419-433.)

4.5.2.1 Statusbeplanning

Verhoef (1991:316) omskryf statusbeplanning as “beplanning van die funksievlakke (sy dit hoë- of laetaalfunksies) van 'n sekere taal/variëteit”. Cluver (1993:59) se definisie sluit hierby aan, maar hy merk op dat die regering dikwels 'n sentrale rol speel in statusbeplanning. Verder noem Cluver dat die proses lei tot veranderinge in die funksies van 'n taal sowel as in die taalregte van die sprekers. Cluver beklemtoon ook dat dit hier gaan om 'n verandering in die samelewing en nie in die taal nie.

Ten opsigte van televisie en meer bepaald SABC-TV, sal die gebruik van onderskrifte, bepaald die status van Afrikatale verhoog deurdat hulle meer lugtyd op televisie verkry. Met die fisiese teenwoordigheid van tale op televisie word die status van 'n taal direk verhoog word anders as net 'n blote beleid of wetgewing wat slegs waarde het indien dit wel deur openbare instansies en staatsdepartemente uitgevoer word.

⁹⁶ Vergelyk 1.1, 2.3.1, 2.3.2.1, 2.5.1, 2.6 en 2.9.

⁹⁷ Vir ander definisies vergelyk: Cooper (1989:3-45), Verhoef (1991:22-28), Cluver (1993:31-34).

4.5.2.2 Korpusbeplanning

Volgens Cluver (1993:7) is korpusbeplanning: “Planned changes to the structure of a language so that it may meet certain specified requirements”. Dus gaan dit hier meer oor die inhoud van ’n taal self. Verhoef (1991:307) verwys na Haugen se siening van korpusbeplanning as: standaardisasieprosedures (ortografisering, grammatisering en leksikalisering) en taaluitbreiding (terminologiese modernisering en stilistiese taalontwikkeling). Die standaardisasieproses is reeds vir alle Suid-Afrikaanse tale begin, maar soos Verhoef (1991:307) noem, kan korpusbeplanning nooit as afgehandel beskou word nie. Weens die dinamiese aard van taal en die voortdurende eis wat deur die omgewing aan ’n taal gestel word, moet ’n taal voortdurend aangepas en gemoderniseer word. Hierdie gestruktureerde verandering aan ’n taal val onder korpusbeplanning. By korpusbeplanning kan die tegnialisering (“technicalisation”) van tale ook gereken word, volgens Webb (2002:268-276), die aanpassing van ’n taal ten opsigte tegniese terminologie en tegniese registers en style veronderstel.

Die bestaan van die verskeie verwante tale (“dialekte”) as individuele tale kan teruggevoer word tot die sendelinge wat in Suidelike Afrika die ortografieë en grammatikas geformuleer het. Probleme het ontstaan weens die feit dat verskillende sendinggroepe van verskillende lande verwante dialekvorme afsonderlik benader het. (Vgl. Nhlapo, 1945:3; Westphal, 1946:54; Bailey, 1995a:35-36, Msimang, 2000:169.)

’n Proses, wat met korpusbeplanning geassosieer kan word, wat relevant is en by onderskrifte ook ’n rol kan speel, is harmonisering. In die 1940’s het akademiëci soos J.M. Nhlapo gepoog om die verwante tale te harmoniseer⁹⁸. Nhlapo (1945) fokus in sy bespreking omtrent die implikasies wat harmonisering vir die ortografie en grammatika sal inhou. Ongeag van heelwat veranderings in terme van die ortografieë van die onderskeie tale sedertdien, is daar steeds groot verskille in tale wat in wese verwant is aan mekaar. Opvallend is dat Nhlapo min aandag skenk aan meer emosionele sake – iets wat ook ten opsigte van televisie in ag geneem moet word. Die blote beplanning van ’n harmoniseringsproses van bo impliseer nie noodwendig genoegsame onderhandelinge en

⁹⁸ Die samevoeging van verwante tale soos Sesotho, Sepedi en Setswana in die Sothogroep tot een taal.

skakeling met die sprekers van 'n taal op grondvlak nie. Die politiek en emosie agter die saak moet dus as belangrike veranderlike geag word. Die pogings van Nhlapo is ook aangehelp met stigting van die gekombineerde Sotho- en Zulu/Xhosakomitees. Hierdie situasie het volgens Msimang (1994:149) gou verander weens die beleid van die Apartheidsregering:

After 1957 the South African language scenario underwent a drastic change owing to a more rigorous enforcement of the apartheid policies. Firstly, the combined committees for Nguni and Sotho were dissolved and hardly five years since 1957 the Department of Bantu Education compiled and published separate terminology and orthography lists for Xhosa, Zulu, Tswana, North Sotho and South Sotho.

Secondly, Swati and Ndebele were recognised as separate languages and were subsequently reduced to writing. This was the time when various homelands were created, **each one considering its language as a symbol of its autonomy and self-identity.**

[my beklemtoning]

Die groepering en harmonisering van Afrikatale het veral in Suid-Afrika te doen met die Nguni- en Sothotale vanweë die feit dat die tale binne hierdie groeperings verwant is aan mekaar. Die Ngunitale sluit in isiZulu, isiXhosa, isiNdebele en siSwati en die Sothotale is Sesotho, Sepedi (Noord-Sotho) en Setswana.

Underskrifte kan moontlik die geleentheid vir die unifikasie of harmonisering van dialekte (of tale) bied. Tog moet hier beklemtoon word, soos reeds genoem, dat enige implementering van 'n proses van harmonisering gemeet moet word aan die gevoelens en menings rondom die proses by die sprekers. Juis in terme van televisie is dit van groot belang om nie kykers te vervreem nie. Tog is onderskrifte al suksesvol elders in die wêreld gebruik in hierdie proses en is verdere navorsing in hierdie veld noodsaaklik. Hieroor merk Hassanpour (1995) die volgende op: "Subtitling, for instance, if used interdialectally, may or may not help dialect unification, or attract a larger multidialectal audience." Hassanpour is vaag met hierdie stelling en daar word nie direk verklaar dat onderskrifte wel die unifikasie van dialekte sal aanhelp nie. Die standaardiseringsrol wat onderskrifte kan speel word nie bevraagteken nie. Hassanpour (1995) noem: "In the

absence of a language academy or other linguistic associations, the channel has already taken on such a role”. So gebeur dit, ten opsigte van Koerdies, dat daar drie hoofdialekgroepe bestaan, naamlik Koermanji, Sorani en Zazaki en dat die Arabiese en Romeinse alfabet vir die taal gebruik word. Die komplekse situasie word soos volg deur Hassanpour (1995) omskryf:

A program in Kurmanji can be subtitled in Sorani in the Arabic-based script since all Sorani speakers are familiar with this alphabet. However, a Sorani program subtitled in Kurmanji has to be presented in both the Arabic and Latin scripts because the speakers of the dialect from Turkey are not familiar with the Arabic letters.

In Suid-Afrika word dieselfde alfabet gebruik, maar verskil die ortografieë van verwante tale in sommige gevalle. Dit is juis om hierdie rede dat harmonisering tussen verwante tale of selfs net ’n mate van harmonisering ten opsigte van ortografieë verder ondersoek moet word.

Ten opsigte van die Sothotalgroepering haal Herbert (1992:2) vir Van Warmelo aan en maak die opmerking dat daar nie regtig ’n grens tussen Batswana en Bapedi groepe getrek kan word nie. Verder bestaan daar soveel diversiteit binne die Noord-Sotho groep dat die eenheid binne die “taal” bevraagteken word. Webb (2002:162) noem dat hierdie voorbeeld die volgende illustreer: “The development of ethno-linguistic awareness, ethnic nationalism and the myth of linguistically and culturally homogeneous communities in South Africa”.

In die ondersteuning van ’n natuurlike harmonisering van die Nguni- en Sothotalgroeperings in Suid-Afrika kan die volgende sake oorweeg word:

a) Woordeskat moet so gekies word, sover moontlik binne die beperkings van onderskrifvertaling, dat dit in al die (of meeste) tale wat deel uitmaak van die geharmoniseerde taal dieselfde betekenis het.

b) Woordkeuses, spelling en ortografie moet konsekwent wees.

c) Dialektiese taalgebruik moet vermy word behalwe as dit ’n bepaalde doel dien in die konteks van die onderskrif.

d) Verder moet die toepassing van sodanige harmonisering geleidelik plaasvind ten einde die praktiese voordele wat dit inhou aan kykers voor te stel en nie net bloot in ’n afdwinging van ’n kunsmatige taal te verander nie.

Harmonisering kan aangehelp word deur die gebruik van onderskrifte, maar die eksterne faktore wat hierop kan inwerk moet ook in ag geneem word. Voorbeelde hiervan is wat die houdings en menings van die nasionale taalrade, akademici en sprekers van die bepaalde tale ten opsigte van die saak is. Die doel van geharmoniseerde onderskrifte moet wees om primêr optimale inligtingsoordrag te verseker, maar ook om akkommoderend te wees en taalgemeenskappe saam te bind en nie 'n totale verwerping van die geharmoniseerde variasie tot gevolg hê nie. Harmonisering kan ook as moontlike oplossing beskou word vir probleme rondom die effektiewe aanbieding van tale op die SABC-TV. Die groepering van die Sotho- en Ngunitale reeds op die SABC-TV bied 'n ideale beginpunt vir 'n vorm van harmonisering. Weereens word beklemtoon dat dit genoegsaam nagevors moet word en dat al die veranderlikes rondom die sprekers in ag geneem moet word.

4.6 Gevolgtrekking

Die erkenning en bevordering van taalregte op die SABC-TV blyk 'n probleem te wees vir die openbare uitsaaier aangesien beperkings soos tyd en veral finansies hulle dwing om merendeels Engelse programme uit te saai. Tog kan taalregte erken en bevorder word deur onderskrifte deurdat hierdie vertaalmedium die reg om 'n taal te gebruik, dit te ontwikkel, ander tale aan te leer en geen diskriminasie op grond van taal erken en bevorder. Ook het onderskrifte 'n bepalende rol te speel ten opsigte van geletterdheid en die bevordering van meertaligheid deur die aanleer van nuwe tale.

Onderskrifte, as vorm van multimediantalig, verwys na die byvoeg van verbale visuele materiaal in 'n teikentaal as vertaling van die verbale visuele en akoestiese materiaal in die brontaal tot 'n beeldteks. Maar by lipgesinchroniseerde oorklanking word die verbale akoestiese materiaal totaal vervang en nie net nog inligting bygevoeg nie. Uit die voorafgaande bespreking is dit duidelik dat onderskrifte in Suid-Afrika in terme van bepaalde parameters benader moet word. Eerstens hou dit finansiële implikasies in. Onderskrifte, soos uit die literatuurstudie bewys, is die goedkoopste vertaalproses van beeldtekste teenoor die duurder vorm van lipgesinchroniseerde oorklanking.

Onderskrifte sal ook na aanleiding van die streeksuitsendings dienooreenkomstig aangepas moet word. Sodoende sal meer tale ook vir onderskrifte in terme van die geografiese verspreiding van mense gebruik word. 'n Ander alternatiewe vorm van onderskrifte wat oorweeg kan word ten einde meer tale te akkommodeer is tweetalige onderskrifte. Dit blyk dat dit veral op 'n tegniese en grammatikale vlak probleme kan oplewer en dat nog minder karakterspasie per onderskrif eerder stremmend as positief sal inwerk. Verder kan onderskrifte 'n rol speel ten opsigte van die groepering en harmonisering van verwante tale. Die saamvoeg van tale op grond van die groepering wat reeds deur die SABC gebruik word, kan die pogings tot harmonisering deur middel van onderskrifte aangehelp word. Ten minste kan spilonderskrifte ook gebruik word in terme van verwante tale.

HOOFSTUK 5 : Gevolgtrekkings en aanbevelings

5.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word die gevolgtrekkings, sowel as aanbevelings na aanleiding van die bespreking, soos dit in die voorafgaande hoofstukke ontplooi het, weergegee. Gevolgtrekkings word gemaak op grond van die hoofstukke wat gefokus het op wat taalregte is, hoe die korporatiewe taalmandaat deur die SABC-TV hanteer behoort te word en in werklikheid hanteer is, sowel as wat onderskrifte behels en hoe dit toegepas kan word ten einde 'n sensitiwiteit te skep vir die erkenning en beskerming van taalregte deur die SABC-TV.

Die aanbevelings wat hierna volg, word in die vorm van 'n voorgestelde implementeringsplan gestel waardeur die gebruik van onderskrifte uiteengesit word ten einde die erkenning en beskerming van die fasilitering van taalregte te weeg te bring. Ten slotte volg moontlike ontginningsvelde vir verdere studies.

5.2 Gevolgtrekkings

5.2.1 Taalregte

In Hoofstuk 2 is bepaal wat die konsep taalregte alles omvat en hoe dit in meertalige samelewings gerealiseer word. Met die verrekening van aannames dat taalregte met minderheidsregte, en dus met internasionale reg, geassosieer word, is die konsep vanuit 'n juridiese sowel as 'n taalsosiologiese hoek benader.

In die beantwoording van die eerste probleemvraag rondom wat taalregte omvat, het dit na vore gekom dat taalregte as menseregte beskou word en dit ook die regte van dialektspreekers insluit. Dit is bevind ondanks die feit dat 'n verskil in mening in nasionale sowel as internasionale dokumente omtrent wat die term "taaregte" alles omvat, bestaan. Omtrent die Suid-Afrikaanse konteks kan genoem word dat bepaalde tale dominante

posisies in Suid-Afrika ingeneem het en die regte van individue wat sekere ander tale gebruik het, misken is.

Verder kan beklemtoon word dat daar ook veral uit die internasionale reg 'n verband tussen taalregte en minderheids- en kulturele regte getrek word. Die beskrywings wat in die literatuur gebruik word verreken nie die situasie in Suid-Afrika waar tale met die meerderheidsprekers in 'n minderheidsposisie was nie. Hierdie soort tale word gedomineerde tale genoem terwyl die tale wat min sprekers het en volgens die literatuurstudie min funksies verrig, steeds as minderheidstale gereken kan word.

Binne die studies rondom taalregte word dikwels onderskei tussen taalregte as individuele en groepsregte. Dit is baie duidelik volgens die *Grondwet* dat regte in Suid-Afrika as individuele regte gekonsipieer word. Regter Albie Sachs omskryf taalregte as die reg om 'n taal te kan gebruik; die reg om 'n taal te kan ontwikkel; die reg om verstaan te kan word en ander tale te kan verstaan asook die reg om nie teen gediskrimineer te word op grond van jou taal nie. Hierdie indeling korreleer met ander soortgelyke menings uit die literatuurstudie en het gedien as maatstaf vir die bespreking en evaluering van taalregte vir die res van die navorsing.

Vir die doel van hierdie studie kan 'n taalreg dus omskryf word as die reg van 'n individu om sy/haar taal te gebruik en te ontwikkel; om verstaan te word en ander tale kan gebruik/aanleer; en om nie teen gediskrimineer te word op grond van sy/haar taal nie.

5.2.2 SABC-TV en die erkenning en beskerming van taalregte

Hoofstuk 3 het ten doel om te bepaal op watter manier die SABC-TV se uitsaaipraktyk 'n sensitiwiteit vir die taalregte van persone wat tot gemarginaliseerde taalgemeenskappe in Suid-Afrika behoort, te verreken. Hierdie saak word beredeneer teen die agtergrond van tersaaklike beleidsdokumente en nasionale wetgewing.

Ter voorbereiding van die kritiese beskouing van die SABC-TV se hantering van hul taalsake word daar aanvanklik na taalregte en die uitsaaiewese in die algemeen gekyk. Die skakel tussen taalregte en die uitsaaiewese word reeds in heelwat internasionale dokumente en nasionale wetgewing geponeer. Hiervolgens kan lede van taalgemeenskappe en veral lede wat tot minderheidstaalgroepe behoort aanspraak maak op gelyke behandeling wanneer dit kom by die erkenning en beskerming van taalregte. Individue wat tot minderheidsgroepe behoort het dus ook gronde vir klagtes teen 'n openbare uitsaaier wat een taal bo 'n ander bevoordeel. Uit die literatuurstudie word die dominansie van Engels veral in die media in Suid-Afrika en wêreldwyd erken.

Die konteks vir die bestudering van die beleidsdokumente van die SABC word geskets deur 'n oorsig van die SABC se geskiedenis te verskaf. Hiervolgens is dit duidelik dat SABC geassosieer is met die regering en die politieke toestande in die land. Histories beskou is die swak behandeling van Afrikatale, merendeels op televisie, ook duidelik.

Die beoordeling van die versamelde inligting rondom die taalverspreiding op die SABC-TV geskied teen die agtergrond van beleidsdokumente van die SABC en wetgewing wat die erkenning en beskerming van taalregte by die uitsaaier vereis. Die SABC se taalbeleid erken taalregte, maar in die praktyk en soos die individuele beleid van een van die stasies ook tereg noem, word taalregte van bepaalde sprekers nie erken en die gelyke gebruik van al die amptelike landstale nie toegepas nie. Uit die taalverspreidingstatistiek van die programme op die SABC-TV is dit duidelik dat uitsendings oorheers word deur Engels. Dit vind plaas ten spyte van die feit dat die getal moedertaalsprekers van Engels relatief min is in Suid-Afrika en dat lede van ander taalgemeenskappe die taal enigszins of goed genoeg beheers nie. Hierteenoor moet die gelyke behandeling van alle tale weereens beklemtoon word. Vir die mate waartoe taalregte deur die SABC erken en beskerm word is die vier taalregte van regter Sachs as evalueringsinstrument gebruik. Daar is bevind, met die taalverspreiding van die SABC en die literatuurstudie as agtergrond, dat die SABC nie die taalregte van alle individue in Suid-Afrika erken en beskerm nie en dat die SABC-TV se uitsaaipraktyk nie 'n sensitiwiteit vir die taalregte van persone wat tot gemarginaliseerde taalgemeenskappe toon nie.

5.2.3 Die rol van onderskrifte in die erkenning en beskerming van taalregte

Met Hoofstuk 4 kom die rol wat onderskrifte kan speel in die erkenning en beskerming van taalregte deur die SABC-TV aan die orde. Ter agtergrond is onderskrifte gekontekstualiseer in terme van die breër konsep van skermvertaling en is dit vergelyk met lipgesinchroniseerde oorklanking. Die keuse van onderskrifte bo ander vorme van skermvertaling word verantwoord met die uiteensetting van die voordele en nadele wat daarmee geassosieer word, veral dan ook die SABC (1995) se aanname dat onderskrifte 'n goedkoop alternatief bied vir gelyktydige taaltoegang tot bepaalde programme.

Die soorte onderskrifte wat geïdentifiseer is, is uit die literatuurstudie gelys en kortliks gedefinieer. Dit dien as verwysing in die keuse van watter onderskrifte in Suid-Afrika gebruik moet word. Tans word in 'n mindere mate in Suid-Afrika wel van onderskrifte gebruikgemaak, maar dit is merendeels in Engels. Hierdie soort lingua franca-onderskrifte is nie genoeg nie en kan onderskrifte as hulpbron nog meer gebruik word.

Daar is duidelike tegniese en linguïstiese riglyne en parameters wat in ag geneem moet word in die skep van onderskrifte wat bepaal dat onderskrifte binne die reëls van betrokke teikental geskep moet word asook met al die tegniese spesifikasies in terme van die lengte, duur, uitleg en tekstipe. Hierdie parameters bied die nodige algemene kriteria waaraan onderskrifte moet voldoen.

Met betrekking tot die uitvoerbaarheidseis moet finansiële oorwegings, die gebruik van streeksuitsendings, die gebruik van tweetalige onderskrifte en die groepering en harmonisering van Afrikatale in ag geneem word. Na oorweging van hierdie sake word tot die gevolgtrekking gekom dat:

- ♦ onderskrifte 'n uiters bekostigbare oplossing bied vir die beskikbaarstelling van meertalige program materiaal;
- ♦ meer tale deur middel van streeksuitsendings gedek kan word;
- ♦ tweetalige onderskrifte gebruik kan word in bepaalde situasies; en

- ♦ dat die groepering en harmonisering van tale beteken dat 'n groter taalgemeenskap met onderskrifte in 'n taalgroepering bereik kan word.

Daarby is die toepassing van onderskrifte gemeet aan die taalregte soos deur regter Sachs onderskei. Hierdie evaluering bevind dat onderskrifte dus 'n effektiewe en werkbare oplossing vir die erkenning en beskerming van taalregte by die SABC deur die fasilitering van die gelyke gebruik van al die amptelike landstale bied.

5.3 Aanbevelings

5.3.1 Voorgestelde implementeringsplan van onderskrifte om die erkenning en beskerming van taalregte te fasiliteer

Ten einde die huidige gebruik van onderskrifte by die SABC uit te brei en sodoende taalregte te erken en beskerm asook dit in nog meer tale beskikbaar te maak, kan die volgende agt stappe as deel van 'n implementeringsplan gebruik word:

STAP 1: Beleidsuitklaring

Uit die bespreking in Hoofstuk 2 tot 4 is dit duidelik dat daar wel begroning en beleidsriglyne bestaan waarvolgens onderskrifte geïmplementeer kan word. Nietemin moet suksesvolle implementering van onderskrifte deur verdere beleid gefasiliteer en bevorder word.

STAP 2: Voorbereiding en beplanning

Ter voorbereiding moet bepaalde onderskrifstandaarde aanvaar word en reëls neergelê word na aanleiding van bestaande beleidsdokumente van die SABC. In hierdie eerste fase moet insette ook van akademici en kenners van binne sowel as buite Suid-Afrika bekom word ten einde die res van die implementeringsplan gefokus te kry. Hierdie stap veronderstel ook dat die infrastruktuur vir opleiding en implementering beplan en ontwikkel sal word.

STAP 3: Behoeftebepaling

Alhoewel daar reeds heelwat navorsing gedoen is omtrent kykersgetalle, taalverspreiding, geletterdheid en die opinies van kykers (vgl. Kruger *et al.*, 2000 byvoorbeeld), moet die volgende veranderlikes nagevors word:

- ◆ Die aard van die bestaande tegniese hulpbronne beskikbaar by die SABC.
- ◆ Die soort toerusting wat benodig word en die kostes daaraan verbonde.
- ◆ Die taalverspreiding van die kykers van SABC-TV.
- ◆ Die vlak van geletterdheid en leesspoed van die kykers.
- ◆ Kennis van ander tale van die kykers.
- ◆ Program- en genrevoorkeure van die kykers asook watter taal vir watter program verkies word.

STAP 4: Opleiding van onderskrifvertalers

Omtrent die opleiding van onderskrifvertalers moet beklemtoon word dat hierdie opleiding regoor die spektrum van die amptelike tale moet strek ten einde te kan voldoen aan die behoeftes van 'n uitsaaier soos die SABC.

Die taalkundige sowel as tegniese komponent van onderskrifvertaling moet in die opleiding hanteer word. 'n Landsweye standaard moet saamgestel word, vir opleiding gebruik word en met die standaard van die SABC self versoen word. Onderskrifvertalers wat binne die Nguni en Sotho taalgroeperings werk moet kennis dra van die ander tale binne die groepering, waardeur harmonisering van die uitsaaitaal vergemaklik kan word en 'n groter kykersgehoor bereik word.

In die opstelling van opleidingsprogramme vir onderskrifvertalers kan modelle van ander lande waar onderskrifvertalers lank reeds opgelei word geraadpleeg word. 'n Kursus in Wallis moes rekening hou met die volgende sake (Roffe & Thorne, 1994:254):

- Finansiering.
- Die instelling van praktiese skermvertalingskundigheid by die universiteit.
- Die toelatingsvereistes soos verlang by deelnemers.
- Die daarstelling van 'n aanvaarbare standaard vir onderskrifte in vertaling.

Hierdie is maar net enkele sake wat in die beplanning van die opleiding van onderskrifvertalers in ag geneem moet word. (Vgl. verder Roffe & Thorne, 1994: 254-259 en Gottlieb, 1994b:261-274)

STAP 5: Programseleksie

Die programseleksie het nie net te doen met die individuele programme, wat in elk geval reeds binne die strukture van die SABC-TV hanteer word, nie. Hier gaan dit veral oor die samestelling van 'n lys van programme of genres wat noodsaaklik is en deur kykers verkies word ten einde 'n prioriteitslys saam te stel van watter programme onderskrifte moet kry. 'n Voorbeeld van so 'n lys kom uit die navorsing van Kruger *et al.* (2000) waar die programvoorkeure van kykers as deel van vraelyste omtrent onderskrifte getoets is. In die navorsing is onderskei tussen kykpatrone en behoeftes en daarvolgens is kykbehoefte soos volg: nuus, dramas, geselsprogramme, sport, rolprente, situasie komedies, opvoedkundige programme, sepies, dokumentêre programme en speletjiesprogramme.

STAP 6: Onderskrifvertaling

Hierdie stap gaan oor die fisiese onderskrifvertalingsproses en dit behels die vertaling, kondensering en kodering van onderskrifte deur skermvertalers. Vir hierdie doel kan 'n onderskriftesentrum opgerig word, soortgelyk aan die *Australian Caption Centre*⁹⁹. Dit moet

